


Reformasie



Jan Oosthuizen

INHOUDSOPGAWE

1. INHOUDSOPGAWE	3
2. 'N OPROEP TOT REFORMASIE!	4
3. DIE WESE VAN REFORMASIE	14
4. DIE INNERLIKE KONFIGURASIE VAN DIE APOSTOLIESE REFORMASIE.	17
5. 'N GESKIEDENIS VAN MOEILIKHEIDMAKERS	23
6. SKRIFUITLEG EN SKRIFINTERPRETASIE	29
7. KERK OF NIE KERK?	32
8. KOM TERUG HUIS TOE!	37
9. DIE BEDIENING VAN DIE APOSTEL VANDAG!	42
10. 'N APOSTOLIESE MENTALITEIT	48

'N OPROEP TOT REFORMASIE!

Die kerk van die Reformasie moet voortdurend reformeer. Die leuse van die Reformasie was immers "Ekklesia Reformans semper Reformata". Verandering is konstant. Alles in die wêreld bly voortdurend verander en aanpas by die omgewing en natuur. Ons modes bly konstant verander, ons huise, ons motors, ons beroep en werksplek ons lewenstyl; behalwe die kerk... Die kerk moet in sekere opsigte nie verander nie, want in 'n sekere sin is dit presies wat die kerk die wêreld aanbied, stabiliteit en sekerheid in 'n onstabiele en onseker wêreld. Mense wil nie eintlik hê die kerk moet verander nie, want die feit dat dit altyd dieselfde is bied sekuriteit. Langenhoven het altyd gesê in terme van leerstellings moet die kerk soos 'n rots wees, maar in terme van gebruike en handeling moet die kerk soos 'n rivier wees. In sommige gevalle kan mens nie die Leer van Gebruike skei nie want die twee hou verband.

Maar bo alles moet die kerk relevant bly. Die mense wat die kerk bedien verander, het nuwe perspektiewe en waardes, staan voor moeilike en ingewikkelde besluite en het antwoorde en leiding nodig. Die mense se musiek smaak is anders, hulle smake van dekor en wat mooi is het verander. Die kerk moet hierdie dinge aanspreek om relevant te bly. Maar die kerk moet nie net verander te wille van verandering nie, die uiteinde is 'n kerk wat op speel na mense se smake en voorkeure en nie meer die spreekbuis van die Wil en Stem van God is nie. Verandering in die kerk moet dus nie deur mense geïnisieer word nie, maar deur God! So baie van die dinge wat ons doen in die kerk is geïnspireer deur 'n mens en het oor tyd oorleweringe en tradisies geword. Maar hoekom doen ons dit so? En wie sê ons moet dit so doen? Reformasie is om te verander en aan te pas na die voorskrifte van die Woord en wil van God. Die hart en dryfveer agter die reformasie is die Heilige Gees wat ons deur die Woord bly herinner aan die rede en motief van God se hart. *En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.* (Matteus 16:18) Jesus is die hoeksteen en bouer van die Kerk, as ons Hom net wil toelaat om dit te doen! Hy het sekere voorskrifte vir hoe die kerk moet lyk, Hy is die bloudruk vir die Kerk, so dikwels sit ons vensters en mure op plekke in die gebou, wat nie volgens die bloudruk is nie, en later weer afgebreek moet word. Oor tyd sien ons dat God dan individue roep en in hulle harte werk om dinge te doen volgens die bloudruk. Hy laat hulle iets sien van die ware plan van God vir kerk en in hulle soeke bring hulle verandering en reformasie in die kerk. Onder hulle leiding het daar verskillende bewegings en oplewings in die kerk gekom wat ons nader gebring het aan God se bepaalde bloudruk. Die probleem is dat in vele gevalle die tweede en derde generasie nie die sentimente van hulle stigters en voorlopers verstaan en voortsit nie. Hulle raak te besig met die dinge van God en val uit verhouding met die Kern en Bron; God self. *As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou...* (Psalms 127:1)

Terug na die Kern

Bruce Wilkerson van 'Walk through the Bible' faam het 'n reeks wat hy noem "the three chairs principle". Hy begin deur te verduidelik dat daar drie stoele is waarop drie persone vanuit verskillende generasies sit. 1ste, 2de, en die 3de generasie. In die 1ste stoel sit Dawid, hy het 'n hart vir God gehad, en word God se vriend genoem, hy het 'n persoonlike ervaring en eerstehandse belewenis van God. Op die 2de stoel sit Salomo, hy het 'n halwe hart vir God gehad, hy sien die werke van God, en wil die Here dien, maar kompromieer en het nie dieselfde toewyding en lojaliteit van sy vader nie. Op die 3de stoel sit Rehabeam, hy het geen hart vir God nie, hy rebelleer teen die voorskrifte van sy vaders en volg sy eie kop. Nog 'n goeie voorbeeld is Josua, die oudstes en die verlore generasie Israëliete na hulle.

"Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal die HERE dien. (Josua 24:15) Josua is nie bang om 'n openbare standpunt in te neem en op te staan vir wat hy glo nie.

En Israel het die Here gedien al die dae van Josua en al die dae van die oudstes wat lank ná Josua nog in die lewe was en met al die werke van die Here bekend was wat Hy vir Israel gedoen het. (Josua 24:31) Selfs die 2de generasie het die Here nog gedien want hulle was nog bekend met die dinge van die Here.

En die volk het die Here gedien al die dae van Josua en al die dae van die oudstes wat ná Josua nog in die lewe was, en al die groot werke van die Here gesien het wat Hy vir Israel gedoen het. (Rigters 2:7) En toe ook daardie hele geslag by hulle vaders versamel is, staan daar 'n ander geslag ná hulle op wat die Here en ook die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie. (Rigters 2:10) Die derde generasie het egter heeltemal afvallig geword en wegbeweeg van die eerste sentimente van hulle Vaders.

Dit hoef nie die reël te wees nie, want daar is vandag vele bewyse van 3de en selfs 4de generasie predikers wat nog die werk van hulle voorouers voortsit met dieselfde toewyding en oortuigings. Sekerlik kan daar nou in diepte gekyk word na hoekom dit vir die een werk en die ander nie. Kortom, die 2de generasie het dikwels nie meer 'n eerste-handse ervaring en waarheidsoomblik met die Bron nie. Hulle sien net en hoor die werke van God sonder om met God self gekonfronteer te word. Ons weet mos dat dit nie moeilik is, om met die dinge van God besig te raak, en God self heeltemal uit die prentjie te verloor nie. So 'n persoon was Paulus. 'n toegewyde Fariseër wat met geesdrif en oortuiging die wat van die weg was laat veroordeel het. Hy het immers gedink hy doen dit vir die Here! Totdat hy 'n persoonlike ontmoeting met Jesus het op die pad na Damaskus. (Handelinge 9:1-9)

Paulus moet egter dikwels sy eie dissipels en volgelingen ook vermaan... *“Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. (2 Korintiërs 11:3) o, ONVERSTANDIGE Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie, julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig? (Galasiërs 3:1) omdat hulle van die oorspronklike weg begin afdwaal het.*

So vermaan hy vir Timoteus *“Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is.” (2 Timoteus 1:13) Ons moet dus bly reformeer om op die weg van waarheid te bly. Waarheid weet ons is nie 'n leer of dogma nie, maar 'n persoon, Sy naam is Jesus, die Christus, Seun van die Lewende God.*

Paulus vermaan die gemeente in Korinte; *“want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.” (1 Korintiërs 2:2) Dit blyk my dat die oomblik as ons hierdie fokus verloor ons ook die pad byster raak en verval in allerhande gebruike van godsdienstigheid en die krag van die evangelie misken. (2 Tim 3:5) Ons is die enigste Godsdienst te wêreld wat glo dat jy niks kan doen as mens om God te behaag of te vrede te stel nie. Nog minder kan jy doen om gered te word. Christus het namens ons aan al die voorskrifte voldoen sodat ons deur Sy genade gered kan word, ons moet dit net aanvaar en vir onself toe-eien. Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6) Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe. (Johannes 8:24) Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus (1 Timoteus 2:5) Ons kan nie onself verander nie kan ons? Dis tog net die Skepper wat die skepsel kan verander. As ons onself kon verander, hoekom het ons dan 'n verlosser of redder nodig? Nee, Hy verander ons deur die werk wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het. Hy is die krag van die evangelie. (Rom 1:16)*

Reformasie is nodig om seker te maak dat ons by dié Waarheid bly. Die Griekse woord vir reformasie is “diorthosis” wat beteken om, reguit te maak, te herstel of 'n regstelling te maak. Die woord kom egter net in Heb 9:10 voor waar na Jesus verwys word as die een wat die verordeninge en regulasies van die ou verbond kom regstel het. Dis immers een van Sy primêre temas. Die volgende frase word telkens in Sy prediking herhaal. “julle het gehoor dat daar gesê word ... maar vandag sê Ek vir julle ...” Jesus is dus ons voorbeeld van hoe iemand reformeer en Hy self is ook die maatstaf waaraan alles getoets word en in lyn mee gebring word. Wanneer jy tog 'n reguit lyn probeer trek het jy 'n linaal nodig. Jesus is ons linaal! Die kerk moet dus aanhoudend reformeer om in lyn met Christus se lewe te kom. Maar dit is nie so maklik om die kerk en haar strukture en mensgemaakte maatstawe te verander en te korrigeer nie.

Migrasie binne die kerk weg van die oorspronklike sentimente van die kerkvaders.

Soos wat kerke ouer word, leer die geskiedenis onomwonde dat hulle algaande van hulle oorspronklike sentiment af wegbeweeg. Selfs die naam van kerke is 'n openbare aanklag van hoe ver hulle wegbeweeg het van die sentimente van die eerste kerkvaders.

Hoe ver verwyder is die Gereformeerde kerk van die sentimente van sy kerkvaders? Luther verklaar byvoorbeeld in 1715 "dat waar Christus is Hy altyd teen die stroom gaan." Hoeveel gereformeerde kerke is nog spreekwoordelik teen die stroom? Op 'n onlangse debat op TV met Freek Robinson op Fokus, ondervra hy verskeie teoloë oor die homoseksuele kwessie en die kerk. Drie van die teoloë verklaar egter onomwonde "dat ons nie die kerk van vandag met die kerk van die Bybel moet vergelyk nie." Watse getuïenis dra die kerk dan vandag? Watse stories word van dié lokale gemeente oorvertel? Dank God dat daar wel gemeentes en kerke is wat 'n getuïenis dra van lewe en goddelike karakter. Waar mense se stukkende lewens herstel word en mense gevoed word met die Ewige brood. Maar die teendeel is ook waar. In baie gevalle is die kerk bloot 'n institusie waar nostalgies vasgeklou word aan gister, maar die realiteite van die eerste ervaring met God lankal nie meer beoefen word nie. Willie Jonker skryf in sy boek "selfs die kerk kan verander" oor hoe hy besef het dat die NGK 'n volkskerk geword het. Die term 'volkskerk' is die eerste keer deur die teoloog Abraham Kuiper in die vorige eeu in Nederland gebruik toe hy die stryd aangesê het teen 'n tuglose massa-kerk, 'n organisasie waartoe mense kragtens tradisie behoort, sonder dat hulle werklik verstaan waaroor dit in die kerk gaan. Jonker het dikwels saam met 'n aantal teoloë en vriende bymekaar gekom om hierdie kwessies in die NGK geledere aan te spreek. Van die kwessies in die begin was die lewende gemeenskap van gelowiges, funksionering van die ampte, en die noodsaaklikheid van kerklike tug.¹ Willie se soeke, soos ander, is dat die kerk sal terugkeer na die waarheid en oorsprong van die Gereformeerde kerk.

Ongeveer 100 jaar na die Reformasie van Luther in Duitsland, het die Lutherse Kerke begin om geestelik te verkoel. 'n Lutherse pastoor, Philip Jakob Spener, het met nuwe ywer en geesdrif begin om mense tot heiligmaking op te roep, hieruit het die Piëtisme beweging ontstaan. Die Piëtiste het groter klem gelê op die gewone geestelike nood van mense as op teologie en kennis. Hulle het geglo dat godsdiens iets is wat diep binne in 'n persoon gevoel moet word. Hierdie vernuwing het goeie gevolge gehad soos die sendingwerk onder die armes en die Sondagskoolbeweging en die gebruik van huiskerke binne die groter kerk. Verder het hulle ook prysenswaardige hoë morele waardes voorgestaan.² Tog vandag het hierdie beweging 'n dooie institusie geword, wettisme, en metodiese gebruike het grootliks die werk van die Heilige Gees in die hart vervang.

Nog 'n goeie voorbeeld is Wesley. In sy later lewe het Wesley sy kommer uitgespreek teen die Metodiste se verlore passie vir siele, dat hulle nie meer die 5 uur biduur in die oggend bywoon nie, en dat hulle nie meer dieselfde opofferings maak vir die evangelie soos voorheen nie. Die rede volgens hom was die feit dat baie van die eertydse boemelaars, alkoholiste en armes tot bekering gekom het en intussen verander het en ryk mense geword het. Deur die Christelike leer en gewoontes het almal werk gekry en gou opgang gemaak vir hulleself. Hy het meer oor finansies en die skade van rykdom gepreek in die laaste drie jaar van sy bediening as in die 50 jaar voor dit.³ Volgens hom het die Metodiste hulle eerste liefde verloor! Hierdie is 'n sprekende voorbeeld van 'n kerk wat oor tyd stadig wegbeweeg het van die oorspronklike mandaat wat God aan die leiers gegee het.

Daarom moet die kerk voortdurend hervorm en reformeer.

Volgens Joseph Coetzee beteken Reformasie nie om nuwe dinge te ontdek nie, maar om ou dinge te herontdek. Die beginsel van Sola Scriptura (die woord alleen) is die manier waarop die kerk gereinig en

¹ "Selfs die kerk kan verander" Willie Jonker Hoofstuk 2, volkskerk. 1998, Tafelberg.

² Christian History : Pietism. 1986; Published in electronic form by Logos Research Systems, 1996 (electronic ed.). Carol Stream IL: Christianity Today.

³ Christian History : Russian Christianity. 1988; Published in electronic form by Logos Research Systems, 1996 (electronic ed.). Carol Stream IL: Christianity Today.

hervorm word. Ons moet egter nie die verlede idealiseer nie. Die reiniging en die hervorming was onvolledig! Wanneer ons getrou aan die skrif wil bly moet ons bereid wees om voortdurend te verander.⁴

Die Kerk verander moeilik

Luther het soos menigte geestelike leier voor of na hom die frustrasie beleef van die kerk van sy tyd wat so ver verwyder was van die kerk van die Nuwe Testament. Daarom die klem op voortdurende reformasie. Luther se 95 stellings was 'n openbare aanklag teen godsdienstige gebruike beoefen deur kerkleiers van sy tyd. Al wat hy wou weet is; "Hoe Bybels verantwoordbaar is hierdie gebruike, en as dit nie is nie hoekom doen die breë kerk en dan veral die Pous dan niks omtrent dit nie?" Hy wou nie teen die kerk rebelleer nie, maar bloot die kerk uitdaag tot openbare debat, en die validiteit van sekere gebruike bespreek.⁵

Luther het nie die impak besef wat daardie 95 stellings op die kerk sou hê nie, verskeie oorloë en bloedvergieting is sedertdien verduur want die Kerk verander moeilik en stadig. Maar uiteindelik op 31 Oktober 1999 het die Katolieke en Lutherane kerkleiers 'n Katolieke/Lutherane verdrag onderteken te Ausberg 482 jaar later. In hierdie verdrag word daar ooreengekom dat albei kante basies dieselfde sê naamlik dat redding alleenlik deur Christus moontlik is en geensins deur die pogings van 'n mens nie. Nógans is werke belangrik ten opsigte van die uitvoering van ons geloof. Dus is beide geloof en werke belangrik!⁶

Maar die kerk het blykbaar te vinnig verander selfs vir die hervormers want in 1525, sewe jaar na Luther se stellings te Wittenberg word die eerste volwasse persoon gedoop deur onderdompeling in Zürich. In die gees van reformasie, begin sommige die kinderdoop te bevraagteken, en weier dat hulle kinders gedoop word. Die begin van die Anabaptiste of wederdopers beweging. Luther en sy volgelinge het die wederdopers sterk teengestaan en selfs fisiese geweld en publieke teregstelling onderskryf.⁷

'n Derde en baie diep skeuring in die kerk het gevolg weereens omdat die kerk sukkel om te verander, asook sukkel om God se agente van verandering te aanvaar. In 2004, 500 jaar na die geboorte van Heinrich Bullinger, een van die Anabaptiste se martelare wat verdrink is in Zurich se Limnat Rivier in 1527, vra die Lutherane en Katolieke Kerkleiers vergifnis vir die misdrywe teen hierdie gelowiges wat vir jare as 'n sekte beskou is.⁸

So kan ek voorbeeld op voorbeeld noem, van hoe die kerk moeilik verander en hoe lank dit die kerk vat om te verander. God is die agent van verandering en reformasie. Dis immers God se werk om ons blaamloos te stel vir die koms van Sy Seun. (1 Tes 5:23-24) God self is die inisieerder van reformasie en verandering. So het Christus immers sy aardse bediening begin met "Bekeer julle (verander) want die koninkryk van God het naby julle gekom!" (Mat 4:17) Jesus self is ons groot reformeerder en voorbeeld. Was sy lewe en woorde nie juis in stryd met die Fariseërs, Skrifgeleerdes en die Sadduseërs die godsdiensteleiers van Sy tyd nie? Dis immers hulle wat gesorg het dat Jesus gekruisig is! (Mat 27:20)

Deur die eeue kan vele kerkleiers getuig van die vervolging en openbare teistering wat hulle al moes verduur om die kerk te probeer verander. Die feit is dat mense ervaar reëls en regulasies wat onveranderd bly as veilig en gemaklik, hulle weet presies wat van hulle verwag word, hulle kan ook nie onverhoeds uitgevang word nie want hulle weet ook presies wat om te verwag. Maar die realiteit is verandering is absoluut en konstant. Dis die een ding waarvan ons kan seker wees, is dat alles altyd verander. Ons liggame verander, ons werk en lewe verander, ons huise en karre verander. Verandering is lewe! Net dooie goed kan nie meer verander nie.

⁴ Is jy 'n stiekind van die morene kerk? Josef Coetzee, 1990, Uitgegee deur Woordverspreiding, Posbus 28028, Sonlandpark, 1944.

⁵Christian History : Martin Luther, early years. 1992; Published in electronic form by Logos Research Systems, 1996. Carol Stream IL: Christianity Today.

⁶ <http://www.wcr.ab.ca/news/2000/0131/catholiclutheran013100.shtml>

⁷Christian History : Martin Luther, later years. 1993; Published in electronic form by Logos Research Systems, 1996 (electronic ed.). Carol Stream IL: Christianity Today.

⁸ <http://www.baptiststandard.com/postnuke/index.php?module=htmlpages&func=display&pid=1902>

Die Groot Skeiding in die Kerkewêreld

In veral gereformeerde kerke in Suid Afrika blyk daar 'n oproep van vele oorde te wees vir die kerk om terug te keer na die gees van reformatie en as sulks 'n terugkeer na die Woord. 'n Artikel met die opskrif 'n oproep vir reformatie' is deur die kerkraad van die NG gemeente in Eendekuil aan die sinode deurgegee. Voorbeelde van humanisme en sekularisme in die kerk word aangespreek, asook die tekort aan kerklike tug, veral aan teoloë wat dan sogenaamde onwaarhede verkondig. Wat egter interessant is, is die volgende stelling aan die einde van die berig.

"Die wyse waarop Pentakostalisme as "vernuwings-truuk" in die kerk ingespan word is problematies. Die kerkraad oordeel dat die Gereformeerde spiritualiteit onversoenbaar is met 'n Pentakostalistiese spiritualiteit."⁹

Hierdie frase kom verskeie kere voor in gereformeerde kringe en skrywes. Op die vraag; "Nou wat is "gereformeerde" nou eintlik?" in die kerkbode, het Willie Jonker die vraag as volg beantwoord: "Dit is 'n inkeer tot die Woord van God en aanbidding in die lig van die Woord. Dis 'n lees van die Woord met die insig van die Reformatie, 'n tradisie van spiritualiteit wat uit die tyd van die Reformatie dateer." In die volgende sin verklaar hy egter hoe bekommerd hy is oor die Charismatiese invloed wat in die Gereformeerde tradisie begin insypel.¹⁰

Alhoewel daar al 'n baie groter begrip en samewerking bestaan veral tussen die NGK. en die Apostoliese Geloof Sending blyk daar tog 'n wesenlike verskil te wees in die teologiese sienings van hierdie twee bewegings en dat daar moeilik versoen gaan word. Ons gaan later meer in detail na hierdie punt kyk. Maar Smith Wiggelsworth het aan die einde van sy lewe 'n profesie gebring oor die toekoms van die kerk wat veral ten opsigte van hierdie punt insiggewend is. Hy het gesê dat daar na sy dood 'n wêreldwye herlewing gaan uitbreek waarin groter wondertekens gesien sal word as self in sy tyd, (hy het 14 mense uit die dood uit opgewek!) Hierdie herlewing sal gekenmerk word deur gewone mense wat kragtige dade doen en getuig en leer van die grootheid van God. Die mees belangrikste kenmerk egter sal wees dat daar 'n perfekte balans gehandhaaf sal word tussen die klem op die Gees en die klem op die Woord.

Nou die dag weer was ons in gesprek met 'n predikant wat homself sterk uitdruk dat dit onmoontlik is om hierdie twee tradisies ooit te verenig. Die twee staan absolute teenoor mekaar omdat die skrifhantering en skrifbeskouing soveel verskil. Ek kyk ook later meer in detail na hierdie punt.

Die Apostoliese Reformatie Bied die Derde Opsie (Middelweg) aan.

Die apostoliese reformerende beweging bied egter 'n derde opsie deurdat hierdie twee waarhede saam die nuwe skrifbeskouing en kerkbeskouing van dié nuwe beweging is. Pawson het al in 1992 gesê dat die brug tussen die charismatiese en gereformeerde tesse nie in 'n middelweg of perfekte balans gevind gaan word nie maar eerder 'n hele nuwe perspektief bo hulle.¹¹

Dit is die Crux van die apostoliese reformatie. 'n Heeltemal nuwe uitkyk op die lewe, 'n geheel en ander wêreld beskouing vanuit 'n koninkryk en goddelike perspektief wat uiteindelik 'n perfekte balans tussen die klem op die Woord en die werking van die Gees vorm. Die klem op die Woord is veral deur die gereformeerde tradisie gehandhaaf maar verabsoluteer waar emosie en meeleving soms heeltemal uitgefaseer word. In Pinkster kringe en later die Charismatiese beweging val die klem weer te veel op 'n gevoel en ervaar godsdiens.

'n Oordrewe konsentrasie op die skrif kan lei tot goed gedefinieerde teologiese idees en leerstellige waarhede maar daar is 'n gebrek aan dinamiek en toepassing wat alleenlik kom van 'n direkte inspraak en ervaring met God. "n oorbeklemtoning van die ervaring met die Heilige Gees kan 'n lewende en sterk geloof

⁹ <http://www.kerkpad.co.za/argief/nov2000/art2.html>

¹⁰ www.kerkbode.co.za

¹¹ Fourth wave, D. Pawson, 1992, Hodder.

daar stel, maar 'n tekort aan akkuraatheid en rigting, 'n geloof gegrond op emosie en temperamente wat skielik kan verander.¹²

Beide die klem op die Woord en die Gees is nodig vir 'n gebalanseerde lewe.

Too much Word and you'll dry out, too much spirit and you'll blow up, put them together and you will grow up! Anoniem.

Die Pinkster gelowiges moet leer dat tale nie alles is nie en die Gereformeerde gelowiges moet leer dat tale nie niks is nie. Die Heilige Gees bewonderaars klub moet leer dat hoe meer spontaan en onbepland 'n diens is dit nie wat die diens noodwendig meer spiritueel maak nie. Die Skrif gebondenes moet leer dat 'n diens ordelik kan wees en Gees geïnspireerd sonder om elke ding neer te skryf en vooraf te beplan.¹³

In een van die Maksiman tydskrifte maak Hennie Stander, die redakteur, 'n paar omstrede opmerkings oor sy persoonlike gevoel teenoor die kerk, hoe hy lanklaas ware voedsel vir sy siel gekry het in 'n erediens, en dat as daar enige iets goed uit al die gesprekke met die nuwe reformatiste moes kom is dit dat dit dalk tyd is vir ware reformasie. Sy redaksionele brief is weer 'n maand later netso in die Pinksterboodskapper, die A.G.S kerk se amptelike kerkblad aangehaal. Hy het dus verseker 'n noot raakgeslaan en nie net in die gereformeerde tradisie nie.

Gemeentes in die NGK geledere wat wel vernuwe, beleef geweldige groei nie net in getalle nie maar in meelewing en goddelike karakter. Vernuwings is egter nie maklik nie en vra 'n prys, en almal is nie altyd bereid om die prys te betaal nie.

Die Antinomie in teologiese denke. Geheimnisse/verborgenhede/Misterie

J. I. Packer gebruik die volgende illustrasie om die antinomie van die soewereiniteit van God en die verantwoordelikheid van die mens te verduidelik. In die studie van lig, het wetenskaplikes ook met 'n antinomie te make. There is cogent evidence to show that light consists of waves, and equally cogent evidence to show that it consists of particles. It is not apparent how light can be both waves and particles, but the evidence is there, and so neither view can be ruled out in favor of the other. Neither, however, can be reduced to the other or explained in terms of the other; the two seemingly incompatible positions must be held together, and both must be treated as true. Such a necessity scandalizes our tidy minds, no doubt, but there is no help for it if we are to be loyal to the facts"¹⁴

Die meeste verantwoordelike teoloë meen dat die leer van die uitverkiesing teenoor die verantwoordelikheid van mens in die lig van 'n Bybelse antinomie gesien moet word. In teen deel die Woord doen dit ook. So 'n sprekende voorbeeld vind ons in (Hand 2:38-39) *En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.* Die Pinkster teoloë gebruik graag vers 38 terwyl gereformeerde teoloë aan vers 39 vasklou. Tog is die twee teksgedeeltes nie in kontras met mekaar nie. Die apostels was versigtig om ooit iets weg te neem van God se soewereine genade en plan van verlossing. Sonder Hom sal ons nooit salig word nie, maar aan die ander kant word daar dikwels 'n appèl op die mens geplaas om gehoorsaam te wees aan hierdie oproep. Waarom word hierdie appèl dan ooit gemaak as die mens niks moet doen nie? Vers 38 is in die imperatiewe vorm geskryf en vra gehoorsaamheid van die mens, terwyl vers 29 die wyse en belofte uit spel; met ander woorde die indikatief van God se hart en plan beskryf. Ons is gered wetende dat ons dit nie kon doen as Hy dit nie bewerk het deur Sy Gees en deur die werk van Sy Seun nie, maar ek moet op hierdie woord reageer in gehoorsaamheid.

¹² Bl 231 aangehaal uit John Pawson se boek "The Fourth wave" "A breath of fresh air" Mike Fearon, 1994, Eagle, Inter Publishing Services, Ltd, 59 Woodbridge Road Guildford, Surrey.

¹³ Pg 232 "A breath of fresh air" Mike Fearon, 1994, Eagle, Inter Publishing Services, Ltd, 59 Woodbridge Road Guildford, Surrey.

¹⁴ (J. I. Packer, Evangelism and the Sovereignty of God [Downers Grove, Ill.: Inter-Varsity, 1961] p. 19).¹⁴

In Paulus se briewe aan die Gemeentes in Kolosse en Efese word twee wisseltermes gebruik in die een brief sê hy 'word met die Gees vervul' (Efesiërs 5:18) en in die ander sê hy 'laat die woord ryklik in julle woon' (Kolossense 3:16). Sommige teoloë gebruik hierdie verskynsel om te sê dat wanneer jy die Woord hoor dan word jy vervul met die Gees. Iemand wat egter al die realiteit van die werkinge van die Gees ervaar het sal vir jou baie duidelik uitwys dat hierdie ervaringe nie Bybelstudie was nie en ook nie tydens prediking nie! Dit wys weer op die apostoliese balans wat aan die twee begrippe gegee moet word naamlik om vol te wees aan die eenkant van die Gees maar ook om vol te wees van die Woord. Wanneer Gees en Woord een word kom daar iets voort, so het die mens immers 'n nuwe skepsel in Christus geword. (Joh 3:5; 1 Pet 1:23; 2 Kor 5:17)

Volgens Watchman Nee is daar twee fundamentele beginsels in die Woord. Naamlik die Heilige Gees en Jesus Christus. Die Heilige Gees bring die subjektiewe perspektief en help ons om dit wat ons glo te ervaar en te beleef. Die Jesus Christus perspektief is objektief en leer ons wat ons moet glo en hoe.¹⁵

Aan die begin van Thomas Aquinas se "Summa Theologiae" verklaar hy dat vanuit die perspektief van teologie alles vanuit God se standpunt gesien word. Daar is egter volgens hom 'n verkil tussen Filosofie en Teologie, die een gebaseer op rede en die ander op openbaring. Hy benadruk dat hierdie twee nie lynreg teenoor mekaar staan nie, beide is fonteine van kennis en van God afkomstig. Thomas wat 'n groot aanhanger van Aristoteles was, verklaar dat rede gebaseer is op sintuiglike informasie terwyl openbaring verder gaan. Terwyl die rede ons kan oortuig om in God te glo het jy openbaring nodig om God werklik te ken.¹⁶

Linker Brein	Regter Brein
Logiese	Emosie
Opvolgende	Intuïtief
Rasioneel	Holisties
Analities	Samevoeging
Objektief	Subjektief
Sien dele of aspekte	Sien Geheelbeeld

Ons brein is dan geskep met hierdie twee belangrike sfere. Die linker en die regte brein. Wetenskaplikes is dit nou eens dat die Regter brein verantwoordelik is vir die mistieke, onderbewussyn, kunssinnige kreatiewe kant van die mens, terwyl die Linker kant verantwoordelik is vir rasonele, wiskundige funksies. Vir lank in die Westerse wêreld is die klem net op die rede en die rasonele gelê terwyl daar 'n groot tekort bestaan in die begrip van die ander kant van ons menswees.

Sielkundiges en opvoeders is dit eens dat sekere mense 'n voorkeur of na die Linker brein of die

Regte brein het. Dit beteken dat eensydige onderrig sterk onder die soeklig kom om ook ruimte te maak vir andersdenkendes. Die Gereformeerde Kerke en Evangeliese Kerke lê veral klem op die Linkerbrein funksies terwyl die Pinkster en Charismatiese Kerke weer veral klem lê op die Regter brein funksies. Ons moet nou egter by die punt kom dat ons besef dat die ander is nie verkeerd nie, God het ons met beide hierdie fakulteite geskape!

C.S. Lewis gee ook hierdie perspektief, wanneer hy in die hoofstuk oor "The light in the shed" verduidelik dat daar 'n houthut in die veld was. Wanneer jy in die hut staan, skyn die son deur 'n gleuf in die dak die hut binne. Daar is twee perspektiewe op hierdie lig. Die een wanneer jy bloot na die lig kyk en sien hoe die stofdeeltjies liggies beweeg in die sonstraal wat in die hut inskyn. Of jy kan in die straal se pad gaan staan en reguit na die son kyk, en die hitte van die son op jou liggaam voel, en verblind word deur die krag van die Son. Hierdie twee sienings is al twee legitiem en die een behoort nie bo die ander verhef te word nie. 'n Pediatr kan tog nie meer belangrik wees as die Ma en haar ervaring van die geboorte nie. Die een kan egter

¹⁵ "The orthodoxy of the church" Watchman Nee

¹⁶ Christian History : 100 Most important events in church history. 1990; Published in electronic form by Logos Research Systems, 1996 (electronic ed.). Carol Stream IL: Christianity Today.

nie sonder die ander nie. Die pediater leer van die vrou en maak studies en analises om die vrou en baba uiteindelik in die geboorte proses te help.

Die Christendom se worsteling met hierdie goeie en slegte eienskappe van die mens het gelei tot 'n dualistiese godsdiens van goeie werke en 'n verwerping van alle boosheid. In ons stryd teen boosheid en die werke van die vlees het ons egter verstrengel geraak met self en sodoende 'n groot deel van ons menswees probeer onderdruk en selfs probeer doodmaak!

Ek glo met my hele hart dat die apostoliese reformasie juis hierdie nuwe sintese en uitkyk versinnebeeld en sal ons deur die gang van hierdie boek hierdie punt bewys deur te kyk na wat die apostoliese reformasie is en wat hulle glo.

'n Definisie van Reformasie

Ons moet egter Reformasie omskryf en definieer omdat dit vir soveel mense verskillende betekenis en sentimente het.

In sy boek "The Reformation" skryf Patrick Collinson dat die Reformasie van die 16de eeu gesien moet word as een van die mees belangrikste insidente van die geskiedenis. Geen ander kultuur het al ooit so 'n radikale transformasie beleef wat nie net 'n impak op die kerk gehad het nie maar politiek, industrie, ekonomie en feitlik elke sektor in die samelewing.¹⁷

'n Sentrale gedagte rondom reformasie is egter dat dit by 'n individu begin, wie se persoonlike wêreld so geskud en aangeraak word deur 'n Hoër hand dat die persoon nooit weer dieselfde kan wees nie. Abram, Moses, Paulus Augustinus, Loyola, Aquinas, Luther en Wesley almal getuig van 'n moment in hulle lewe waar hulle lewe ingrypend verander en aangeraak is nadat hulle 'n unieke persoonlike eerstepandse ervaring met die Here gehad het. Volgens Collinson is dit die werklike begin van reformasie, soos wanneer 'n klippe in die water gegooi word en die rimpeling effek wyer en wyer uitkring.

Reformasie het egter nie by Luther begin nie en hy was immers ook nie die eerste reformatis nie. Daar was verskeie individue wat voor Hom alreeds die verkeerd in die kerk begin aanspreek het. So ook in die Bybel lees ons van die hervormings van vele leiers wat op soortgelyke wyse deur die Here aangeraak is en bemagtig is om verandering aan te kondig. So 'n voorbeeld is Koning Josiah, wat as jong seun van agt jaar nie die weë van sy eie Pa gevolg het nie, maar eerder homself vereenselwig het met Dawid en hom sy Vader noem. (2 Kronieke 34) Hy vernietig die altare van die valse gode en rig mense weer om God te dien soos hulle voorvaders. Hy ontdek die skrif en die wet, wat voorgelees word aan die mense, waarop onder ander die pasga en lofprysing herstel word.

Reformasie is dus 'n terug keer na die Woord van God as die maatstaf en bron van alle beweegrede en aktiwiteit vir ons as gelowiges. Volgens Dr. Andre Pelser is reformasie; om te reformeer na die beeld van die Seun van God, Jesus Christus.¹⁸ Om tot die volle kennis en gestalte van Christus te kom en te verander na Sy beeld is die doel wat God het vir elke mens. (Rom 8:28b-29)

Dit is ook die kern en doel van apostoliese aktiwiteite en bediening. *"My kinders, vir wie ek weer in barensgedinge is totdat Christus in julle 'n gestalte verkry."* (Gal 4:19) *Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel.* (Kol 1:28) *Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel.* (2 Kor 11:2) *want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.* (1 Kor 2:2) *Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,* (Efe 3:8) *Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie.* (2 Pet 1:8) *totdat ons almal*

¹⁷ "The Reformation" Patrick Collinson, 2003, Weidenfeld & Nicolson, London.

¹⁸ "God's Genius" Dr. André Pelser, 2003, Pelsersmedia, P.O.Box 276, Milnerfontein, 7435.

kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus (Efe 4:13)

Die Nuwe Apostoliese Reformasie op die globale arena.

In die internasionale arena is daar ook krete vir Reformasie. Peter Wagner 'n vooraanstaande kerkwetenskaplike vir meer as dertig jaar en professor aan die Fuller institute of Churchgrowth. Hy het al vele boeke oor die jare die lig laat sien om kerkgroei tendense te beskryf en te verklaar. In Sy onlangse boek *New Apostolic Churches* beskryf hy 'n kerkgroei fenomeen volgens hom soos nog nooit vantevore nie. Nie nog 'n herlewing iewers op die aarde nie, maar 'n reformasie wêreldwyd sonder dat iemand dit hoegenaamd bestuur of lei. Buitematige groei word regoor die wêreld in alle kerke en denominasies, in sowel die Pinkster/Charismatiese tradisie as die Gereformeerde tradisies ervaar. Hy beskryf onder andere tien elemente en karakter trekke wat by al hierdie kerke voorkom.

1. 'n Nuwe naam

In 'n soeke vir 'n naam om hierdie nuwe reformasie te beskryf het hy op die naam "New Apostolic Reformation" gekom. Let wel dat vele kerke nie hierdie konnektasie of naam erken of gebruik nie maar dat die selfde tendense wel by vele kerke plaasvind. 'n Algemene tendens by baie groeiende gemeentes binne seker denominasies is die gebruik van 'n unieke en eiesoortige naam wat pas by die spesifieke gemeente se identiteit en visie.

2. Nuwe Leierskap struktuur.

'n Transisie word gemaak van burokratiese outoriteit tot persoonlike outoriteit, van 'n wettiese struktuur tot 'n struktuur waar verhoudings meer belangrik is, van beheer tot bemagtiging en koördinerend. In die ou kerkstelsels is kerkrade en komitees vertrou, nou word die geestelike leiers vertrou vir wie en wat hulle is.

3. Nuwe leierskap model

Alhoewel leierskap in hierdie kerke belangrik is, word daar 'n hoe prioriteit geplaas op die bemagtiging en mobilisering van die lidmaat. Die leierskap styl is die van 'n dienskneg wat mense wil help en afrig in hulle geestelike wandel. Leiers word ook gedurig geïdentifiseer, opgelei en gemobiliseer binne in die gemeente verband.

4. Nuwe bedienings fokus

Klem word gelê op visie en doelgedrewe aktiwiteite en programme. Die gebruik en publikasie van 'n persoonlike gemeente visie het in die laaste 10 jaar baie belangrik geraak. Elke gemeente formuleer op welke wyse so 'n visie wat onder die lidmate gepropageer en nagestreef word.

5. Nuwe aanbidding styl

'n Kontemporêre musiek styl en lofprysing het self die mees tradisionele kerktradisies binnegetree. Lofprysing maak 'n groter deel op van die erediens, transparante vervang liedboeke, veelvoudige instrumente die kerkorrel, ekspressie en meelewing in aanbidding vind voorkeur en voorsangers met 'n musiek leier is die norm.

6. Nuwe vorme van gebed.

'n Baie groter klem word op gebed geplaas, nie net in die erediens nie, maar gebedsgroepe, geestelike oorlogvoering en interessie word die kern van die gemeente se aktiwiteite.

7. Nuwe uitkyk op finansies

Mense word geleer om te gee, en weet waarvoor hulle gee. Daar is in die algemeen meer finansies beskikbaar as in die meeste tradisionele kerke omdat daar ook meer projekte, sendingaksies, gemeenskapsontwikkeling deur die gemeente self gedoen word.

8. New fokus op uitreiking

Aggressiewe uitreiking na die verlore nes en die in nood is deel van die Apostoliese DNA. Kerkplanting word aanvaar as wat 'n apostoliese gemeente doen wêreldwyd. Selfs in die Anglikaanse kerke word daar opnuut na die kerkplant model gekyk om groei en verandering binne 'n gegewe kerk te bevorder in stede daarvan om 'n ou gemeente te probeer verander.

9. Nuwe Orientasie

Die meerderheid van die Nuwe Apostoliese gemeentes glo in die werk van die Heilige Gees, Maar wil ook sien dat Hy leiding neem nie net in die Erediens nie maar in alle gemeentelike aktiwiteite. Hierdie gemeentes is dus gewoon aan die bonatuurlike werking van sy krag en die manifestasies wat daarmee gepaard gaan. So is genesing en die hande op siekes lê, profesie en die gawes van die Gees, bevryding, geestelike kartering, ernstige en emosionele interessie algemeen.

Peter Wagner het grootgeword binne 'n tradisionele kerk en vir lank ook in dié kerk bedien en gewerk alvorens hy in aanraking gekom het met ander soekendes wat meer wou hê.

Daar is ook al verskeie kritiek gelewer teen Wagner en die met wie hy homself assosieer, maar wat egter nie ontken kan word nie is die vrug en bediening van kerke regoor die Wêreld wat wel reformeer!

DIE WESE VAN REFORMASIE

Luther en ander wat die reformasie begin het, het nie net bloot idees op die tafel gesit nie, die reformasie van die 16de eeu het nie sy ontstaan gehad in die lesingkamer of op Wittenberg se deur nie. Dit was eers nadat Luther 'n persoonlike verdieping of ontmoetings ervaring met God gehad het dat hy die oortuiging gehad het om die 95 tesse te skryf en teen Wittenberg se deur te gaan vasspyker.

Ware reformasie begin dus by Hom. Hy is die een maatstaf vir ons lewe. Ons is geskape tot hierdie doel en dit is om soos Hy te wees. *Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders* (Romeine 8:29) *Hy is die presiese beeld en openbaring van God. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruk van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,* (Hebreërs 1:3)

Ons kan God nie sien nie, maar Sy Woord het vlees geword en onder ons kom woon om vir ons die pad aan te dui na God se hart. Dit is dan ook die Vader se begeerte dat ons netso een sal wees met Hom as wat hulle Vader Seun en Heilige Gees een is. *dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.* (Johannes 17:21) Ons moet uiteindelik ook so een wees met mekaar. Dit beteken dat ons nie langer teen mekaar sal werk nie, maar een van gedagte, hart en optrede sal wees. Soos die kerk in handeling, word daar tekens verwys na die merkwaardige eenheid wat tussen die vroeër gelowiges geheers het. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die openbaarmaking van God deur Sy Gees aan individue regoor die wêreld, wat met God 'n ontmoeting gehad het. As dieselfde Gees dan in ons woon hoe kan daar dan verskille wees? En as 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie (Mark 3:24)

Onlangs by 'n predikante byeenkoms toe die vraag gevra word hoekom daar so min eenheid en samewerking tussen kerke is, het een pastoor die volgende geantwoord; "dis omdat daar so baie ongelowiges in kerke en in leierskap strukture van kerke sit." Iemand wat met God 'n ontmoeting gehad het, vir wie die Here 'n werklikheid geword het doen dinge net anders. Ons vind dat gelowiges wat 'n ware verhouding met die Here het en wie se geestelike oë geopen is, alreeds een is, en sommer gou aanklank met mekaar vind oor kerkgrense heen. Dieselfde Gees woon dan in ons almal en ons behoort dus as ons van dieselfde gees deurdrenk is een van harte te wees. Die sakralistiese kerkbeskouing wat veral deur die gereformeerde kerke uitgevoer word het tot 'n groot mate bygedra tot die groot hoeveelhede mense op kerkregisters wat nie belydende gelowiges is nie. In Josef Coetzee se boek, die 'die stiefkinders van die moderne kerk' argumenteer hierdie stelling uitstekend en is verseker die lees werd.

Die vyandskap tussen die natuurlike mens en die gees mens.

Dit is belangrik om op hierdie punt uit te wys dat die grootste agent van verdeeldheid in die kerk die 'natuurlike' mens is. Daarom het Jesus, Petrus bestraf dat hy die gedagtes van 'n mens handhaaf en nie die van God nie. (Mat 16:23) Hierdie vyandskap was nog altyd in die kerk, tussen die wat veg vir die regte van die mens en die wat self gekruisig het en in gehoorsaamheid van Sy Gees lewe. *"Want hulle wat hulle laat lei deur die Gees is kinders van God."* (Rom 8:14) *Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.* (Mat 7:21)

Ek het in my bediening oor die laaste 20 jaar al honderde kere gehoor hoe persone wat in die kerk groot geword het, gereeld kerk toe gegaan het, selfs op kerkrade gedien het vertel hoe die Here op 'n spesifieke dag net 'n werklikheid vir hulle persoonlik geword het. Hoe is dit dan, dat daar mense in ons geledere is wat God nie ken nie? Hulle het al van Hom gehoor hulle praat selfs van Hom, maar hulle het Hom nog nooit eerstehands beleef en ervaar nie. Hierdie godsdienstige mens doen die regte goed, praat die regte goed maar is nie in Sy Gees gekonnekteer met God nie. Dis wat Jesus vir Nikodemus wou verduidelik wie tog uit die aard van sy beroep, 'n godvresende en toegewyde persoon was. *EN daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode.* (Joh 3:1) Tog sê Jesus duidelik "Voorwaar, voorwaar Ek

sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie." (Joh 3:5) Wat beteken dit om in water en gees gebore te wees? Kom ons laat die woord die woord verklaar. *nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees.* (Titus 3:5) Water dui duidelik op wedergeboorte waarvan doop 'n fisiese teken is en die vervulling of doop van die Heilige Gees. (Mat 3:11) Die meeste Bybel verklaarders maak ook die afleiding. Wedergeboorte vind plaas deur die saad van die woord wat ontkiem en Sy lewe en karakter in ons openbaar. (1 Pet 1:23) Hierdie is nie noodwendig twee gebeurtenisse nie. Maar verduidelik bloot die komponente van die proses van wedergeboorte.

Die punt is egter dat hierdie twee persone lynreg teenoor mekaar staan, en dat die een in vyandskap staan met die ander. Paulus verduidelik dit mooi in (Gal 4:21-29) *Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie? Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar - dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal. Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het. Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte. maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook. maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook.*

Weereens in 1 Kor 2:1-16 gee Paulus 'n lang verduidelik oor die onderskeid tussen die gees mens en die natuurlike mens. *Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.* (1 Kor 2:14) Die grondbeginsel is wedergeboorte en die vrug is baie duidelik verskillend. Jesus maak dit tog mos ook duidelik dat 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie en andersom. Die boom se natuur bepaal die vrug. So bepaal ons nuwe natuur in Christus die ware vrug in ons lewe. Jy kan dit probeer naboots maar dit hou nie lank nie. Wanneer dit dus oor eenheid gaan, vind ek dat gelowiges oor die hele kerkspektrum nie 'n probleem het met eenheid en eenwees nie indien ons vanuit hierdie selfde vertrekpunt kyk.

Een van die leraars in ons gemeente merk nou die dag op. "As jy God aanbid en nie Sy stem hoor nie, is dit so goed jy aanbid Baal of een of ander dooie god." Dank God Hy leef en wil graag met ons praat, nie net deur die predikant op Sondae nie maar elke dag! Dis immers waarom Hy Sy Seun gestuur het, om die voorhangsel van die wet te verwyder, en die afsondering veroorsaak deur sonde of te hef sodat ons Hom van aangesig of aangesig mag ken.

Dit is die doel van die reformasie, nie bloot kennis en nuwe perspektiewe op dinge nie, maar om Hom te ken en een met Hom te wees. En om vanuit hierdie eenwording te lewe.

Wedergeboorte die vertrekpunt van Reformasie

Dis interessant dat soveel mense wat in die kerk groot geword hulle vorige lewe in die kerk veroordeel nadat hulle 'n bekerings ervaring en verdieping in hulle verhouding met God beleef het.

Sekularisme en sakralisme in die kerk het die kerk verarm na 'n organisasie en struktuur op boeke, die siel van dié kerk is dood, die kandelaar is verwyder, alhoewel die geskiedenis boeke vol getuïenisse is van 'n eertydse passie en soeke na God, is baie kerke vasgevang deur die tradisie en oorlewering van mense. Sakralisme beteken; Wanneer alle inwoners van 'n land of streek saamgebind is deur 'n Godsdien wat deur almal geaanvaar word. In Joseph Coetzee se boek "Is jy 'n stiefkind van die Moderne kerk?" verduidelik hy in detail hoe hierdie konsep in die kerk ingesluip het. Dis immers mos die kerk so groot opdrag, om die wêreld te kersten en te oortuig van die evangelie. Maar wanneer hierdie kersten proses gepaard gaan met bloot die nakom van reëls en formalisme sonder ware wedergeboorte beland die kerk in die moeilikheid!

Christus het aan ons 'n hemelse koninkryk verkondig, waaraan elke mens kan behoort maar jy kan alleenlik deel word van hierdie koninkryk deur in Jesus te glo en Hy jou wederbaar. (Joh3) Bogenoemde punt is 'n geskil punt wat al menigte verdeeldheid en selfs oorloë as gevolg gehad het.

Konstantyn het gesien hoe hy die groeiende Christendom kan gebruik om sy eie politieke ambisie te bevoordeel. Die kerk het 'n instituut en handewerk van 'n mens geword. *"Ek sal My kerk bou en die hekke van die hel sal nie daarvoor stuit nie."* (Mat 16:18) In Jesaja 66 verklaar God dat Hy nie belangstel in die geboue wat ons vir Hom oprig nie, want Hy het dit self gemaak. Maar Hy stel belang in die mens wat Hom vrees en met ootmoed dien. Telkens word daar in die NT verwys na ons as die tempel van die Heilige Gees.

Die term katoliek wat "algemeen" beteken is in teenstelling met dié Woord. Die Bybel praat van die uitverkore kerk, heilige priesterdom, gemeente van die eersgeborenes. Die idee dat iemand hom of haarself as lid van hierdie liggaam kan toe-eien sonder wedergeboorte is verregaande! Dis nie almal wat aan die kerk kan behoort nie. Hierdie koninkryk is bedoel vir die wat die voorwaardes van die skrif nagekom het. Sonder geloof kan niemand God behaag nie. (Heb 11:6) Telkens is by die kerk gevoeg die wat tot geloof gekom het. Geloof egter wat se werke en vrug getuig van die openbaarmaking van Christus in jou lewe. Baie mense in die kerk glo in God, en glo dat die Here hulle red en salig maak, maar hulle het nog nie die belofte in besit geneem nie. Dis een ding om te glo en 'n ander om op te tree in die geloof. Geloof is 'n aksie.

Ek kan elke dag my sonde bely, maar nie verander nie. Ek moet dus glo, my geloof uitspreek soos die geloofshelde van Hebreërs 11 en in gehoorsaamheid dit doen wat ek glo. Gehoorsaamheid is die werkwoord van my geloof. Petrus het geglo hy sal ook op die water kan loop, toe hy vra en Jesus antwoord kom, moes hy volgens sy geloof opstaan en oor die rand van die skuit klim en op die water trap. Soveel mense glo maar het nog nooit oor die rand geklim nie!

Wanneer ek glo en die woord doen, word die woord vlees in my lewe. Ons wil met teologiese redenasies onself regverdig om nie te doen nie. Ons soek eintlik na verskonings vir die geheime vrees in ons binnekant om te waag om Hom te gehoorsaam. Om in gehoorsaamheid aan God se stem te lewe is nie maklik vir die vlees nie, Hy vra soms dat jy op de grond spoeg en modder met jou spoeg maak en dit op die oë van 'n blinde man sit. Dit mag beteken dat Hy jou vra om al jou besittings te verkoop en die opbrengs vir die armes te gee en Hom te volg. Dit is waarom selfverloëning 'n voorvereiste is om sy dissipel te word, anders gaan jy gedurig aanstoot neem oor dit wat Hy van jou vra.

God het alreeds die opdragte gegee, Hy het klaar beweeg, Hy het alreeds die prys betaal en die belofte en gawes van redding vir ons beskikbaar gestel ons moet net opstaan en dit deur die geloof in besit neem.

DIE INNERLIKE KONFIGURASIE VAN DIE APOSTOLIESE REFORMASIE.

Die vrug van bekering is volgens die woord "redding" (sozo), verlossing, genesing, bevryding, voorspoed en 'n bevryde verstand. Dis is hartseer om te sien hoeveel mense in die kerk sit en nog nooit enige van hierdie gawes van redding al ooit ervaar het nie.

Die wese van die kerk is egter verander deur Konstantyn se invloed, nou kon enige persoon deel word van die heilige Kerk. Die kinderdoop en besprinkeling het hieruit voortgevloei en 'n teologiese vashouplek is gevind om sakralisme te regverdig. Alhoewel die reformasie van Luther die weg gebaan het om juis weer terug te keer regverdigmaking deur die geloof alleen, het die reformatiste tog nie heeltemal met die sakralistiese idees gebreek nie. So het die hervormers net soos die katolieke hulleself nie net toegelê tot die gebruik van die swaard van God se woord nie, maar die fisiese swaard gebruik om die wat nie soos hulle dink nie tereggestel. Natuurlik was die OT model en konstitusie van Israel sakralisties. Willie Jonker verduidelik hierdie aspek mooi in sy boek wanneer hy die leer van apartheid verduidelik in die lig van die Afrikaner wat 'n direkte analogie maak met die verbondsvolk Israel. Die Bybelse voorskrif aan die Israëliete om hulle identiteit as verbondsvolk te bewaar is op die Afrikaner as Christelike volk van toepassing gemaak. Die Ontug wet en die Wet teen Gemengde Huwelike is op hierdie verstaan van die Skrif gebaseer. In Israel was daar net een aanvaarde godsdiens en was Godsdiens en kultuur vermeng. Jou geboorte binne hierdie volk maak jou dus inklusief deel van God se verbondsbelofte. In vele Gereformeerde kerke is kinders bloot gedoop omdat dit tog gedoen moes word, sonder dat die ouers belydende wedergebore gelowiges was of selfs meelewende lidmate van die kerk is.

Die Christus het egter die weg kom aanwys na 'n hemelse en geestelike koninkryk. Daarom verklaar hy toe die fariseër hom wou vasvra; "gee aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom." Jesus kon sy koninkryk met 'n legioen engele verdedig, maar Hy het gesterf en so vir ons die outeur van redding geword. Dit is immer die enigste weg na die koninkryk van God. Selfverloëning. Jesus sê; "*Indien jy my wil volg moet jy jouself verloën, jou kruis opneem en My volg*" (Mat 16:24)

Die prys om deel te wees van die wonderlike en heerlike gebou van God is om te sterf! *God het 'n behae in die dood van sy kinders.* (Ps 116:15) *OMDAT Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde,* (1 Petrus 4:1)

Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Gal 2:20)

Die roete is dood maar die uiteinde is opstanding! Om te lewe vanuit Sy opstandingskrag elke dag. Maar iets moet immers eers sterf voor dit opgewek kan word. God wil graag hê dat ons moet wil dit wat hy wil, maar dit kan eers gebeur wanneer jou wil gesterf het. Dan gee Hy jou wil terug aan jou. God wil ons nie soos robotte beheer nie, maar ons wil en lewe moet eers van die gif van die sondeval geskei word sodat ons dan waarlik vry in Hom kan leef. Die proses egter tot hierdie vryheid is die dood! Eers wanneer jy gesterf het tot alles kan jy vry wees van vrees. Vrees is die teken dat die ou self nog lewe. Wanneer jy gesterf het in Hom, sal jy niks meer vrees nie want alles is aan hom geoorhandig. Niks is meer joune nie, niks kan meer van jou af weggeneem word nie. Jy behoort nie meer aan jouself nie, en het ook niks wat jy jou eie kan noem nie. Die wat vrywillig sterf kan vinniger deur die proses gaan.

En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. (Matteus 21:44) *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug. Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.* (Johannes 12:24-25)

Die selfverloëning gedagte is fundamenteel eie aan die apostoliese reformasie se leer en konfigurasie. Dit vorm die basis van alle bediening en oorweging en die wyse van optrede.

Hierdie boodskap is deur die eeue deur verskeie instrumente in God se hand verkondig en gepraktiseer. Daar word byvoorbeeld van Madame Guyon geskryf dat naas Paulus niemand ooit dié geheimenis op so 'n manier kon verduidelik en uitleef nie. Wesley, Nee en andere het gesorg dat haar boeke vertaal word en aan al hulle lidmate uitgegee word.

Sy was 7 jaar in die Bastille in Parys gevange gehou deurdat haar leer as kettery beskryf was deur die kerk van haar dag, omdat sy geleer het dat enigiemand 'n intieme liefdes verhouding met God kan hê. Sy het hier in die gevangenis ook vele boeke geskryf oor die gelowige se sterfproses, en hoe om met God binne in jou te leef.

Die Geheimenis van Christus in ons die hoop van alle heerlikheid.

Die mens as geestelike wese is op soek na die plek waar ons vandaan kom. Ons is opsoek na ons huis. Adam en Eva het hierdie huis verloor, hulle het deur hulle ongehoorsaamheid van die boom van kennis van goed en kwaad geëet en sodoende uitgeworpenes en soekendes geword tot hierdie eertydse geestelike tuiste wat ons eens met God gehad het. Die doel van feitlik die meeste godsdienste is om in harmonie en eenheid met die godheid saam te leef.

Maar ons eet vandag nog van die verkeerde boom wanneer ons verstrengel raak met die stryd tussen goed en sleg. Daar is 'n plek waar ons gegee word om te eet van die boom van die lewe wie Christus is. Jesus het self die teoloë van Sy dag versteur met Sy sogenaamde aannames dat Hy alreeds ontvang het waarna almal dan sogenaamd soek! Hy het die sosiale orde van sake omvergegooi en aan die mense 'n nuwe weg verkondig.

Die apostoliese reformatoriese perspektief wil aan die mensdom 'n alternatiewe weg bied. 'n Derde opsie. Wanneer die ou mens sterf en ek 'n nuwe skepsel word in Jesus is daar geen dualiteit meer nie. Ek is volkome gered, gees, siel en liggaam. In Hom verenig hy die rede en die onderbewussyn. Mike Wood verduidelik dit mooi wanneer hy die woord harmatia so verduidelik:

Harmatia - Sonde - om die merk te mis.

Watse se merk? Die woord 'merk' beteken, afdruk, beeld, identiteit, bewussyn, bloudruk. In ander woorde beteken sonde om die merk te mis, 'n misrekenende identiteit. Dus dualiteit. Die sonde van die mens is dat ons, ons eie ek ook ons grootste vyand is. Dit was immers hierdie eie ek wat gekies het om die leuen van die slang te glo en God se opdrag te verontagsaam. Om ons te red moet God met hierdie eie ek afreken. Madame Gyon gebruik die illustrasie van iemand wat die gif van die slang uitrek om as teenmiddel teen die gif van die slang te dien. So moet God ons verlos van die gif van die eie ek sodat Hy dit weer vir ons kan terug gee.

Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word. Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, waardeur die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom, waarin julle ook vroeër gewandel het toe julle daarin geleef het. Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal. Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. (Kolossense 3:1-12)

Ons almal weet dat die Bybel teen die werke van die vlees is. Ons probleem was dat ons altyd gedink het ons is die probleem. Na gelang van (Rom 7:14-25) ervaar ek nog hierdie daaglikse stryd tussen die goed en die sleg. Tog sê Paulus in hierdie gedeelte twee keer, maar dis nie ek wat dit doen nie maar die wet van die sondige natuur. Hy sien dus nie hierdie sondige toestand in ons as deel van sy identiteit nie. *Ek is met*

Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Gal 2:20) Vir Paulus is dit 'n uitgemaakte saak, die ou mens is begrawe. Dit is juis hoekom jou begrip van die doop so belangrik is want dit staan sentraal in ons begrip van redding.

Ons skeppingsdoel is om gelykvormig te word aan die Seun. (Rom 8:29) In hoofstuk 8 aan Paulus se brief aand die Romeine gee hy die antwoord. *Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. (Rom 8:1-5)*

Sonde is dus nie 'n daad nie maar 'n maar 'n wyse en sisteem van optrede. Daar is 'n verskil tussen sonde en sondes. Sondes is verkeerde daad. Sonde is om in dualiteit en 'n soekende identiteit vasgevang te wees.

Die ek is beginsel

Een van die kernbeginsels van die apostoliese reformasie is die "ek is" beginsel. Dis immers waarom hulle Jesus Gekruisig het; is omdat Hy verklaar het "Ek is die Messias" God maak homself deur hierdie term aan die mens bekend. Is dit dan so vergesog dat as ek in die beeld van God geskape is, dat ek nie ook kan verklaar wie ek is nie? Een van die eerste probleme waarmee die mens van kinds af hom of haarself bemoei is 'n identiteit krisis. WIE IS EK? Die groot vraag van die lewe.

Die Bybel verklaar baie duidelik in geen onduidelik terme wie ons is nie, ons moet dit net glo. Soos wat Johannes die Doper moes glo hy is die een wat die weg moet voorberei vir die Seun van God. (Johannes 1:23) So moes Kores toe hulle vir Hom die geskifte bring, en hy sy naam in die boek sien 100 jaar voor sy geboorte, moes hy glo dat dit waar is en optree volgens dit waartoe God hom geroep het. (2 Kronieke 36:22-23) So moes Paulus glo en verklaar dat hy die apostel geroep is tot die heidene.

Iewers na my bekering moet ek mos nou aan die wêreld verklaar dat ek gered is en getuig van dit wat met my gebeur het? As ek kan sê ek is 'n kind van God deur die geloof hoekom kan ek nie ook verklaar dat ek genees is, of selfs heilig is nie? Dis immers die groot verskil tussen Jesus en die fariseërs en die skrifgeleerdes, en dis dat Hy kon sê 'ek is'. Hulle kon dit nie sê nie want hulle sisteem van optrede was heeltemal op iets ander gebaseer. Jesus was nie net volmaak en verhewe bo almal van sy geboorte nie. Hy het soos alle babas gehuil en homself vuilgemaak. Ons het hierdie gedagte dat Hy nie 'n mens was nie. Dit strook glad nie met die woord wat dit onomwonde stel nie. *Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word. (Hebreërs 2:18)*

Ja hy was die Seun van God! Weer een van die Bybelse tipiese antinomieë. Hy was volkome God maar ook volkome mens. In terme van Sy mensheid moes hy groei en leer en ontwikkel soos almal van ons. Hy moes die pad volkome as mens loop sodat Hy vir ons kon wys dat dit vir ons ook moontlik sou wees. *En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom. (Lukas 2:40) En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense. (Lukas 2:52)* Hy kon nie toe hy so oë oopmaak sommer dadelik praat en allerhande wyskede kwyt raak nie. Hy moes ontwikkel en leer soos ons almal. Jesus het nooit 'n identiteit krisis gehad nie, hy verklaar die healtyd. "Ek is" die brood, water, herder ens.

Ons probleem lê dus juis hier dat ons sukkel om na al die tekens en die woord van God te kyk en te glo wat daarin staan. Ek bedoel werklik glo! Daar is talle "ek is uitsprake" oor wie ons in Jesus is wat as ek dit glo my lewe nooit weer dieselfde sal wees nie. Een van ons leraars in die kerk het 'n studie van al hierdie uitsprake gemaak en tot oor die sestig in die Nuwe en Ou Testament gekry. Ons identiteit is vir ons duidelik uitgespel ons moet dit net aanvaar en daarvolgens begin optree en leef. Soos wat een predikant in Gobabis dit mooi gestel het, alhoewel Kedaffi die president van Sy land is, en almal dit weet, tree hy soms buite die verwagting en protokol van 'n president op. Sy kleredrag en gewoontes staan lynreg teenoor byvoorbeeld

die van die president van Amerika. Die meeste gelowiges leef met dieselfde probleem, hulle leef nie volgens die roeping en skeppingsdoel waartoe hulle geskape is nie.

God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlijkheid. (Kol 1:27)

Heerlikheid van 'n ander aard.

Hierdie heerlijkheid word in die OT vertaal met die woord 'Shikinah' en in die NT met die woord 'doxa' wat die volgende beteken: heerlijkheid, eer, glans, verheerlik, verheerliking, verheerlikte, heerlijkheid, eer, majesteit, glans, wonderbaarlike, prag, grootheid, hemelwesens, koninklike, luister, sieraad, trots, agting, eerbaar, geëer, koning, lof, skerp, verheerlik, verheerlikte, wonderlike.

Daar is vir my 'n parallel tussen die konsep van heerlijkheid in 'n spirituele sin en die woord wegraping wat ook direk gekoppel word met die woord ekstase. Ekstase is waarna die hele mensdom opsoek is op vele maniere word daar na 'n wegraping gesoek, iets wat my kan wegruk uit die werklikheid en vir 'n oomblik kan laat vergeet van my probleme. Hiervoor het veral die "ecstasy" dwelmpil baie sukses veral onder die jeugkultuur behaal. Die verwantskap lê vir my hierin dat ons in Christus weggeruk kan word op 'n legitieme wyse om nie van die werklikheid te ontsnap nie maar juis die werklikheid te kan konfronteer vanuit 'n nuwe perspektief. Die realiteit met enige ander vorm van ekstase is kortstondig en iewers moet ek tog met die realiteite van die lewe deel.

Murphy verklaar dit in die volgende woorde; "This is the meaning of Paul's "therefore" in Rom 8:1. It takes us naturally into his discussion of the way of victory over "the law of sin and death" described in chapter 8. I call it the ecstasy of the normal Christian life."

Een predikant beskryf dit so; "Dis om die heeldag met die Here in kontak te wees, niks van my eie is meer belangrik nie, ek soek nie meer na preke nie, worstel nie meer met probleme en mense nie, want in Hom, werk Hy deur my, dat ek baiekeer na myself luister en in verwondering staan!"

Ons noem dit "to-be-God-inside-minded" My bewussyn is dat ek nie meer leef nie, en die lewe wat ek nou leef, leef ek in die gehoorsaamheid aan Hom wat my opwek tot die Heerlikheid van Sy glorie. Beteken dit dat ons nie foute maak nie? Nee natuurlik nie, ons sondig nog steeds, en ons het nog steeds 'n fisiese liggaam met drange en begeertes. Maar hierdie liggaam is nie sondig nie. Sonde is nie meer wie ek is nie, maar 'n manier van denke en optrede wat nie in lyn is met die woord nie. Hoe ek dus hierdie drange en begeertes bestuur en hanteer is die vraag nie die feit dat ek sekere drange het nie.

Met die hele vlees - gees kontras in die Bybel (dualisme) het die meeste van ons verstaan dat ons vlees sondig is en dat ek die heelyd in die gees moet wees om nie weer in sonde te verval nie. *Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.* (Gal 5:16) Hierdie kontras moet egter verstaan word as twee verskillende bedryfstelsels. Die een is dié van die natuurlike mens en die ander is die Woord. Die probleem of dualiteit/tweeledigheid is nie in my nie, maar in die keuse van die weg (bedryfstelsel) wat ek kies om te volg.

Die bedryfstelsel van die Gees lei my uit die doolhof van dualisme, reg-en-verkeerd tipe godsdienste, van swart en wit tot veelvoudige kleure. In hierdie nuwe stelsel, as ek struikel en sondig begin ek nie weer oor nie, ek is nie weer verlore nie, ek bely bloot my sonde, en laat toe dat Hy my skoonwas van skuldgevoelens, verwyte, veroordeling en skaamte. Ek is soos Adam en Eva was, naak maar onbeskaamd, ek het niks meer om te verdedig of te beskerm nie.

Gevolge en vrug van hierdie lewe in die Gees.

Eerstens is ek vry van enige verkeerde vrees. Vrees 'n natuurlike emosie, maar in die Here hoef ek niks meer te vrees nie. Die vrees vir verwerping, mislukking, dood, mense, swaarkry en lyding is gebaseer op die beginsels van die ou bedryfstelsel. Hierdie vreesloosheid het iets te make dat ek tot die besef gekom het

van God se oneindige liefde vir my en as Hy my aanvaar het, het ek niks meer om voor bang te wees nie. *As God dan vir my is wie kan dan teen my wees.* (Romeine 8:31)

Tweedens is 'n intense vrede en blydschap in die Here en nie omdat ek iets gekry het, vermag het of gedoen het nie. Hierdie vrede gaan die verstand te bowe, want hierdie vrede beteken nie noodwendig die afwesigheid van probleme en stryd nie, maar 'n vrede ten spyte van my omstandighede. Dat ek die middelpunt van my bestaan gevind het, vul my met vreugde en blydschap! My lewe is nou in balans en die wiel draai geruisloos om die as. Daar is innerlike harmonie en vrede met alles om my, 'n nuwe waardering vir die lewe en die geskenke wat Hy gee selfs te midde van die grootste trauma denkbaar.

Derdens is vergenoegdheid. Nie omdat ek genoeg het nie, maar omdat Hy genoeg is. Niks dryf jou meer nie, maar stille gehoorsaamheid in pas met die ritme van Sy genade en krag wat Hy gee. Om genoeg te hê of jy baie het of niks. Vergenoegdheid laat moontlikhede na jou toe kom in stede dat jy daarvoor soek. Jy is alreeds vol en soek nie dus om vol te word nie. Jy is alreeds ryk en jaag nie na rykdom nie. Jy het geluk gevind en is ten volle tevrede diep in jou gemoed.

Vierdens is jy het gesterf tot self. Jy weier niks en weerstaan niks, jy hou niks terug en soek niks, jy is van die gif van die eie ek genees en ervaar 'n stilte, 'n rustigheid. Jou wil en begeertes is op 'n vreemde en duistere manier vervleg met Syne, en mens kan nie meer agterkom wie is Wie nie. Madame Guyon beskryf hierdie fase van 'n mens se geestelike wandel as die misterieuse dood van die siel.

Ek is drie maar ek is ook een.

Hierdie geheimenis van Christus in ons is 'n hele boek werd, maar is nie te vinde in boeke en reëls nie. Daar is nie vier of vyf stappe en dan het jy dit nie. Dis tot hierdie doel dat God ons geroep het om een met ons te wees op dieselfde manier wat die Godheid een in Homself is. Die Vader Seun en Heilige Gees is een, maak ook divers in karakter, vorm en optrede. Tog is daar perfekte harmonie, en terwyl die Een voorrang geniet in 'n sekere tyd is die ander tog die heelyd ook aanwesig. So het God ons ook geskape Gees, Siel en Liggaam. *Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.* (1 Johannes 5:7-8)

Die Gees is voor die hand liggend

Water spreek van die liggaam, ons liggame bestaan immers uit 70% vloeistof.

Die bloed spreek van die siel, die lewe is in die bloed.

Soos Hy is ons geroep om in harmonie met onself te lewe. Hierdie drie is ook 'n spieëlbeeld van mekaar.

Mike Wood beskryf die groeiproses van 'n gelowige se persoonlikheid in die volgende terme. Wat is God se geslag? Is Hy manlik of vroulik? Weer 'n groot kwessie vir debat? Nee. As ons in Sy beeld geskape is dan is God manlik en vroulik. Sommige dink nog steeds net die man is in die beeld van God geskape en dat die vrou eerder as bloot nog 'n dier voorgestel behoort te word. Sy is immers ook die een wat Adam verlei het. Hierdie denkwysie het gelei tot die hoogste vorm van misbruik en geweld teen die skepping. Kom ons vergeet van seksualiteit en bespreek die goddelike karaktertrekke van manlikheid. Leierskap, pionier, sterkte en krag, inspirasie, rasonale, skeppendheid is onder andere begrippe wat aan die man toegeskryf word. Die goddelike eienskappe van vroulikheid is; kreatief, emosioneel, vrugbaar, beskerming, passie, sagtheid en begrip. Wanneer 'n man en vrou gemeenskap het kom daar kinders voort. Nou kom ons beskryf die goddelike karaktertrekke van 'n kind. Passievol, eenvoud, onvoorwaardelik lief, geen inhibisies, vry en spontaan, glo maklik. Wanneer ons na al hierdie eienskappe kyk dan blyk dit dat die toppunt van goddelikheid soos die Woord dit omskryf is om soos 'n kind te word. Om soos 'n kind te word moet ons egter ook in voeling kom met die manlike en vroulike eienskappe van God. Dis hierdie eensydige manlike godsdiensbegrip wat ons laat verval het in egoïsme, ambisie en wedywing in die kerk. Die volle spektrum en nie die een verhewe bo die ander is nodig om volwassenheid voort te bring in die gelowige.

Wat het dit alles met reformasie te doen? Alles. As ons wil reformeer en gelykvormig word aan die Seun van God dan staan die hele kwessie van ons identiteit sentraal tot hierdie doel.

Dis interessant om op te merk in kerk musiek of ons perspektief oor God reg is. Baie van die lirieke weerspieël 'n diepe soeke en 'n honger na God, Sy teenwoordigheid of Sy heerlijkheid. Min liedjies weerspieël egter die feit dat ons alreeds in sy teenwoordigheid is, in Christus Jesus. Veral in charismatiese kringe hoor mens so baie die eersgenoemde. Die alewige soeke en desperaatheid na God. Dis goed en wel, maar daar moet 'n tydperk aanbreek waar die nou-is-ek-in-Sy-teenwoordigheid 'n realiteit vir my word, en ek begin sing oor wat ek nou alles beleef en sien vanuit hierdie perspektief. (Heb 10:19-22) As ek sing ek soek na Hom, beteken dit mos duidelik ek het Hom nie. As ek verlang na Hom, beteken dit mos ek is nie by Hom nie. Ons verlang om permanent en in volheid een met Hom te wees, maar Christus het ons alreeds een met Hom gemaak, Hy het ons versoen, die skeiding verwyder! Ons is een met God deur Christus! Ons sing nie om in sy teenwoordigheid te kom nie. Ons is alreeds in Sy teenwoordigheid! Ons verwelkom Hom nie in ons midde nie, Hy is al lankal daar! Ons raak dalk net nou eers van Hom bewus...

Bo-op dit alles gaan die verstaan van God se heerlijkheid in baie mense se denke met fisiese manifestasies gepaard. Alhoewel God Homself dikwels so openbaar, beteken dit nie God het nie gewerk as daar nie iets fisies gebeur nie! God is immers Gees! (2 Kor 3:17) Dit kan tot baie misleiding lei, omdat lidmate se persepsie oor God 'n sintuiglike belewenis word. God kan verseker Homself so openbaar, maar God is ook daar wanneer ons nie sintuiglik van hom bewus is nie. Hierin soek ons ook weer 'n balans. Paulus verklaar dat Hy nie met oorreding van slim woorde gekom het nie, maar deur die openbaarmaking van krag. (Mar 16:20; Hand 14:3; 1 Kor 2:1-5; 4:20) Daar het dus iets fisies gebeur, waardeur mense sou kon sien dat God het iemand genees, aangeraak, verander ens. Die heerlijkheid van God is egter nie manifestasies nie, maar die openbaarmaking van Christus as 'n realiteit. Want die antichris sal ook kom soos 'n engel van die lig en baie tekens en wonders doen. (2 Kor 11:14; Open 13:13) Mense kan maklik deur manifestasies mislei word, en glo dat die wonderwerke en tekens 'n bewys is dat God wel iemand se werk of prediking endosseer. Die boom word aan Sy vrugte geken, het so 'n bediening en prediking gelei tot Godsvrug wat nie vergaan nie? Vind Christus meer gestalte in mense se lewens en dade. In 2 Korintiërs 3 vanaf vers 7 verduidelik Paulus baie mooi die ou en die nuwe verbond. In die ou verbond was daar geweldige wonders en tekens selfs kosmiese wonders, tog het hierdie heerlijkheid vergaan. Die heerlijkheid van die nuwe verbond is in ons harte geopenbaar soos wat die belowe is deur die Profete en dit is blywend. *Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.* (Jeremia 31:33-34) Jesus het hierdie nuwe verbond gesluit op Golgota en geseël met Sy bloed en saam met Sy dissipels tydens die verbondsmaal afgesluit met die laaste woorde van hierdie profesie. *Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.* (Matteus 26:28) Paulus sluit hierdie gedeelte so mooi of met hierdie triomfantlike woorde. *En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.* (2 Korintiërs 3:18) Wie aanskou ons? 'n manifestasie? Sekerlik nee, ons aanskou die lewende Christus! Ons geloofsoë verhelder en ons denke vernuwe om Hom elke dag meer te sien en te ervaar in ons lewe.

'N GESKIEDENIS VAN MOEILIKHEIDMAKERS

Die leer van Jesus en Sy volgelinge was in die sterkste terme kettters en moeilikheidmakers! (Hand 28:22) Luther het gesê; “Waar Christus verkondig word gaan Hy altyd teen die stroom”

Gerugsteun deur 'n subsidie van die Calvin Foundation, is Dr. Verduin na Europa om ondersoek in te stel na die vervloë lewenswyse van die Anabaptiste. Die anabaptiste word vandag nog deur baie beskou as 'n sekte teen die vervloë hervormers. Daar het hy feite van hierdie stiefkinders van die Hervorming opgediep waarvan die Christen Wêreld geen kennis gedra het nie. Sy ontdekkings was nie net vir homself 'n verrassing nie, maar ook vir talle ander wat sy merkwaardige navorsing oor hierdie misverstande mense gelees het.

Josef Coetzee se boek “Is jy 'n stiefkind van die moderne Kerk?” is hoofsaaklik gebaseer op die bevindings van Verduin se boek en gee hy onbetwisbare feite weer dat lank voor Luther daar alreeds sommige was wat nie die leer van die eertydse Katolieke kerk aangehang het nie, maar gesoek het en geleef het volgens die eenvoud van wat die woord leer. Hulle was as kettters, donatiste, stokdraers, dwepers, snobs, wederdopers, kommuniste, skeurmakers uitgekryt sonder dat enige van hulle leringe en leefwyse waarlik in lig van die Woord ondersoek is nie. Dit is so dat die oorwinnaars gewoonlik die geskiedenis skryf en sodoende deur die eeue 'n eensydige perspektief op hierdie merkwaardige groep mense geplaas was.

In kort, hulle het geglo dat jy net aan die kerk behoort deurdat jy werklik wedergeboorte deelagtig geword het deur die geloof in Jesus Christus. Daarop is jy gedoop tot die getuie van jou ou mens wat begrawe word en die nuwe mens wat in Jesus opstaan. Hulle het besittings gedeel en sodoende vir mekaar gesorg. Hulle het nooit die wapens opgeneem nie vir die evangelie of enige ander doel nie. Hulle het 'n punt gemaak dat elke mens toegang tot die woord moet hê en dat in die kerk die een nie bo die ander gestel moet word nie. Hulle was ten sterkste gekant teen enige vorm van sakralisme waar iemand bloot op grond van sy naam of ouers se belydenis deel sou uitmaak van die Christelike kerk. "n heilige en toegewyde lewe wat getuig van die skrif asook 'n aflê van materiële dinge en besittings vir die uitbreiding van die evangelie. ¹⁹

In Suid Afrika waar die Gereformeerde kerke ook die kerk was van die in bewind van die Nasionale regering, is op subtiele wyse enige andersdenkendes vermy, gespot, ewe-eens geïgnoreer en self vervolg om sodoende die land rein te hou! Hierdie sakrale denkrigting het tot onlangs nog sterk geheers in die meeste van die susters kerke wat hulleself onder die gereformeerde vaandel skaar. Met die nuwe regering, demokrasie en vryheid van geloof het dinge dramaties verander en het die Gereformeerde kerke baie van hulle eertydse mag verloor.

Nuwe Wyn in ou Wynsakke

Reg deur die geskiedenis blyk die kerk in stryd te wees met haarself. Anders gestel; die kerk as instituut en die ongestruktureerde kerk is al eeue lank in stryd met mekaar oor wie nou eintlik die ware kerk is. Skynbaar vergeet die gestruktureerde kerk dat hulle ook eers net 'n groep enersdenkende mense bymekaar was wat spontaan die wil van God gesoek het. Maar na tyd verander en val die kerk in tradisies en oorleweringe van mense en weet die huidige generasie nie werklik hoekom hulle doen wat hulle doen nie.

Luther wou sien dat die kerkstruktuur moet verander, veral as jy in ag neem dat die 95 tesse feitlik almal te doen het met sy probleme met die manier hoe die kerk as struktuur bedryf was. Die plek van die spontane byeenkoms van die kleingroep of huisgroep kan nie misgekyk word in die proses van reformasie en die formering van wat Kerk in sy wese is nie.

Alhoewel Luther die Anabaptiste se leer fel geoptimeer het kon hy nie die dinamiek in die huisgroepe van die anabaptiste ontken nie. Hy wou nie hulle leer aanvaar nie maar die sin vir gemeenskap was iets wat kortgekom het in sy eie geleedere. Spener the father of the Pietist movement, also believed in homegroups

¹⁹ Is jy 'n stiefkind van die moderne kerk? Josef Coetzee, 1990, Uitgegee deur Woordverspreiding, Posbus 28028, Sonlandpark, 1944.

which he called Pious gatherings. Maar die resultate was nie wat hy gehoop het nie. Daar was onenigheid tussen die groepe en sommige het weggestuur van die leer van de waarheid.

Wesley het geglo die ware kerk is die liggaam, wat ontmoet eerstens in huise en dan vanuit hierdie kern groei na 'n groter uitdrukking van samesyn en gemeenskap. Wesley het hierdie groepe klasse genoem en die fokus was om met mekaar elkeen se geestelike groei te deel, om probleme en vrae te deel. Antwoorde, advies en korreksie was gegee, ongelukkigheid opgeklaar, misverstande was uit die weggeruim en gemeenskap was die hoofdoel. Die klasse is afgesluit met gebed en danksegging.²⁰

Wesley was dikwels beskuldig vir skaap steel en lidmate afrokkel, wat hy natuurlik fel ontken het. Sy verdediging was dat as jy bedoel om mense uit kerkgeboue in huise te vergader dan is die aanklag seker regverdig, maar as jy daardeur bedoel dat hy gelowiges van mede gelowiges afskei en so die kerk verdeel dit is dit sekerlik nie. Wesley het so sterk gevoel oor die klasse dat as iemand nie aan 'n klas behoort het nie, hy nie as deel van die beweging gesien is nie.

Die nuwe Testamentiese model van kerkwees.

Ons probleem rondom die Bybel is ons perspektief. Jy moet dit vir jouself finaal uitmaak om die Bybel of vanuit 'n nuwe of 'n ou Testamentiese beskouing te lees en te verstaan.

Kom ek verduidelik. Die NT het begin by Jesus se kruisdood, toe Hy gesê het "dit is volbring". Ons kerkbeskouing moet dus nie vanuit Jesus se bediening kom nie, want hy het nie 'n kerk gebou, of gestig nie. Hy het wel die nuwe kom aankondig. Om kerk te bedryf op die dissipel model is OT. Jesus was die oorgang van die oud na die nuut. Dis eers in Paulus se briewe dat ons die eerste teologie rondom kerk kry. Handelingte verduidelik hoe kerk was en wat kerk gedoen het maar verduidelik nie hoekom dit so was nie. As ons dus wil terug keer na die NT kerk model beskryf in handelingte moet ons die NT kerkbeskouing verstaan.

Daar word baie min verwys na 'n geselekteerde dissipel groep na Jesus se opstanding. Die kerk word verduidelik in terme van beelde soos die liggaam, 'n gebou, bruid, koninkryk, heiliges. Die idee dus dat een persoon soos Jesus mense om homself moet vergader en hulle dissipel is OT. Paulus het nie kerke gestig en mense aan hom vasgemaak nie. Hy gebruik die idee vader en seuns. Met ander woorde die model van dissipels maak is opgeneem in die Bybelse idee van gesin wees. Die idee van die geestelike familie is 'n baie sterk analogie wat in die NT gebruik word. Kan kerk strukture, lidmaatskap, organisasie familie skeep? Nee. Dit probeer baie naby daaraan kom, maar dis weer 'n kwessie van nuwe wyn in ou wysakke te probeer verkoop. Dit Lek! Die meeste makro gemeentes maak aanspraak op hulle publikasies en promosie dat hulle 'n familie is, selfs met talle huisgroepe maar die meeste kan nie die agterdeur toemaak van die hoeveelheid mense wat inkom en net weer na 'n paar maande uitgaan nie. Meestal ongemerk. Is dit familie? Sekerlik nie.

Dissipelskap in terme van verhouding en dat mens mense bedien word vanuit verhouding is reg en sinvol, maar ons moet mense vasmaak aan Christus en Sy liggaam nie aan 'n mens nie. Ek sien dit so dikwels in ons eie gemeente, dat diegene wat hulle aan my wil vasmaak sukkel geestelik, maar die wat inkoop in die konsep van liggaam en die kerk as familie ervaar heerlike groei en seën. Die sleutel tot die groei en versorging van die individuele lede lê opgesluit in die liggaam. (Efe 4:11-16)

Die teendeel is ook waar. Sommige mense aanbid kerk en nie Christus nie. Sommige weer aanbid Christus en sien nie kerk nie. Christus en Sy liggaam is een. (Efe 4:1-6)

²⁰ The second Reformation, William A. Beckham, 1995, Touch publications. Chap 11, the theology of Luther, Spener and Wesley in regard to community in the church and small groups.

Die balans tussen leierskap teenoor broederskap.

Die probleem lê by beheer. Iemand wil altyd die kerk beheer. Iemand moet in beheer wees. Alles moet beheer word. Probeer God dalk nie iets vir ons sê, dat die mens nie dalk onder die mens se beheer moet wees nie.

Tog verstaan ons die konsep van leierskap en dat dit ook 'n NT idee is wat Paulus telkens verduidelik en hierop antwoorde en opdragte gee. Die verkil is dat die voorgestelde leierskap model van die NT nie 'n posisionele model is nie maar 'n funksionele model. Kom ons kyk na die gesin, daar is 'n definitiewe orde tussen wie ouers is en wie is kinders. Die woord se ook duidelik in die NT dat kinders hulle ouers moet eer en gehoorsaam. Leiers moet egter nie oor die mense heers nie maar namens hulle heers. (Jes 55:4)

Daar is 'n reuse verskil. Bybelse leierskap en koningskap kan nooit die plek inneem van God nie. Maar iemand moet leiding neem, iemand moet by God hoor en namens die mense praat, en namens God praat. God wou nooit 'n koning vir Israel gehad het nie. Dit was nie Sy perfekte wil vir sy geroepe volk nie. Hy het wel priesters gehad, wat as middelaar tussen God en mens moes optree.

In die kerkgeskiedenis sien ons sekere kerke wat die sentiment van broederskap (the Brethren and Congregationalist movement) benadruk soms in visielose en dooie pragmatisme verval. Terwyl in die Charismatiese model leierskap soms ten koste van die liggaam is.

Nuwe kerkstruktuur - Die planetêre model.

Jare terug toe ek vir die eerste keer onder 'n apostoliese gemeenskap van gelowiges beland het, is hierdie stelsel so aan my verduidelik en het dit ook sedertdien my model van funksionering geword. Iemand het eendag na Dr. Pelser gekom en gesê dat hulle 'n woord van die Here het. Die woord was; "kyk na die planeet en nie na die sterre nie." Die woord mag dalk 'n bietjie onduidelik gewees het vir die boodskapper maar Dr. Pelser het onmiddellik geweet wat dit beteken het. Moenie meer na die sterre (groot bediening en name) kyk nie, maar kyk na hoe die planeet in hulle bane bly.

Die kerk en veral die charismatiese kerke het gegroei en wonderlike dinge gedoen in die naam van die Here maar meeste was gemeentes gebou rondom 'n persoon of persoonlikheid. Planeet verskil en is elkeen in sy baan om die son. Die sentripetale en sentrifugale magte wat die planeet in hulle bane hou is ook die geheim wat die kerk en elke gelowige in sy plek hou.

Al die planeet wentel om die son. Dus elke gelowige en nuwe Christen moet dadelik en eerstens geleer word om God se stem te hoor en te interpreteer vir hom of haar self. Daarna moet elkeen gehelp word om sy plek in die liggaam te verstaan en uit te leef. Die inwaartse aantrekking krag na God is herstel asook die uitwaartse krag wat jou uitwerp in die wêreld om jou funksie te vervul.

Dit moet wees soos asemhaling, jou inasem na God en jou uitasem na die wêreld. Wanneer hierdie kragte in balans is dan kom elke mens in sy baan. Soos die maan nie heerlijkheid het in homself nie. Dis bloot 'n klip en sand massa in ons atmosfeer, het ons ook geen heerlijkheid in onself as dat ons die heerlijkheid van die Son Jesus Christus op die aarde reflekteer. Al wat die maan moet doen om daaglik hierdie heerlijkheid te weerspieël is om in sy baan te bly. Daar is dan tye van volmaan, halfmaan en soms selfs ,donkermaan maar nooit is die maan uit sy baan uit nie.

So werk die nuwe struktuur van God se kerk. Wanneer mense weer werklik in hulle verhouding met God herstel word en daar bly, asook hulle plek en roeping verstaan kom daar 'n diepe innerlike rus en vrede en krag, wat beteken die vrug op die arbeid spreek van eenheid, liefde, heerlijkheid en godsvrug. Wat laat 'n huisgroep opbreek en verbroekel? Die werk van satan? Miskien, maar ek glo dis die werk van eie ek en dinge moet op my manier moet gedoen word wat versoening onmoontlik maak.

Die NT model van kerk word gevind in (Hebreërs 12:21-25) *Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduizende engele, by die feestelike vergadering en*

die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.

Wanneer ons verstaan dat leierskap is nie 'n posisie nie maar 'n funksie, dat apostels, profete, evangeliste, leraars en herders nie titels is nie maar funksies dan sal ons sien hoe God Sy kerk bou en die hekke van die hel nie daarteen kan stand hou nie. Kerke wat nie sommer maar net ontstaan het omdat ons nie meer met dit of dat saamstem nie. Maar kerke gebou op die fondament van die apostels en die profete. Apostels is deur God gekonfigureer om nuwe kerke te identifiseer en te stig, saam met die profetiese lig wat die mandaat en opdrag van elke kerk beseël. Elke kerk het 'n spesifieke doel en mandaat van God wat vervul moet word.

Getalle en infrastrukture is nie essensieel om 'n groot invloed in die gemeenskap te hê nie. So kan 'n klein gemeente wat weet wat hulle doen, hoekom hulle daar is en in totale gehoorsaamheid aan God leef 'n reuse verskil maak om die vestings van satan neer te werp in 'n gemeenskap, stad of dorp.

Dis ook interessant dat die NT verwys na die kerk in 'n area of gebied. Hier en daar word spesifieke gemeentes aangespreek, maar die apostoliese briewe en outoriteit was gesien om in 'n hele gemeenskap te geld. Verder is dit ook interessant dat die apostels nooit aan 'n spesifieke gemeente gekoppel was nie. Dit wil voorkom of die apostels verhef was tot 'n baie groter saak naamlik die koninkryk as die lokale gemeente.

Dit is dus dan ook belangrik dat indien die kerk effektief wil wees in 'n gemeenskap om te sien dat die koninkryk van die lig stand hou teen die werke van duisternis daar eenheid tussen die verskillende kerke moet wees.

Wanneer Paulus ook al oor eenheid praat dan praat hy met die hele kerk in 'n spesifieke area.

Wanneer ons verder kyk na die planetêre stelsel dan sien ons ook dat ons piramide strukture en organigramme nie meer inpas nie. Of jy die driehoek hoe draai dit bly 'n driehoek. Enige piramide struktuur is OT en nie 'n ware weergawe van die NT kerk model nie. Die idee dat een persoon bo of onder sit met die hele voortgesette struktuur in vlakke tot die laaste lid is argaïes en nie in pas met die tyd of God se plan vir Sy kerk nie.

In die planetêre model is die leier 'n funksie en moet die leier ook homself onderwerp wanneer dit tyd is vir 'n ander funksies van die liggaam. Sodoende is ons almal aan mekaar onderworpe. Daar is verskillende funksies in die liggaam. Sou die musiek leier dus op 'n gegewe tyd lei, dan is die leier van die kerk aan die persoon onderworpe, maar die sangleier neem nie die kerk oor nie, sy of hy ken sy plek en metron van sy outoriteit. So bly elkeen in sy wentel baan om die son. Sou die kerk iemand hê wat verantwoordelik is vir die administrasie dan in daardie opsig en binne daardie raamwerk is die gegewe persoon in beheer, selfs bo die leier. Maar die persoon is weer in terme van die breër leierskap en visie van die kerk aan die leier onderworpe.

Niemand is dus bo die ander nie. Die kerk is eerder 'n netwerk van individue wat presies weet wat van hulle verwag word en saam in dieselfde rigting werk. Lang vergaderings hou, waaraan jy geen belang het nie, is iets van die verlede want vergaderings word bloot gehou om relevant sake tot die persone betrokke te bespreek. Verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid word aangespreek deur die noue verbintenis wat medewerkers met mekaar het, en dat die een nie sonder die ander een kan funksioneer nie. Sou iemand nie sy werk doen nie, word die probleem outomaties deur die betrokke persone uitgesorteer en reggestel.

Hierdie stelsel is ongelooflik dinamies omdat dit gebaseer is op 'n organiese en lewendige stelsel en nie 'n dooie klomp reëls en regulasies wat die meeste mense in elk geval nie volg nie.

So voel elke lid deel van die proses en is daar nooit hierdie groot verwydering van die kleinste lid en die betrokke leier nie.

Die NT kerk model is spanwerk. Niks is nooit alleen gedoen nie. Selfs wanneer die Apostels hulle briewe skryf praat hulle van 'ons' in die aanhef, en dan die lang groete aan die einde. Dink span! Take en verantwoordelikhede is binne spanverband volvoer. Paulus en Barnabas is as 'n span afgevaardig om die leiers in Jerusalem te gaan toespreek. Wanneer een lid ly, ly die hele liggaam, wanneer een lid eer ontvang deel die hele liggaam aan die eer.

Wanneer daar lyding verduur word sê Petrus "onthou die liggaam wat deur dieselfde lyding gaan elders". Daar was deurentyd hierdie onderliggende verbintenis met die kleiner maar ook groter geheel.

Wanneer die kerk op die regte fondasie gebou word, en deur die al die vyf gewes toegegerus word, dan groei die kerk vanself sonder enige besondere tegnieke behalwe gehoorsaamheid aan die Gees in terme van teenswoordige waarheid, intimiteit met God en passie vir die wêreld.

Aangespoor om lief te hê en geroep om uit te reik. Volgens die groot gebod wat die hele wet omvat. "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand." en "Gaan dan heen en maak dissipels."

Dan sal die mense nie meer rondgeslinger word deur elke wind van doktrine en lering wat waai nie.

Die liggaam sal homself opbou en versorg. (Efe 4:11-16)

Die wêreld het nog nie gesien wat die Here kan doen deur 'n akkurate en gehoorsame kerk nie.

'n Messiaanse profesie en heenwysing na die ware Kerk.

In Jesaja 33, profeteer die profeet oor die komende koninkryk en die kerk. Onthou wanneer ons die woord Jerusalem lees in die OT messiaanse profesie dan moet ons die woord verstaan nie in konteks met die fisiese stad Jerusalem nie maar die kerk in die geheel wat die bekeerde Jode insluit.

IN hierdie lig gaan hierdie fantastiese profesie oop met 'n ryke betekenis vir ons as kerk.

In vs 20 se hy" sien die kerk, 'n veilige en rustige tuiste. 'n tabernakel wat nie afgebreek kan word nie. Dit verwys dus nie na 'n gebou nie, want dit kan tog verwoes word, maar die geestelike gebou. Dit lyn op met die skrif in Heb 12:25-29

In hierdie kerk/tempel/koninkryk sal die Here self vir ons 'n breë stroom wees. Die fisiese stad Jerusalem het glad nie so 'n stroom nie buiten die spruit Kedron. Weereens wys hierdie punt na die kerk. In hierdie stroom sal geen selfaangedrewe vaartuig kan vaar nie. Dit beteken dat aktiwiteite en persone gedryf deur ambisie of hulle ego in hierdie stroom sal kan beweeg nie. Daarom dat Jesus sê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." (Mat 16:24)

Die ware kerk sal die heerlikheid van God beleef maar nie gesentreer om 'n mens nie. In die ware kerk sal daar gebid word vir genesing en jy sal nie kan onthou wie vir jou gebid het nie. Wonderwerke en magtige tekens sal deur die liggaam plaasvind. Die kerk moet immers as geheel opgroei tot 'n volwasse mens om waardig die titel te wees "bruid van Christus"

Dit is tans besig om te gebeur. Daar is meer Bybelskole as ooit in die geskiedenis, feitlik elke gemeente het sy eie bybelskool, mense is honger nie net om te weet wat moet gebeur nie maar hoe? Hulle wil deelneem, wil siele wen, preek, bedien en beraad. Bediening is lankal nie meer gesentreer rondom die predikant nie. Soos wat mense groei en volwasse word, word hulle ook nie meer versadig deur die melk wat deur so baie predikers en kerke voorgehou word nie. Ons lewe in die era van inligting, nog nooit was daar so baie informasie beskikbaar tot die massas nie. Ons is in die tyd en seisoen van reformasie.

So baie mense bid nog en vra na herlewing, terwyl herlewing iets van korte duur is. Herlewing is bloot om die voertuig aan die gang te kry. Maar daar is 'n baie dieper werk van God se Gees nodig en dit is dat hy ons karakter en menswees sal reformeer om gelykvormig te word aan sy Seun. Herlewing werk net die emosies

op vir 'n tyd. Reformasie breek die ou bene van die gestaltes van jou denke om soos Jesus te begin dink en handel. Reformasie doen 'n diep werk want dit affekteer uiteindelik ons hele bewussyn en menswees in die geheel.

Mag die Here ons reformeer as kerk om in lyn te kom met sy Woord, sodat die woord weer vlees kan word in die vorm van Sy kerk.

Wanneer ons die fondasie reg het volg die res natuurlik en sal al die dinge waarvan ons in handeling lees ook van ons gemeentes gesê word. Niemand sal iets kortkom nie. Nie net fisies nie maar emosioneel en geestelik ook sal daar na elke behoefte omgesien word nie deur 'n struktuur nie, maar 'n liggaam. Jou geestelike familie word op die einde van die dag jou ware familie. Hier ontdek jy oupas en oumas wat jy dalk nooit self gehad het nie. Die derduisende gebroke families sal binne die kerk weer heel word wanneer die liggaam die leemtes vul. So sal 'n seun sonder 'n pa, in die kerk 'n pa vind wat homself oor die seun ontferm en die kind leer en help om volwasse te word in Christus. Want die kerk is 'n familie, en nie 'n organisasie waaraan ek behoort nie.

Ons almal wil graag bogenoemde effek in ons gemeentes hê, maar dan moet ons die ou wysheid weggooi en 'n nuwe ontvang om die nuwe wyn te akkommodeer.

SKRIFUITLEG EN SKRIFINTERPRETASIE

Omdat ons almal die woord van God gebruik as basis en soms dieselfde skrifverse net met 'n ander perspektief teen mekaar gebruik is dit nodig dat ons kyk na hoe lees ek of moet ek die woord van God verstaan. As ons sê dat die Apostoliese reformasie net soos die gereformeerde tradisie die woord as enigste gesag gebruik dan moet ons hierdie punt uitklaar.

Interpretasie van die Woord vanuit 'n Apostoliese perspektief

Hier is 'n paar beginsels van skrifuitleg wat ons kan help om binne die raamwerk van die woord te bly en nie die woord te gebruik as 'n kapstok om my opinies aan op te hang nie.

1. Die kleiner stuk inligting moet inpas in die groter geheel van die woord. Die woord kan tog nie teen homself spreek nie. Wanneer die woord dit wel doen is dit om twee kante van die selfde ding te beskryf.
2. Geen waarheid kan op sy eie staan as dit nie gebalanseer is nie. Dit is wat die Bybel so effektief maak, dit gee altyd die volle waarheid. Ons is geneig om met 'n waarheid te ver te gaan en oor te beklemtoon sonder om die ander kant van die waarheid in aanmerking te neem. Antinomie (Logies onversoembare waarheid)
3. Die nuwe meer duidelike lig van Christus verduidelik die duistere en verlede. Die OT is 'n skadu van dit wat alreeds in Christus vervul is. Daarom kan die OT nie belangriker as die lig self wees nie. Die OT is nie onbelangrik nie in teen deel, dit verklaar en gee meer lig.
4. Christus staan sentraal oor die hele skrif en alles behoort deur Hom en tot Hom gesien te word. Enigiets wat weg beweeg van Hom as sentrale punt is in gevaar om die objek van die boek uit die oog te verloor. Die Bybel is nie 'n geskiedenis handleiding, of argeologiese grammatikale kode en of literêre meesterstuk nie. Dit is heilsleer. Dit is geskryf met die uitsluitlike doel om redding aan te kondig vir die mens en sy verhouding met God weer te herstel.
5. Jy kan nie allegorie verder vat en meer in dit lees as wat die skrywer bedoel het nie. Wanneer die skrif byvoorbeeld van die bruid praat is dit binne 'n bepaalde konteks wat die teks aandui en om meer in dit in te lees en dogma daarop te baseer is gevaarlik.
6. Die langer en meer volledige lering oor 'n onderwerp in die Bybel is meer outoritêr as 'n skrifaanhaling wat in die verbygaan gemaak word.
7. Die uitsprake en lering van Christus word as meer belangrik en rigtinggewend beskou as wat Paulus byvoorbeeld oor 'n aspek sou sê. Nie Paulus of enige ander skrywer in die Bybel sou ooit Jesus wou weerspreek nie.
8. Dit is belangrik om die konteks, agtergrond, tyd en teiken groep van 'n bepaalde skrywer te verstaan om sodoende sy boodskap beter te verstaan.
9. Omdat die meeste mense nie die oorspronklike tale kan lees of verstaan nie, is daar vertalings, elke vertaling is egter beperk tot menslike interpretasie na gelang van die lesers wat die vertalers wil bereik. Die antieke tale is ook baie kompleks en moet die gedagte van die skrywer eers verstaan word om die sin reg te vertaal, anders kan dit heeltemal uiteenlopende betekenisse hê. Daarom is dit goed om of 'n elektroniese sagteware program te hê wat die oorspronklike taal of woorde kan verklaar of om meer as een vertaling te gebruik.
10. Dis Bybel is opgemaak uit stellings (indikatief) en opdragte (imperatief). Ons vind hierdie fenomeen veral in die grondteks waar duidelik gesien kan word in watter vorm die skrywer 'n sekere ding sou sê. Stellings word gemaak om of God se perspektief of die mens se perspektief oor 'n gegewe saak te verklaar. Opdragte daarenteen is eenvoudig en voor die hand liggend. Dit is dus duidelik dat opdragte uitgevoer moet word alhoewel ons nie alle stellings noodwendig verstaan nie. Daar word niks van ons gevra waar Hy in

elk geval nie ook vir ons die genade gee om dit uit voer nie. Washington het eenmaal gesê dat dit nie die dele in die Bybel is wat hy nie verstaan wat hom bekommer nie maar die dele wat hy wel verstaan en nog steeds nie doen nie. Jesus het baie keer in gelykenisse en stories dinge aan die mense verduidelik, maar sy opdragte was duidelik en direk. Jy gaan dus moet kies of jy Hom gaan gehoorsaam of nie. Indien die hele mensdom net die woord sou gehoorsaam en nie daarvoor praat en redeneer nie sou ons al hemel op aarde gehad het!

11. Let wel in mens se persoonlike wandel met die Here kan die Heilige Gees enige gedeelte in jou hart lewendig maak en met jou daardeur praat. Maar wanneer dit oor dogma en grondwaarhede gaan moet ons verantwoordelik met die woord omgaan.

12. Maak seker wat jou eie motiewe is wanneer jy die Bybel lees. Het jy al sommer klaar vooraf besluit wat jy wil hê die Bybel moet sê en nou soek jy net 'n paar tekste om dit te bevestig? Of is jy regtig oop vir oortuiging? Sal jy toelaat dat die Bybel se stem 'n verandering aan jou manier van dink, doen en leef maak, of pas jy die Bybel aan by jou behoeftes? (terloops, op watter gebiede is jou lewe al radikaal getransformeer deur die Bybel.)

Tekskritiek teenoor die stem van die Here hoor en voortgesette openbaring.

Terwyl Stephan Joubert in die boek hoe lees ons die Bybel homself redelik sterk uitdruk teen diesulkes wat dan die stem van die Here hoor en die skrif uit verband uit ruk met katastrofiese gevolge is die teendeel ook waar. Hoeveel mense het nie al 'n Gideons Bybel in 'n hotel kamer opgetel en kragdadig tot bekering gekom deur net die lees van 'n paar skrifte wat op daardie oomblik deur die Heilige Gees tot 'n persoon praat nie. Sekerlik moet ons die Bybel verantwoordelik lees wanneer dit kom by die formulering van dogma en leerreëls. Maar ons moet nie God beperk wanneer die Heilige Gees 'n skrif vir individu opmaak en God daardie persoon deur Sy woord bedien nie. Hierdie bogenoemde boekie slaag goed in sy doel om mense sonder 'n teologiese agtergrond te leer hoe om die woord te interpreteer. Maar die groot vraag bly, na al hierdie kennis hoe openbaar God homself aan my en hoe kan ek Sy stem hoor?

Op hierdie punt stem ons nie saam met die Gereformeerde tradisie dat ons niks by die woord kan voeg nie. Want ons het immers die nuwe Testament bygevoeg. Wat op sy tyd preke en briewe was van die eertydse apostels om die Woord (OT) te verduidelik. Nou kom ons by die gedagte van kanon, waarmee ons nie verkil nie. Al wat ons sê is dat dieselfde maatstawwe wat ons kanon bepaal het, gebruik word om die voortdurende openbaring van God te interpreteer, te oordeel en te toets. Met ander woorde God praat nog steeds vandag met ons maar dit is nie nuut of vreemd aan die skrif nie. Dit is gesentreer om Christus en heilsleer. Lering en openbaring wat belangriker raak as ons fokus op Jesus Christus is nie aanvaarbaar nie en moet veroordeel word. Wat het die kerkvaders laat besluit dat juis hierdie boeke in ons Bybel opgeneem word? Daar was 'n ondertoon, frekwensie, goue draad van waarheid en heilsleer. Hierdie klank kan duidelik onderskei word van ander boeke wat ook in daardie tyd geskryf is en onder die kerk versprei is. Ons het nodig dat in hierdie eeu van reformasie ons mense sal leer om die waarheid te onderskei van die kaf. Dat ons mense volwasse en sterk sal word in die geloof om nie meer deur elke wind van doktrine rondgewaai te word nie. Dit is die doel van die reformasie; om mense in volwassenheid in Christus te bring.

Onthou die eerste kanonieke lys van bybelboeke wat die NT insluit is eers in 170 n.C. deur Marcion opgestel maar het nie die boeke Hebreërs, Jakobus, 1 & 2 Petrus en Johannes 3 bevat nie. Atanasius het in 367 n.C. eers die finale lys opgestel wat ooreenstem met ons Bybel vandag en wat ook deur die sinodes van Hippo Regius (393 n.C.) en Carthago (397 n.C.) aanvaar is as gesaghebbend. Die NT kanon is vasgestel op grond van die volgende beginsels.

1. Apostelskap. Die outeurskap moes aan 'n apostel toegereken kon word.
2. Ortodoksie. Dit moes in lyn gewees het met die leer van die hele Bybel. Boeke wat vreemde dinge verkondig is nie ingesluit nie.
3. Oudheid. Die boek moes in die eerste paar dekades na Jesus se opstanding geskryf gewees het.

4. Gebruik. Daar is veral gekyk hoe wydverspreid die boek gebruik is. Boeke wat net plaaslik populêr was is nie ingesluit nie.

5. Die outoriteit van die Skrif en Kanon van Bybelboeke is hoofsaaklik gesetel in die feit dat God Self Sy woorde bekragtig en waarmerk onder die mense. Soveel van die gebeure waar God met die mens gepraat het in die Bybel, is daar sigbare manifestasies en goddelike verifiëring van die Woord. Die geïnspireerde Woord van God is dus self-bekragtigend, dit hou Homself gestand.

Inspirasie. Moderne gelowiges is geneig om te dink dat net boeke wat deur die Gees van God geïnspireer is, in die Bybel opgeneem is. Die interessante is dat die kwessie van inspirasie nooit as maatstaf gebruik is nie. Die waarheid is dat enige boek wat geestelike waarhede bevat het as geïnspireerd beskou is.

Ons lewe in die era van kennis, dit is vrylik beskikbaar, meer mense is geleerd as ooit tevore in die geskiedenis. Mense weet meer oor die verskillende wetenskappe en predikante, medici, regsliu en ander professionele beroepe moet meeding met al hoe meer kennis wat of gratis of baie goedkoper aan die mensdom vrygestel word sodat mense hulle eie opinies kan vorm. Die predikant is dus nie meer die onaantasbare ikoon wat op sy hoë preekstoel staan en vir die mense voorskryf hoe en wat hulle moet dink omdat hy die enigste persoon is wat geleerdheid het nie.

Mense wil meer weet en verstaan en wil vir hulleself die waarheid ontdek en ontsyfer. Maar met al hierdie kennis en derduisende opinies en opsies raak die pad van die waarheid al hoe meer onduidelik.

Waarheid is nie 'n leerstelling of sekere doktrine nie maar is 'n persoon Sy naam is Jesus en wanneer ons Hom waarlik ken sal Hy ons vrymaak.

KERK OF NIE KERK?

Die hoofrede hoekom ons moet bid vir reformasie in die kerk is omdat daar so baie mense uit die kerk uit stroom en hulle eie antwoorde begin soek op ander plekke. Nie net is die getalle van gereformeerde kerke besig om af te neem nie, maar ook in charismatiese kerke stroom mense by die voordeur in maar net so vinnig by die agterdeur uit. Meer en meer mense sê hulle is moeg vir kerk. Die hele konsep van kerk is vir hulle negatief. Gewoonlik is dit omdat die program of wyse van hoe dinge gedoen is in 'n spesifieke kerk hulle nie aangestaan het nie, of deurdat hulle seergekry het om welke wyse. Ander voel ontnugter en glo die kerk het hulle mislei, die kerk het ernstige foute gemaak, en hoe kan ons dus die kerk nog vertrou? Verder maak kerkleiers en sogenaamde godsmanne hulleself skuldig aan misdrywe wat nie eers onder sondaars genoem word nie. Ten afgryse van die kerk in sy geheel moet ons toekyk hoe Sondagkoerante kerkleiers se sondes openbaar maak. Natuurlik is almal nie hieraan skuldig nie maar dit doen nie veel vir die kerk se beeld in die geheel nie.

Meer en meer mense wil die Here in die veiligheid van hulle huise dien en nie meer deel wees van 'n kerk nie. Christen televisie gee diesulkes toegang tot die beste preke en Woordbediening te wêreld, so wat het ek nou meer nodig? Ek het tog Christen vriende, met wie ek nie bande verbreek nie, en wil net nie meer deel wees van 'n kerk nie! Die huisgroep konsep wat in die meeste groeiende kerke gebruik word, neem hier 'n ander vorm aan. Kerklose en diesulkes wat deur die kerk sisteem geskend gelaat is vind weer liefde en omgee in 'n kleingroep. Gebedsgroepe en bybelstudie groepe word gevorm wat nie deel is van enige kerk nie om die behoefte van gemeenskap te vervul. Terwyl diesulkes groot seën ervaar uit sulke groeperinge is daar ook vele gevare wat later bespreek sal word.

Ons konsep van kerk:

Die meeste mense sien kerk as 'n struktuur, 'n gegewe identiteit en organisasie, 'n gebou, 'n geestelike leier en sy aanhang. Die waarheid egter is dat die hele konsep van kerk, soveel fasette het en dat God se plan van kerk so wonderlik en veelvoudig is dat ons nie in een boek die volle inpak en volheid van kerk sal kan bespreek nie. Soos Dr. Pelser in sy boek "God's genius" verduidelik, dat toe hy op 'n dag 'n vlugtige blik kry van wat kerk werklik moet wees, hy toe uitroep; "If that is true, church must be your genius!" As dit waar is dat God se plan van kerk sy meesterstuk aan die wêreld is dan kan geen een mens die volheid daarvan begryp nie. Die somtotaal van dit wat God in ons elkeen belê het, saamgeflans volgens die spesifieke voorskrifte van hoe kerk moet bestaan uiteengesit in Sy Woord sal ons die hele prentjie gee.

Kerk is God se plan vir die mensdom. Die konsep van bruid, koninkryk, Jerusalem, Sion, familie, tempel is alles wissel terme van dieselfde ding, Sy Kerk. Wanneer ons net aan een aspek van kerk aandag gee, en groot seën daaruit put, beperk ons die Here om aan ons die volheid van kerk te toon. So fokus 'n sekere groep op sending en word daar wêreldwye sending organisasies gestig, maar in wese is sending die opdrag van die kerk. Sulke organisasies moet dan weer op hulle beurt baie tyd mors om befondsing en hulpbronne van die kerk te kry omdat soveel kerke passief staan teenoor sending. Dieselfde geld vir gebedsorganisasies, leierskap en menslike hulpbronne organisasies, jeugorganisasies ens. ens.

Netsoos wat die fariseërs nie die skrifte kon verstaan wat voor hulle oë vervul word nie, en nie kon sien dat die hele skrif gegee is om God se plan van redding aan die mensdom te toon nie. Met ander woorde; elke skrif vanaf Genesis tot Maleagi is 'n heenwysing na die messias wat sou kom. So sien ons nie dat, God se hele plan met Christus was met die oog op Sy Kerk nie. Ons wil dus net soos die mense in die tyd van Jesus die kerk kruisig en doodmaak, omdat dit nie aan ons verwagtinge voldoen het nie!

Ons moet eerder bid dat die Here Sy kerk sal reformeer en in lyn bring met Sy woord sodat ons die skrifte oor die kerk kan begin vervul soos wat Jesus die skrifte vervul het.

Die probleem is dat ons elkeen 'n legitieme stuk van kerk in ons hand mag hê, maar ongelukkig nie die groter geheel sien nie. In ons stryd om ons stukkie te verdedig en te behou skend ons baie keer die geheel en kom ons geensins nader aan die waarheid nie.

Voordele van Ware Kerk.

'n Geestelike Adres - Ons almal weet ons is gees, siel en liggaam. So is daar weereens verskillende belewenisse in kerk. Jy het 'n verhouding met die Here, en hoor self Sy stem, maar indien jy nie aan 'n liggaam behoort in jou lokaliteit nie het jy nie 'n geestelike adres nie. Kerk gee aan jou 'n liggaam waardeur en waarmee jy in hierdie wêreld op legitieme wyse kan beweeg en interaksie hê met ander kerke. Jou bediening moet dus geanker wees. In die Loofhuttefees wat alle besnede mans een keer 'n jaar moes bywoon het die Jode 'n interessante tradisie. Tydens die fees word daar 'n ritueel uitgevoer waarin 'n persoon in sy een hand 'n Etrog (citrusvrug) hou en in die ander hand drie takke vasgebind met 'n goue tou. Hierdie voorwerpe word dan in die vier windrigtings asook na die hemel en na die aarde gewys waarna daar elke keer 'n gedig op gesê word om God se heerskappy te verklaar oor die hele aarde. Die Etrog simboliseer die Kerk. Die een helfte volgens Joodse gebruik die Jode en die ander helfte die onbesnedenes. Die vrug word tydens die seremonie ook omgedraai. Die feit dat hulle 'n Sitrusvrug gebruik om die kerk voor te stel is interessant omdat 'n sitrusvrug 'n sel binne 'n sel binne 'n sel is. Met ander woorde drie dele wat om die beurt deur die ander beskerm word. Wanneer Paulus ook met die gemeente in Korinte praat dat hulle tempel van die Heilige Gees is, verwys hy eerstens na die individu, dan die lokale gemeente en dan die kerk in sy geheel. Ons probleme ontstaan wanneer ons die een teenoor die ander of sonder die ander afspeel. Geen mens kan deel wees van die ware lokale gemeente sonder dat hy nie self ook 'n tempel van die Here is nie dit kan lei tot sakralisme, verder kan die lokale gemeente hom nie losmaak van die groter geheel nie dit lei tot sektariese bedrywighede, verder kan die groter geheel nie voortgaan sonder die deelname van die lokale gemeente nie want dit lei weer tot outokrasie. Wanneer 'n individu hom of haarself los maak van die lokale gemeente het so 'n persoon ook min invloed in daardie gemeenskap. Sitrusvrugte is ook bekend vir die vitamine C wat bindweefsel tussen siek en losstaande selle bevorder.

Berading en genesing - Pastorale beraad het vandag 'n spesialiteitsbediening geraak. Maar weereens is die kerk nie noodwendig beter daaraan toe nie. Berading is niks anders as woordverkondiging op individuele vlak nie. Mense beland in probleme omdat hulle nie die Woord toepas nie. Sekerlik moet 'n individu bedien word en begelei word na heling maar binne die raamwerk van die gemeente as geheel. Want sou 'n individu deel wees van die hele meganisme van kerk en al sy fasette sal persoonlike berading tot die minimum nodig wees. Wanneer 'n kerk gerugsteun word deur die vyfvoud bediening en namate lidmate volwasse word volgens die vlakke uiteengesit in die Woord naamlik kinders, jongmanne en vaders sal 'n individu wat emosioneel geskend is weer heel word en sterk word sodat hy of sy weer op hulle beurt iets vir iemand anders kan beteken. Berading is nie verkeerd nie, die waarheid is dat sommige persone afhanklik raak van berading en nooit heel nie, hulle gaan van berader tot berader want hulle is heelwaarskynlik ook nie werklik deel van 'n ware kerk nie.

Dissipline - Wanneer jy op jou eie staan, wie gaan jou gedrag of handeling kan korrigeer. Wie gaan jou woorde beoordeel. Wie sal jou tereg wys indien jy verkeerd handel. Indien ons tereg wysing verstaan binne 'n gegewe outoriteitsbasis, onder wie se outoriteit staan jy?

Familie - Die enigste model of struktuur wat deur God bepaal is, is die familie. God die drie-eenheid funksioneer soos 'n familie, Adam en Eva was die eerste familie. Ons sien die uitgebreide familie in die Stam struktuur van Israel. Die God van Abraham, Isak en Jakob. Familie is vir God belangrik en gee aan ons die model oor hoe ons uiteindelik een met Hom moet word. Die dinamiek van familie is die basis en platform van die kerk.

Gebed - Almal weet dat ons moet bid, maar wanneer 'n gemeente saam bid en oor 'n saak saamstem word daar krag in die hemel ontsluit wat ons nooit op ons eie sou kon regkry nie. Die hekke van die hel sal nooit kan standhou teen die kerk nie! Dis deur die kerk wat die veelvoudige wysheid van God aan die heerskappy van die duisternis bekend gemaak word. Sekerlik het sekere mense die gawe ontvang om in te tree, maar dis die werk van die kerk om as geheel in te tree. Die dinamiek van gebed en al sy fasette moet weer in die kerk ontsluit word en die leiers moet begin bid. Jesus as leier was vir sy dissipels 'n voorbeeld oor hoe gebid moet word. Uit jou voorbeeld moet de leier die mense leer.

Gemeenskap - Gemeenskap gaan veel verder as net om mense te ken en saam te kuier. Maar daar is geheimenisse wat deur die Gees oopgesluit moet word in die kerk, sodat ons deur die Gees gelei dinge sal doen en weet wat nie deur 'n mens aan ons opgedra is nie. Dis dan wanneer mense op leiding van die heilige Gees mekaar bedien en help en aan mekaar voorsien sonder dat iemand dit georkestreer het. Elkeen doen net dit wat natuurlik kom en sonder enige menslike beheer en manipulasie word daar aan almal se behoeftes voorsien. Iemand het vir my gebed en ek is gesond maar ek weet nie wie dit was nie. Iemand het hierdie kos hier neergesit, ons weet nie wie nie. Wanneer jy aan die liggaam behoort hoef jy nie eers te sê wat verkeerd is nie, die liggaam voel dit aan!

Gesag - Wanneer jy deel is van 'n kerk of liggaam het jy 'n groter stem en gesag. Want jy spreek namens 'n groot groep mense wat in eenheid is oor 'n saak. Net 'n kerk wat akkuraat is en weet wat hulle doen kan die owerhede en prinse van duisternis verplaas met die heerskappy van die Lig. Individue kan daarvoor bid, maar hulle het nie die outoriteit om uiteindelik te doen wat nodig is nie. So kan gebedsgroepe bid en dinge verklaar in die gees, maar dis 'n gemeente en 'n kerk in sy geheel wat die outoriteit ontvang het vir 'n sekere lokaliteit en God se septer staan maak in 'n gemeenskap.

Groei - 'n boom groei vanself sodra hy geplant word. Mense wat nie in 'n kerk geplant is nie, is soos bonsai boompies of kwekeryplante wat gedurig rondgeskuif word maar nooit geplant word waar dit kan groot word en volwassenheid bereik nie. Die groot misleiding van die vyand is dat ons dink groei van ons afhang. Ja jy moet op die regte plek in jou natuurlike habitat geplant word dis al. Die groei is afhanklik van genoeg, water, sonlig, bemesting, snoeiwerk en insekbestryding. Hierdie dinge gee die Here deur sy kerk. Jy kan dit nie self produseer nie. Daarom is daar so baie verskillende kerke, met verskillende funksies, jy moet net die regte habitat kry, soort soek soort. Waar hoort jy? Waar het God jou geroep? Vir watter span speel jy? Kerke is oos voertuie. Daar is allerlei soorte en gebruike vir verskillende soorte voertuie. Sekere motors is gebou vir spoed en lang afstande, ander kan weer op enige tipe terrein ry, maar is nie so vinnig nie. Min voertuie kan in al jou behoeftes voorsien. Iewers moet jy kies, daar is nie 'n perfekte kerk nie. Een kerk blink uit op een gebied maar vaar swak in 'n ander gebied. Soek dus 'n kerk wat jou gaan uitbring by jou bestemming en volgens jou roeping. Sommige mense wil egter nie 'n voertuig besit nie, en eerder van publieke vervoer gebruik maak. Maar so vra elke keuse goed of sleg 'n prys.

Ko-operatiewe identiteit - Om deel van 'n kerk te wees, gee jou 'n identiteit. Jy staan vir 'n saak! Jy is nie maar net daar nie. As die liggaam gesien word as 'n weermag, in watter korps is jy?

Kultuur - Elke nasie volk en taal in sy diversiteit is deel van die kerk waar kulture verlore raak in die besef van ons nuwe identiteit in Christus, waar elke volk sy gawe kom deel maak van die groter geheel. Multi-kulturele gemeentes wie se invloed weier strek as die grens van 'n dorp, streek of nasie is kenmerklik van 'n ware kerk wat besig is om op te staan.

Leiding - Dank God dat terwyl ware geestelike leiding 'n skaars kommoditeit geword het in ons dag, het God leiers opgerig wat duidelik en soos die rigters van ouds presies die weg aandui. God het nie die kerk weerloos gelaat nie, maar het individue opgerig wat elkeen baie duidelik die pad aanwys. Diesulkes weerspreek nie die woord nie en bou nie op hulle eie fondament nie, het nie noodwendig die grootste kerk nie, want dit gaan nie oor hulle as persoon nie. Hulle is eerste maar ook laaste. Hulle loop voor en breek 'n pad oop sodat die res maklik kan volg en weet hoe om te loop. Hulle doelwit? Christus? Want uiteindelik moet ons almal gelyk word aan Sy beeld.

Lofprysing - Oor lofprysing en die krag van lofprysing en die verskillende fasette van lofprysing kan boeke vol geskryf word. Wanneer jy jousef uitsluit van hierdie bemiddeling en heerlikheid van God kom jy 'n belangrike en integrale deel van God se plan vir sy kerk kort. Daar is 'n oneindige en heerlike krag en rykdom oopgesluit in gesamentlike lofprysing waar elkeen deelneem en nie net toeskouers is nie.

Mandaat - God gee aan elke kerk 'n mandaat. Hierdie mandaat is die basis en grondslag vir alle aktiwiteite. Elke kerk gaan ook verantwoording doen saam met sy leierskap of hierdie mandaat vervul is of nie. Weereens om buite die kerk te staan sny jousef af van die gegewe plan en werking van God vir 'n sekere

gemeenskap, streek of nasie. Geen persoonlike mandaat kan in elke geval sonder die liggaam en in isolasie vervul word nie.

Oorlogvoering - Wanneer die kerk as geheel in die oorlog gewikkel is, en hulle plek in die stryd verstaan en doen dit wat God hulle beveel om te doen word geweldige aanslae gemaak op die vestings van die bese in 'n sekere lokaliteit. Geeneen veg in sy oorlog nie. Ons is almal in dieselfde stryd gewikkel en wanneer God opdragte en voorsiening gee vir 'n sekere saak dan mis ons dit. By elke diens word sekere dinge verduidelik en aan die lig gebring om ons in die stryd vir die week te help. Sou ons dit mis, is ons ook nie gereed vir die komende week nie.

Ondersteuning - Soveel mense wat al iets van die ware kerk ervaar, getuig oor hierdie een ding. Die ondersteuning van die liggaam is ongelooflik! Ek het dit nou al sou baie gehoor waar kerke volgens die voorskrifte van God se woord funksioneer en mense net nie uitgepraat kan raak oor die ondersteuning, fisies, emosioneel en geestelik wat hulle by 'n sekere kerk beleef nie.

Sekuriteit - Daar is veiligheid, want ons almal veg in die selfde stryd, maar in 'n kerk word die wat nog swak is beskerm teen die felle aanslae van die bese. Daar is veiligheid in die raad van wyse gelowiges wat die swakkes help. Elkeen doen nie sy eie ding nie, en geen daad word in isolasie gedoen nie. Dit bring geweldige veiligheid mee in terme van besluite en keuses wat gemaak moet word. Die mens kan self op sy eie so maklik mislei word, dat ons mekaar nodig het om ons te help om die waarheid te ken is verseker.

Sending - 'n gemeente wat bou op die fondasie Christus en wat die gawes wat God aan die kerk gegee het erken en aanvaar, kan nooit inwaarts dink nie. In teen deel, feitlik alle aktiwiteit is met die oog op 'n uiteindelijke uitwaartse aksie. Die kerk is tog immers gegee om elke gelowige toe te rus vir hulle dienswerk.

Span - In 'n groter span, kan elkeen fokus op die gawe wat hy of sy ontvang het, want alles kom nie meer op een persoon neer nie. In die liggaam van Christus het elkeen 'n bepaalde funksie en kan ons nie sonder mekaar funksioneer nie. As elkeen doen waarvoor hy of sy geroep is, dan is die las lig en is ons werk nie 'n stremming en 'n te swaar verantwoordelikheid nie.

Versorging - Wanneer die liggaam reg funksioneer en nie om 'n sekere leier sentreer nie, dan is daar voldoende versorging vir elke lid in die liggaam. Niemand sal ooit iets kortkom nie.

Viering - Sommige mense leer dat die basis van kerk net die kleingroep of familie is. Sekerlik is daar waarheid in hierdie punt maar niemand kan die krag en dinamika van viering misken nie. Wanneer gelowiges saamkom en saam aanbid word daar 'n krag ontketen wat sonder daar iets doelbewus gedoen word, elke individu oplik, versterk en aanmoedig tot meer.

Daar is geen perfekte kerk op aarde nie.

Die kerk waarvan die Bybel praat is die kerk van die *berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduizende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.* (Heb 12:21-24)

Dr. Pelsers vertel waar die Here hom eendag 'n boek gewys het waarin al die name van elke kerk wat bestaan en bestaan het voorkom. Die Here sê toe aan hom; "Nie een van hierdie kerke is gelyk aan My kerk nie, elkeen het dalk 'n aspek of deel daarvan maar My Kerk kom nie in daardie boek voor nie." Woorde tot nadenke. Ons wil so graag glo ons het die hele waarheid.

Maar dis waar, want die kerk van die Bybel het nie 'n naam nie. Moet ons dan nou almal ons kerke bedank en ontbind en eerder net as gelowiges bekend staan? Nee, nie letterlik nie. Maar in 'n mate moet ons die waarde wat ons aan ons eie heg opgee om mekaar raak te sien as medegelowiges in 'n sekere lokaliteit, elkeen geroep tot 'n sekere funksie en doel. Ons moet die grense wat tussen ons is laat vaar en verstaan dat

verskillende groepering dalk 'n verskillende aksent en taak mag hê, en dat samewerking en wedersydse respek 'n voorvereiste is sodat God se koninkryk kan kom hier op die aarde soos wat dit in die hemel is. Is daar immers in die hemel nog kerkgenootskappe? Sekerlik moet ons 'n identiteit wees en elkeen moet ons ding doen maar nie teenoor mekaar en sonder mekaar nie.

Daarom hoe vinniger mense uit kerke uitloop en nie weer ooit deel wil wees van 'n kerk nie hoe langer gaan dit vat om die gegewe opdrag of mandaat vir 'n gemeenskap uit te voer. Wees deel van 'n kerk! As jou kerk nie hierdie leer verkondig nie en daar geen ander kerk is wat dit in jou gemeenskap doen nie, soek die Here dat daar wel so 'n kerk mag kom, wat Koninkryk sien en instrumenteel kan wees om die ander kerke te beïnvloed en aan te spreek om of te verander of heeltemal van die toneel te verdwyn. Want Kerke wat nie gaan reformeer nie sal stagneer, verouder en bloot monumente word vir toeriste om te besoek.

God het nie plan 'B' nie. HY wil Sy kerk bou en die hekke van die hel sal nie daarteen standhou nie. Daar is genoeg organisasies wat nie kerk wil wees nie die meesterplan van God vir kerk mis. Sy kerk is nie net een faset nie, maar is 'n multidimensionele, organiese, volkleurige heerlijkheid wat nou besig is om aan die Wêreld geopenbaar te word as jy dit kan glo.

In die Kerk se donkerste uur kom sy heerlikste lig!

Terwyl die prentjie donker gekleur is oor wat dan in die sogenaamde kerk aangaan, is God besig om sy ware kerk op te rig en die Wêreld sal verstom staan oor sy heerlijkheid. Dis nie in getalle, strukture of organisasies nie. Dis nie in groot name, groot visies en planne nie. Dis nie in groot katedrale en magtige geboue nie. Dis nie die werk van 'n mense nie maar God se meesterplan wat stadig aan die Wêreld omvou word om die finale en laaste deel van Sy doel met die mens te verwesenlik, naamlik dat ons hom sal sien soos hy werklik is want ons is gereed gemaak deur Sy Gees om as Sy bruid uit te roep Kom Here Jesus KOM!

KOM TERUG HUIS TOE!

Deur die eeue heen het die kerk verskeie vorme aangeneem soos wat die verskillende aspekte van kerk vir individue en later groepe oop gegaan het. Die verskillende aksente en fokuspunkte is alles deel van wat ware kerk moet wees. Die lokale gemeente is dikwels geïsoleer van die groter geheel omdat hierdie aksente of deur die groter denominasie gehanteer word en die lokale gemeente bloot 'n statutêre oorbetalings maak tot ondersteuning. Maar die gemeente self het nie deel op lokale vlak aan die dinamiek en seën wat 'n spesifieke fokus inhou nie. Byvoorbeeld; Sending, baie gemeentes is nog glad nie betrokke in die sending veld nie, buiten miskien in die vorm van 'n maandelikse finansiële steun. Maar die lidmaat staan baie koud en onbetrokke tot die hele saak. Die geweldige seën en inpak wat sending op die individu kan inwerk ten opsigte van geestelike groei en verryking is oneindig! In die laaste 10 jaar het dit alreeds baie verander is daar vele gemeentes wat nou hulle eie sending aksies loods in samewerking met nasionale en internasionale sending organisasies.

Sending is 'n belangrike onderdeel van die aktiwiteite van kerk, en moes nooit uit die kerk uit beweeg het nie. So het aspekte soos Jeugwerk, Gebed, die Kunste, Sending, Evangelisasie, Berading en nog vele meer, buitekerklike aktiwiteite geword, terwyl dit belangrike aspekte van ware kerk is.

Sekerlik kan daar nasionale organisasies wees wat mense oplei en help, maar as diensorganisasies aan die kerk. Sodat hierdie aktiwiteite weer deel kan word van die lokale gemeente!

Orals in die land gaan daar nou gebedshuise op! Omdat die kerk nie vinnig genoeg verander en bybly ten opsigte van die nuwe veranderinge nie, beweeg mense uit. Die lokale gemeente kan baie keer nie hierdie mense akkommodeer nie as gevolg van hulle eie sisteme en regulasies en verloor in die proses. Hierdie mense staan nou weer buite kerk, sonder beskerming en leiding en is baie vatbaar vir misleiding.

Twee jaar gelede toe ek twee huisvroue erken en orden as apostel en profeet om gebed terug te bring na die Kerk, met die seën van hulle geestelike leier. Het dit nie 'n klein opskudding veroorsaak nie. Maar hulle bediening het vir hulle ruimte gemaak en hulle bediening word deur verskeie gemeentes erken en bied hulle nou gebedskursusse regoor die land aan. Maar wat vir my uitstaan is dat apostel Lizette van de Linde se moeder die selfde aand droom hoe die gebed beweging besig is om geboorte te skenk aan 'n kind maar hulle wil terselfdertyd die moeder doodmaak. Ons het dadelik geweet wat dit beteken en begin bely dat so baie gebedskole en groepe selfs in hulle gebede die kerk oordeel, kritiseer en verloën. Kerke moet begin bid! Kerkleiers moet begin bid!

Die effek verder van hierdie uit beweging uit die kerk. Is dat hierdie groepe geskool word in 'n sekere aspek van gebed en oor 'n tyd baie kundig raak. Wat dit vir hierdie mense moeilik maak om in gemeentes te bly en saam met die gemeentes te bid, want hulle is nou heeltemal op 'n ander vlak. Die gewone lidmaat voel geïntimideer en die gegewe persoon voel gefrustreer. Waar as gebed in die kerk was, het die hele gemeente saam gegroei in gebed, sekere persone sou hulleself onderskei in die gebied maar dis deel van die familie en is vir niemand 'n probleem nie eerder 'n seën.

Dieselfde kan gesê word rondom die kunste hoeveel ongebruikte talent lê nie opgesluit in die gemeente nie? Kunstenaars, digters, sangers, akteurs, dansers en so meer. Hierdie mense sal dalk nooit dit waag om deel te word van een of organisasie nie, of is nie in staat nie. Sou die lokale gemeente egter kunste erken as 'n legitieme medium om die evangelie te verkondig en om mense te leer kan al hierdie mense tot hulle reg kom.

Daar is soveel aspekte en dimensies van kerk, ons kan dit nie verwoord nie. Geen een mens kan dit begryp nie! Maar die wêreld wag met reikhalsende verlange na die openbaarmaking van die Seuns van God. Sy Kerk!

Aspekte wat die nuwe apostoliese reformerings kerke anders maak.

Van passasierskip mentaliteit tot vliegdekskip funksionaliteit.

Van weeskind/bedelaar tipe gebed tot gebed vanuit 'n regerings outoritêre tipe gebed.
Van piramiede strukture tot planetêre stelsels waarin elkeen weet hoe om in sy wentelbaan te bly.
Van humanisme tot godsvrug
Van mensgerigte aktiwiteite tot Godgerigte fokus
Van selfgesentreerdheid tot bereidheid om te ly en op te offer
Van konsentrasie op geboue en vaste bates tot die bemagtiging van die lidmaat
Van 'n ontsnappings tot voleindiger mentaliteit.
Van lokale tot globale perspektief
Van selfgesentreerde lofprijsing tot lofprijsing wat God behaag.
Van onkunde tot volwassenheid in die geloof
Van wettisisme tot vryheid in die Gees
Van statiese tot organiese groei
Van leë toekomsbeloftes tot "dit is wat"
Van wat? tot hoe?
Van werke tot genade
Van Charismaties en gereformeerde tot reformerend
Van sigbare manifestasies tot inwaartse hartsverandering.
Van vals tot eg

‘n Nuwe perspektief op gebed.

Gebed moet beantwoord word met inspraak van God anders het jy nog net met jouself gepraat.
Gebed is meer as rympies opsê aan tafel en snags voor ons gaan slaap.
Gebed is nie 'n lys van behoeftes wat aan God deurgegee word vir Sy aandag nie.
Gebed is nie om God in te lig van jou probleme asof Hy dit nie weet nie.
Gebed is om Sy wil te verstaan en daarvolgens te bid.
Gebed is om deur te dring in die geestelike dimensie en dinge vanuit Sy perspektief te sien.
Gebed is nie 'n program wat die kerk aanbied nie, maar die rede hoekom die kerk bestaan.
Gebed in al sy aspekte is die mees belangrikste oefening vir enige gelowige se strewe na godsvrug.
Ons hele lewe is 'n gebed, en elke asemteug 'n uitreiking van ons gees om kontak te maak met Syne.
Gebed is bloot die vorm van kommunikasie en verhouding in al sy fasette met 'n lewende nabye God.

Vas en gebed, en die vurige gebed van die regverdige, meditasie, intersessie, waak en wag is verskeie vorme van gebed om dieper met God in verhouding te staan. Elke gelowige behoort geoefen te wees in al hierdie aspekte van gebed.

Chuck D. Pierce in sy boek *the future war of the Church* maak die volgende verskille tussen die tradisionele kerke se perspektief op gebed en die nuwe apostoliese reformerings gemeentes se perspektief.

In tradisionele gemeentes is gebed 'n bykomstige omstandigheid terwyl in apostoliese gemeentes gebed sentraal staan.

In tradisionele gemeentes is gebed 'n roetine terwyl in apostoliese gemeentes is dit spontaan. Menigte kere sal jy hoor; "Kom ons stop en bid" gevolg met 'n onbeplande en ernstige gebedsessie.

In tradisionele gemeentes is gebed nou en dan terwyl in apostoliese gemeentes is dit dikwels, tydens die aanbidding, tydens prediking, te midde van geselskap.

In tradisionele gemeentes is gebed passief terwyl in apostoliese gemeentes aggressief en onbeskroomd. Daar word werklik 'n antwoord op gebed verwag.

In tradisionele gemeentes is gebed stemmig en stil terwyl in apostoliese gemeentes is gebed uitbundig. Die hele gemeente sal sommer by tye in gesamentlike luide gebed ingaan waar almal tegelykertyd saam bid.

In tradisionele gemeentes is gebed eerbiedig terwyl in apostoliese gemeentes gebed uitdruklik en ekspressief is. Mense bid met hulle oë oop, sommige kniel of loop.

In tradisionele gemeentes is gebed emosieloos terwyl in apostoliese gemeentes gebed baie emosievol is. Wanneer daar vir 'n saak ingetree word kan tranes en weelag verwag word.

'n nuwe perspektief op aanbidding:

Die herbou van die tabernakel van Dawid as 'n model van lofprysing vandag. Nuwe liede en sang geïnspireer deur die Gees, dans, hande klap en juig, bewegings gefokus om Hom in Gees en in waarheid te aanbid.

Aanbidding gefokus op die realiteit van Sy teenwoordigheid hier en nou.

Aanbidding wat wag en reageer op Sy inisiatief en liefdesgebare.

Aanbidding waar die hele gemeente jonk en oud saam beweeg en reageer op profetiese inspraak.

Aanbidding wat 'n lewenstyl word en alles wat ek doen Hom verheerlik.

Akkurate en seker bewegings in die geloof, nie los betekenislose rituele.

'n nuwe perspektief op Kerkstruktuur:

Die erkenning en aanvaarding van die vyf genadegawes wat deur Christus gegee is om die kerk toe te rus vir hulle dienswerk. Apostels, Profete, Evangelis, Herder, Leraar.

Gemeenskap van gelowiges waar elke lid sy bediening ken, verstaan en uitleef.

Fokus om elkeen se funksie te verstaan en te erken sonder dat enigiemand hom/haarself 'n posisie toe-eien. Geen struktuur waar enige iemand bo (meer belangrik) die ander verhef is nie. (Piramiedes)

Strukture is daar om funksioneel te wees en nie struktureel te beheer nie. (Planêre stelsels)

Kerk is die gimnasium waar elke gelowige hom/haarself in die godsvrug kan beoefen terwyl hy of sy uitgaan en dissipels gaan maak.

‘n Nuwe perspektief op Bediening:

Elke gelowige het 'n roeping en bediening om te vervul in samewerking met die gemeente.

Dit is die kerk se verantwoordelikheid om die hele gemeenskap te bedien en te versorg, armes te voed, die wat siek is gesond te maak, die wat vasgevang is te bevry, die wat moed verloor het te bemoedig en te versterk, en die wat rigting verloor het perspektief te gee.

Die kerk se verantwoordelikheid lê verder daarin om die gemeenskap op te voed, te leer en te rig in godsvrug, en mense te help om geestelik te groei deur voorbeeld en geïnspireerde woord verkondiging.

'n Kerk is 'n liggaam waar elke deel van die liggaam bydra tot die versorging en versterking van die ander. Daar is geeneen wat enigiets kortkom nie, nie fisies, emosioneel of geestelik nie. Elke behoefte word deur die liggaam gediagnoseer, behandel en opgelos.

Mens gaan nie kerk toe nie, jy is kerk en het elkeen dus 'n funksie om te vervul in terme van woordverkondiging, getuie wees en bediening.

‘n Nuwe perspektief op Leierskap:

Leierskap is nie posisie nie maar 'n funksie, deur God gegee as gestuurde om 'n sekere taak te vervul.

Die leier dien die gemeente deur die mense hoër te ag as hom/haarself en sy/haar lewe vir die gemeente te gee.

Die gemeente dien die leierskap deur te doen wat hulle sê, opdragte uit voer en sodoende die werke van God te vervul.

‘n Nuwe perspektief op Christen Karakter en leefstyl:

Die Bybel moet 'n realiteit word in ons lewe, deurdat ons deur die Gees gelei, die Woord toepas en leef in elke faset van ons lewe.

Self verloëning is die begin en einde van hierdie proses, deurdat self sterf en die individu deur die opstandingskrag van God begin om te leef in die volle karakter van Jesus Christus. Hierdie is 'n daaglikse proses waarin self sterf en die persoon elke dag meer en meer verander word om soos Jesus te wees.

Egtheid, eerlikheid, integriteit en waarheid word die basis waarop alle ander godsvrug geopenbaar word. Om jouself te wees, natuurlik te wees, eg te wees is die voedingsaar van heilig wees.

Die vrug van die Gees en goddelike karakter word dan deel van jou natuur en menswees wat natuurlik na vore kom alvorens self verdwyn.

Volwassenheid in die Here beteken dan ook verder dat ek in terme van God se natuur soos 'n kind word en die goddelike eienskappe van kindwees beleef as deel van my identiteit en menswees.

Om gevul te wees met Sy Woord en Sy Gees daaglik en sodoende in die Gees te wandel, te dink en op te tree is my fokus elke dag, want hier lê ware vrede en blydskap.

‘n Nuwe perspektief op ons mandaat en die Groot opdrag:

Ons is almal geroep om dissipels te maak en die woord te verkondig, aan alle nasies, hulle te doop en te leer aangaande die leer van die koninkryk.

Elke gelowige het dus 'n rol om te vervul in terme van uitreiking en bediening, om 'n voorbeeld te wees in Godsvrug om sodoende dissipels te kan maak.

Bediening is vanuit die uitgangspunt dat Jesus alreeds in mense is, Hy stuur, ons preek, Hy roep, iemand glo en roep uit na redding. Ons werk is dus om saam met God te werk, en die wie se harte hy alreeds voorberei het te help om tot die volle lig te kom.

Prediking, verkondiging, proklamering, lering, teregwysing, redenering is die gereedskap wat God gebruik om mense tot inkeer te bring, ons verkondig net die goeie nuus, dat die koninkryk van God naby gekom het.

‘n Nuwe perspektief oor ons finansies

Elke gelowige wat 'n inkomste verdien is geseën om te kan gee. As God se rentmeesters behoort niks aan ons nie, ons is bloot die instrumente waardeur Hy kies om te werk.

Maar dit wat geld vir die individu geld ook vir die kerk, wat moet gee en help om eerstens die evangelie te verkondig, dan die weduwee en die wees te versorg, die arme te voed en die lyding van die medemens te verlig.

Wanneer die kerk dus sy funksie vervul kan die rentmeesters en regeerders ook hulle taak vervul deur die kerk te help om dié taak uit te voer. Die kerk en die besigheidslui is dus in vennootskap tot die uitvoering van bogenoemde behoefte.

Die gee van finansies in die kerk is nie bloot om 'n predikant se salaris te betaal en sodoende alle geestelike verantwoordelikheid op sy skouers te plaas nie. Maar die kerk in sy totaliteit word bloot die agent van hulpverlening en uitreiking na die gemeenskap waarin elke lidmaat 'n funksie vervul in terme van bydraes in persoon of in finansies.

DIE LEER VAN OPHOUDING

Gestel 'n gegewe persoon kom tot bekering, maar hy was nog nooit in sy lewe in 'n kerk nie, en weet nie wat dit is nie, vir die eerste keer lees hy die Bybel en word nie toegelaat om vir 'n tyd lank kontak te hê met die samelewing nie. Na 'n verloop van tyd, waar hy die Bybel kon bestudeer en deurlees, word hy vrygelaat. Wat sou hierdie persoon se verwagting wees van die Kerk wanneer hy in vandag se kerke inloop?

Die Bybel is vol van wonderwerke en tekens, en bonatuurlike belewenisse en ervarings. Daar word gepraat van demone en engele, mense profeteer en voorspel die toekoms, ander sien visioene, sommige droom drome wat weer deur ander uitgelê word. Selfs kosmiese wonderwerke, van die see wat oopgeklouf word, die son wat stilstaan, mense wat op water loop, 'n byl wat op die water dryf, 'n man wat oorleef in die ingewande van 'n groot vis! Verder lees ons van vele genesings; blindes se sig word herstel, dowes hoor, lammes loop, melaatses word gesond!

Die vraag is, as dit die verhale van die Bybel is, waar is hierdie tekens vandag? So sal sommige mense wat al vir meer as 30 en selfs 40 jaar in die kerk is vertel, dat hulle nog nie so iets gesien het nie. Miskien enkele gebeurtenisse waarvan hulle dalk gehoor het maar nie self by was nie. Dan is daar 'n ander sgment van die kerk, waar persone jou sal vertel dat hulle van hul klein tyd af wonders en tekens beleef het, en selfs nou nóg! Ek onthou een aand aan huis van ou Pastoor Johnny Bosman en Kitty Bosman voorheen Pelsers, sy het Pastoor Andrew Pelsers oorleef en is toe weer getroud op sewentigjarige ouderdom met Past Bosman wie se eerste vrou toe ook al oorlede is. Hulle het vir twee ure lank die mees ongelooflike staaltjies vertel van hulle ouers en kinderdae, waar talespraak, profesie, openbaringskennis en bid vir die siekes 'n algemene ding was. Mens sou toe dink dat hierdie tekens na 'n tyd sou verminder, maar net nou die dag vertel Past Bosman is so en so genees van 'n kwaal nadat hy vir die persoon gebid het.

Hoekom in 'n sekere segment van die kerk is hierdie dinge ongewoon en vreemd en in 'n ander algemeen en alledaags? Want iemand het hulle iets anders geleer. (Jakobus 3:1-2) verduidelik hoe 'n belangrike werk dit is om 'n leermeester van die skrif te wees, die daaropvolgende verse dui op die mag van die tong en hoe dit die hele skip stuur. Ek glo leraars en predikante is die tong, of die spreekwoordelike stuur van die kerk. Dis asof 'n gemeente net sover kan groei en verstaan as wat hulle geleer word. As daar nooit oor genesing gepreek word nie, is daar dikwels ook nie geloof vir genesing nie. Natuurlik, is elke gelowige verantwoordelik vir sy eie geestelike groei en perspektiewe, en is God by magte om enige persoon te oortuig selfs binne 'n sekere geestelike kultuur en raamwerk. Dis immers wat met persone soos Luther en Hus, gebeur het deurdat hulle sekere praktyke in die kerk begin bevraagteken het. Die Here is uiteindelik die Here van die Kerk en alle verkondiging se werke word getoets aan Sy vrug en oor tyd. Op die einde van die dag laat die Here alles ten goede meewerk en gebruik hy selfs die valse om ons nog meer te oortuig van die waarheid. Maar in die algemeen groepeer mense tog hulle self rondom sekere leerstellings van 'n kerk. Veral in die vroeër jare, is dat wat die leraar sou leer nooit bevraagteken nie, want hy het immers daarvoor gestudeer, en weet baie meer as die gewone lidmaat. Niemand anders is immers toegelaat om te preek as die gekose geestelike leiers wat deur die kerk verkies is om die woord te verkondig nie.

Daar is nie 'n skrif in die Bybel wat direk leer dat die openbarings gawes en die bonatuurlike werking van God enigins opgehou het nie. Sommige teoloë gebruik die volgende vers om te verduidelik dat God self gekies het om nie meer deur profesieë of ander maniere met die mens te praat nie as net deur Sy Seun Jesus Christus nie. *In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.* (Heb 1:1-2) Daarom het Jesus 12 ooggetuies vir homself gekies wat Sy woorde sou dokumenteer en opskryf vanwaar ons Nuwe Testament. God het as te ware Sy hart uitgepraat in die Bybel en daar is niks verder wat Hy wil sê as wat in die Bybel opgeskryf staan nie. Intendeel niks kan bygevoeg word of weggevat word van dit wat opgeteken staan nie. Met ander woorde die volle openbaring van God is verskans in die Woord en alleen die Woord. Die werking van die Gees en die openbaarmaking van die Woord is een. Paulus gebruik dieselfde begrip en woorde in Efe 5:18 en in Kol 3:16 in die een gedeelte lê hy die klem op “word vervul met die Gees” en in die ander op “word vervul met die Woord”. Paulus sien dus die Woord en die Gees as een begrip in die lewe van 'n gelowige.

Diesulkes glo daarom dat die Gees Homself manifesteer in die harte van die mense deur die akkurate prediking van die Woord. Weereens is hier 'n element van waarheid in hierdie begrip, en verstaan ons dat God die Woord gebruik om mense te verander en nie wonders en tekens nie. Daar is geen skrifgetuigenis dat God wonders en tekens gebruik om mense tot inkeer te bring nie, Jesus het verskeie en talle wonderwerke gedoen en nogtans het sommige nie geglo nie. Maar dit beteken nie dat wonders en tekens opgehou het en nie meer bestaan nie.

Niks mag by die Woord gevoeg word nie. (Johannes 5:18) *Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.* (Openbaring 22:18-19) Die vraag is; van watter profetiese boek praat Johannes hier? Die boek openbaring of die hele skrif? Die Nuwe Testament is eers in sy geheel soos wat ons dit ken aanvaar deur die breë kerk by die Sinode van Hippo Regius (395n.C.). Die eerste lys van die Nuwe Testament is in 170 n.C. saamgestel deur die vroeër kerk maar het nie Hebreërs, 1&2 Petrus, Jakobus, en 3 Johannes bevat nie. Sou Johannes dus van hierdie boeke praat as die Woord van God? Wanneer Paulus tog in 2 Tim 3:16 verwys na die “hele skrif” moet ons aanvaar dat die Nuwe Testament nog nie aanvaar is of saamgestel is nie, en dat hy dus net na die Ou Testament verwys het. Dieselfde geld vir sy aanhaling in Kollosense 3:16. “*Word met die Woord vervul*” Beteken dit dan dat ons nie die Nuwe Testamentiese boeke moes bygevoeg het nie? As ons Hebreërs 1:1-2 letterlik verstaan dan behoort ons nie enige verdere geskrifte van die Nuwe Testament te aanvaar het as die Woorde van Jesus nie, ook nie die Ou Testament nie, want net Jesus se woorde is belangrik. Die skrywer van Hebreërs sê op 'n plek dat die Heilige Gees hom gewys het om te verstaan dat die weg na die Heiligste nie eers vir jou geopenbaar sal word terwyl die ou tempel nog staan nie. (Hebreërs 9:8) Petrus ontvang 'n visioen wat die kerk in 'n radikale nuwe rigting stuur rakende die heidene. (Handelinge 10) Johannes ontvang 'n visioen op Patmos wat ons nou nog sukkel om te intrepreteer. Moes hierdie boek dan nie uitgelaat word omdat dit tog profetiese van aard is en mense dit in elke geval verkeerd kan intrepreteer.

Een van die hoekstene van die reformasie is “sola scriptura” die Woord alleen. Geen ernstige gelowige gaan met hierdie beginsel verskil en sê die Woord én nie, of anders gestel die Woord plus nie. Ons glo dat die Woord, God se volledige handleiding is aan ons as mens om aan ons te wys hoe ons moet lewe en hoe ons Hom moet behaag. Sou ons sê dat mense regoor die wêreld God aanbid op verskillende maniere, en elke manier is inherent reg, want dit gaan oor die objek van ons aanbidding en nie die metode nie, beweeg ons op gevaarlike terrein want daar is geen veilige maatstaf nie. Die een mag dalk glo om sy kind aan God te offer behaag God, en daar is regtig geen indikasie van God se kant af wat voorskryf wat Hy wil hê of nie. Dis die problematiek met godsdienste regoor die wêreld; elkeen verduidelik God volgens sy eie begrip, kultuur en oorleweringe maar daar is nie regtig 'n universele riglyn van God self wat sê wat Hy verlang of nie.

Die woord van God is uniek bo enige ander spirituele geskrif omdat dit die enigste boek is wat nie deur een outeur geskryf is nie, maar oor 'n tydperk van 1500 jaar deur meer as 40 skrywers geskryf is, op verskillende plekke, op verskillende tye, tydens verskillende emosionele en historiese tydperke, op drie verskillende kontinente, in drie verskillende tale, in 'n wye verskeidenheid literêre style met een boodskap; hoe om in regte verhouding met God te leef. Die toets uiteindelik lê daarin dat as die hele mensdom die Woord sou gehoorsaam en daarvolgens leef, sou dit hemel op aarde wees!

Die probleem is egter dat die Bybel oop is tot interpretasie en sodoende regverdig mense hulle dade baie keer uit die skrif, maar hulle lewe loop lynreg teen die Gees en persoon van die Skrif. Want waarheid op die einde van die dag is nie net 'n stel reëls en leerstellings nie. Waarheid is 'n persoon Sy naam is Jesus. In die Bybel gaan dit daaroor dat ons uiteindelik Hom moet leer ken, en volgens die weg wat Hy gebaan het leef. Hy was die perfekte mens en het deur Sy voorbeeld vir ons gewys hoe om te leef, en op die einde van die dag is Sy manier die beste manier om te lewe, en om vrede en innerlike oorfloed te beleef. Sy manier werk, al glo jy nie in Hom nie, sy manier is die beste manier om te leef! Toets dit en sien! Hoeveel mense wat volgens die Bybel se voorskrifte leef, maar tog nie in Hom glo nie, ervaar seën en voorspoed op hulle dade.

Natuurlik gaan ons geoordeel word nie alleen volgens ons dade nie, maar of ons geglo het in hom wat ons regverdig en aanvaarbaar gemaak het voor God.

Die uniekheid van die Woord lê dus nie in Sy eksklusiwiteit en eenvormigheid nie maar in Sy diversiteit wat in een rigting dui. Die probleem is dus nie; óf daar nog bonatuurlike inspraak van God is óf nie, maar of dit in frekwensie is met die Persoon van die Woord en die Gees van die Woord. Dieselfde geld vir die kerk, die rede hoekom sekere soekende mense kerk afstootlik vind is omdat die kerk nie akkuraat die Gees van die Woord leef en spreek nie. Dit is ook hoekom sekere boeke en dan sekere evangelies soos die van Judas en Thomas nie in die Bybel opgeneem is nie, want hierdie boeke het nie ooreengestem met die Gees van die Bybel nie.

Ons gaan nooit die skryf van boeke stop nie, nog minder gaan ons dit kan keer dat mense 'n sogenaamde openbaring van God mág hê of nie. Wat ons wel kan doen is om mense te leer om volwasse te word in Christus en hulle kennis van die Woord sodat hulle nie meer rondgeslinger sal word deur elke leer en leerstelling nie. Ons sal die Waarheid ken en die Waarheid sal ons vrymaak. Jy leer nie banktellers om valse note te identifiseer deur valse note te tel nie, maar deur hulle vir weke ware en egte note te laat tel, later sonder om te dink kan hulle maklik die valse noot eien.

In terme van die leer van ophouding (Dat die werk van die bonatuurlike gawes van die Gees gestaak het na die dood van die apostels.) sal verskeie teoloë erken dat God soewerein is om te wil en te doen soos wat Hy wil, en Hy kan mos bonatuurlike dinge laat gebeur soos wat al in verskeie herlewings oor die Wêreld plaasgevind het, maar in die volgende sin verklaar hulle dat dit vir hulle 'n fundamentele saak is, óf die Bybel is genoegsaam óf dit is nie? Jy kan nie volgens hulle aan een kant sê God praat nog vandag met ons deur Sy Gees en aan die ander kant sê God het klaar gepraat nie. Jy moet kies. ²¹ Ek sê God praat vandag nog op verskeie maniere, maar ons moet dit alles toets of dit in lyn is met die Gees van waarheid Jesus Christus, en die leer van die skrif.

Die leer van ophouding.

Met die reformasie is die leer van die Katolieke Kerk ernstig bevraagteken en gekritiseer, een van die argumente van die Katolieke Kerk was om te verwys na 'n lang lys van wonderwerke en tekens vanaf die tyd van die apostels wat mos die leer van die kerk versterk. As God dan teen die leer van die kerk was hoekom sou Hy hierdie wonders en tekens in die kerk toelaat? Dit was 'n moeilike argument om te weerlê aangesien mense veral in hierdie tyd baie opgeneem was met die bonatuurlike en die mistiese. ²²

Die primêre argument van diegene wat glo dat wonderwerke en tekens opgehou het met die dood van die apostels is die volgende: Jesus kies en roep die 12 apostels met die hoofsaaklike doel om te dien as ooggetuies van Sy lewe, dood en opstanding. Daarom kies hy hulle vanuit verskeie agtergronde, sosiale stand en selfs kultuur. Die feit dat daar tekens en wonders was in die vroeër kerk was bloot om die boodskap van die ooggetuies te bekragtig en nie vir die gebruik van elke gelowige nie. Met die dood van die apostels en die totstandkoming van die Bybel was wonderwerke dus oorbodig en uitgedien. Ons geloof is immers nie gebou op die sien van wonderwerke nie maar die geloof wat God in ons harte gewerk het om Hom aan te roep. Nie net wonderwerke en tekens word dus as oorbodig beskou nie maar ook die bediening en werk van apostels.

'n Skrifgedeelte wat dikwels gebruik word deur diegene wat glo dat die gawes van die Gees opgehou het is; *Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak. Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik, maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. (1 Korintiërs 13:8-10)* Laat die teks vir Homself praat. Dit is duidelik dat Paulus verwys na die einde wanneer die volmaakte gekom het wanneer ons saam met Jesus sal wees. Dit is logies dat die gawe van profesie en tale dan uitgedien sal wees want ons is perfek en by Hom. Ons is tog nog nie daar nie, ons verstaan nie alles nie

²¹ www.reformed.org.za/afrikaans/lektuur/Traktate/trakt_openbaringsgawes.htm - Nico vd Walt

²² Surpriced by thy Power of the Spirit. Dr. Jack Deere Pg 100. Taken from the institutes of Christian religion, Prefatory address, 3 Calvin.

and weet nie alles nie, ons is ook nog nie perfek nie! In hierdie verband haal Mark Stibbe, Siegfried Schaltzmann aan wat sê; Daar is niks in hierdie hoofstuk of enige ander gedeelte wat deur Paulus geskryf is wat dit duidelik uit spel en aandui dat die bonatuurlik gawes net vir 'n sekere tyd is en net vir sekere individue is nie.²³ So 'n afleiding dui teen die gees van die skrif wat dan duidelik die gawes wil verduidelik en verantwoord in lig van die skrif. Waarom sou Paulus drie hoofstukke spesifiek wy aan die gawes van die Gees as dit net in gebruik was by die apostels? Dit is juis omdat die gawes van die Gees algemeen was en 'n prioriteit in die gemeente van Korinte was dat Paulus spesifiek daarvoor skryf en Apostoliese Riglyne neer lê.

Kom ons kyk na skrifgetuïenis oor hierdie aspek: Wat is die doel volgens die skrif van wonderwerke en tekens?

Dit is duidelik dat wondertekens Jesus se karakter en Sy besondere verhouding met die Vader onderskryf en openbaar. God is met Hom (Joh 3:2) Jesus kom van God af. (Joh 3:2; 9:32-33) God het Hom gestuur. (Joh 5:36) Hy het die outoriteit om sonde te vergewe. (Luk 5:24-25) Die Vader is in Christus en Hy is in die Vader. (Joh 10:37-38; 14:11) Jesus is die Messias. (Mat 11:1-6; Luk 7:18-23) Bekragtig Jesus as die Een wat God gestuur het (Hand 2:22)

In terme van wonderwerke en tekens wat deur die apostels gedoen is word die doel van wonderwerke beskryf in terme van hulle woorde nie hulle as individue nie. Wonderwerke getuig dat jou woorde van God is en dat jou getuïenis waar is. (Mar 16:20 en Hand 14:3) Die enigste vers wat daarop mag dui dat wonderwerke 'n validasie van apostelskap is, is. (2 Kor 12:12). *Die kentekens tog van 'n apostel is onder julle verwerklik met alle volharding deur tekens en wonders en kragtige dade.* Die vers bepaal tog nie dat die vereiste vir apostelskap wonders en tekens is nie, nog minder dat tekens en wonders jou 'n apostel maak. Dit beteken bloot dat tekens en wonders Paulus se bediening en woorde onder hulle bekragtig het. Stefanus het tog ook wondertekens gedoen en hy was nie een van die apostels nie.

In Hebreërs word na wonderwerke verwys as 'n bekragtiging van die boodskap en nie die boodskapper nie, en die werking van hierdie kragtige dade word nie tot die 12 apostels beperk nie. *“hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het. Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil.”* (Hebreërs 2:3-4)

Wonderwerke kan tog nie die individu bekragtig en valideer nie, want dan maak ons die apostels supermense wat nie foute kan maak nie. Paulus moes Petrus tereg wys oor sy kompromiserende gedrag teenoor die Jode. (Gal 2:11)

Die tweede argument teen die bonatuurlike werking van die Gees is vanuit 'n historiese perspektief of bloot uit ervaring. Ons sien dit nie, en het dit nog nooit beleef nie, en selfs hierdie en daardie hooggeagte geestelike het dit in sy leeftyd nog nooit beleef nie daarom... bestaan dit nie. Die feit is dat ervarings kan baie subjektief wees veral as jy dit as dogma verkoop dat dit nêrens anders gebeur nie omdat dit nooit hier gebeur nie.

Die vraag is; as Jesus telkemale ons leer om te doen wat hy doen, Paulus die gemeente beveel om hom na te volg soos wat hy Jesus navolg, hoekom onderskei ons tussen hul bonatuurlike gedrag en natuurlike gedrag. Ons strew om soos Hy te wees as mens, maar nie soos Hy te doen nie wanneer dit by wondertekens kom nie. Nee, sekerlik as Hy ons voorbeeld was in die werking van die bonatuurlike dan is dit reg en redelik dat ons Hom ook in dit navolg. Daar is geen skrif wat wonderwerke en tekens onderskei en hulle eksklusief maak tot net 'n sekere groepe of persoon nie. Die enigste voorvereiste is dat ons moet glo. Miskien is ons ongeloof die rede hoekom daar so min wonders en tekens gesien en gedoen word in sekere geleedere. Jesus kon ook nie wonders en tekens in Galilea doen nie weens hulle ongeloof! (Mat 13:58) Jesus belowe hierdie

²³ A Pauline theology of the Charismata, 1989, Peabody, Hendrikson, pg78.

gawes aan die wat glo, nie net aan Sy twaalf dissipels nie. *En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, ¹⁸slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.* (Mark. 16:17-18). Die woorde “geglo het” word in die afrikaans vertaal in die verlede tyd, tog is die Griek in die sin in die aoristus tyd geskryf, wat beteken; geglo het, tans besig is om te glo en nog sal glo.

Volgens Dr. Dale A. Robbins is dit duidelik dat geestelike bonatuurlike gawes nie met die dood van die Apostels opgehou het nie. Hy kwoteer sekere vroeë Kerkvaders Irenanius; (ca. 130-202) "...we hear many of the brethren in the church who have prophetic gifts, and who speak in tongues through the spirit, and who also bring to light the secret things of men for their benefit [word of knowledge]...". Irenanius het ook verder by geleentheid geskryf: "When God saw it necessary, and the church prayed and fasted much, they did miraculous things, even of bringing back the spirit to a dead man." Volgens Dr. Robbins het Tertullianus (ca. 155–230) ook dieselfde dinge gerapporteer so ook vir Origenus (ca. 182 - 251), Eusebius (ca. 275 – 339), Firmilian (ca. 232-269), and Chrysostom (ca. 347 - 407).²⁴

Die 12 apostels en ander apostels.

Daar is net twaalf gekose apostels wat deur Jesus self gekies is vir 'n spesifieke taak naamlik om Sy getuies te wees in lewe, dood en opstanding. Hy het hulle ook in die besonder bekragtig om juis hierdie opdrag te kon uitvoer. Daar sal nooit enige ander apostels opstaan wat met hulle posisie en plek in die kerk kan meeding nie, want hulle was almal ooggetuies van Jesus se lewe. Dit beteken egter nie dat apostoliese bediening by hulle opgehou het nie. Net soos wat God hulle getuur het (Die woord apostel beteken gestuurde) met 'n spesifieke taak het God ander persone opgerig en gestuur met 'n spesifieke taak. Die eerste voor die handliggende voorbeeld is natuurlik Paulus. Hy is nooit ingesluit in die oorspronklike twaalf nie. Hy het Jesus nooit fisies gesien nie en kan dus nie aanspraak daarop maak dat Hy 'n ooggetuie is nie. Tog vergelyk hy homself dikwels met die ander twaalf (1 Korintiërs 9:5). In die vroeër kerk was daar meer as net die twaalf apostels. Paulus verwys na die apostels en sluit Jakobus een van die broers van Jesus, wat nie een van die eerste gekose twaalf was nie. (Gal 1:19; 1 Korintiërs 15:7) Net soos Paulus het Jesus persoonlik aan Jakobus verskyn, en hom geroep tot die bediening. *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het* (Openbaring 2:2) *Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus.* (2 Korintiërs 11:13) Hoe kan daar sprake wees van valse apostels as daar net 12 gekose apostels was en dit is dit. Diegene wat hulleself dus sou probeer aanstel as apostels sou mos verdoem wees nog voor dat hulle begin het. Barnabas was ook beskou as 'n apostel (Hand 14:14) Daar is verseker nog drie apostels wat duidelik in die skrif uit gewys word. Per afleiding kan die volgende persone ook apostels gewees het, maar die skrif is nie eksplisiet nie en dus oop vir interpretasie. Andronikus en Júnias (Romeine 16:7) Silas (1 Tessalonisense 2:6) Epaphroditus (Filippense 2:25)

(1 Kor 12:29) *“almal is tog nie apostels nie”* Paulus lys apostelskap onder die algemene bediening in die kerk, as die 12 'n gekose en geslote groep was sou hy nie in hierdie gedeelte enigsins na apostelskap verwys het nie. Dieselfde argument geld in (Efesiërs 4:11)

Indien ons glo dat daar nog evangeliste, herders en leraars in die kerk is vandag hoekom kan ons nie glo dat daar ook nog apostels en profete is nie? Ander moet ons al vyf hierdie bediening skraap en net Ouderlinge en Diakens in die kerk hê. Wat wel waar is, is dat mens nie vir hierdie bediening kan gaan leer nie. Hierdie is gawes en bediening wat God deur Sy Gees in mense werk. Soos wat hierdie mense se bediening in die kerk geaanvaar word, word dit duidelik watter funksie hulle vervul, want soos alreeds verduidelik verteenwoordig elke bediening sekere spesifieke eienskappe en vaardighede. Soos die profete van ouds net op 'n dag begin het met hulle bediening, en hoe meer die Here hulle begin gebruik het, het hulle gawe aanneemlik geword onder die mense. Nie almal is geroep tot die amp van die vyfvoud bediening nie, maar kan binne die raamwerk en eienskappe van een of meer van die vyf opereer. Intendeel hoe meer hierdie gawes in die gemeente geaanvaar en gebruik word, word die eienskappe van hierdie bediening meer en

²⁴ <http://en.wikipedia.org/wiki/Pentecostalism>

meer sigbaar onder al die lidmate. Wanneer 'n gemeente blootgestel word aan byvoorbeeld 'n apostel sal al hoe meer apostoliese eienskappe sigbaar word in elke lidmaat. Dieselfde geld ook vir die ander bedieninge. Dis hoekom dit so belangrik is dat evangeliste nie net uitgaan en siele wen buite die kerk nie, maar sy of haar gawe in die gemeente kom deponeer sodat almal sielewenners sal word. Want hierdie bedieninge is gegee vir die toerusting en opbouing van die liggaam.

'N APOSTOLIESE MENTALITEIT

So baie mense hoor 'n woord en voeg dan hulle eie konneksie met 'n woord of term. Daarom is dit nodig om presies te omskryf wat deur 'n sekere term bedoel word. Verskeie mense wat die beweging teengaan asook die wat dit onderskryf kan maklik verval in vereenvoudigde klassifikasie en wanbegrippe oor presies hoe dit werk. Inligting is wonderlik, maar te min inligting verkeerdelik gebruik kan baie gevaarlik wees. Daarom die nodigheid om dit wat ons glo die Here mee besig is in ons midde, te omskryf en te verklaar. Gedeeltelik is dit die doel van hierdie boek. Dis interessant dat daar tans van reformasie gepraat word op verskeie oorde binne de wye geestelike spektrum. So is daar onlangs baie gepraat in ons land oor die sogenaamde nuwe reformasie. Verskeie liberale teoloë onderskryf die idees van Funk, en sy tesse oor waarheid. Neale Donald Walsch van “conversations with God” faam, noem sy nuwe beweging van verligting oor die “oneness inter faith” 'n nuwe reformasie. Peter Wagner en sy “new apostolic reformation” word sterk deur verskeie kerklui veroordeel. Aangesien ons nie een deel is van enige van hierdie bewegings nie, en nie noodwendig met hulle geassosieer wil word nie, is dit nodig dat ek die kerkwaardes van dit waarin ons glo omskryf en verduidelik.

Hier volg 'n paar kernwaarhede van die apostoliese reformerende beweging en die funksionering van hedendaagse apostels:

Onderskei en kyk na alles deur die oë van die Woord. (Josua 1:8) Alles word getoets en gemeet deur die insig van die lewende geopenbaarde Woord. Dit beteken om volgens die gees van die Woord te leef, nie bloot teksverse vir alles te soek nie. Dit veronderstel 'n diepe insig in die motief en hart van die Skrif en nie net die fundamentele letterlike interpretasie van die skrif nie. Letterlik in die sin van wat God se doel is en motief is. Dit beteken ook dat ons woorde gevul is met die Woord, soos Paulus se briewe vol is van skrifaanhalings en verduidelikings van die Woord. Wanneer so iemand praat hoor jy Woord deurentyd in wat hy of sy besig is om te sê.

Bedien uit 'n posisie vanwaar ek reeds ontvang het – Die “ek is”-beginsel. Ons lewe in Christus het begin toe Hy gesê het dit is volbring. Ons soek nie nog na God nie. Hy woon in ons. Ons jaag nie na rykdom nie, ons is ryk en voorspoedig in Christus. Ons soek nie 'n identiteit nie, ons is geskape om te verander en toe te laat dat Hy ons reformeer volgens Sy beeld. Ons is vry, deur die geloof in die volmaakte werk wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het. Ons is seker van wie ons is in die Here en tot wat Hy ons geroep het, soos om byvoorbeeld te kan sê; “ek is 'n apostel” Efesiërs 3:8-13 Ons het deur Sy genade die mag en reg ontvang om nou sy kinders te wees. (Johannes 1:12) Ons is immers uit Sy saad gebore Johannes 3:1-5; 1 Johannes 3:9; 1 Petrus 1:23) Godsdien hou die erfdeel en rykdom wat ons in Christus het soos 'n wortel voor die donkie se neus sonder om hom toe te laat om te hap. Die apostoliese mentaliteit bring geestelike dinge af aarde toe en bring dit binne jou bereik. Jy kan dit nou alreeds hê. Ons kan nou alreeds in oorwinning en oorvloed lewe ten spyte van omstandighede.

Deur sy Genade is ek wat ek is. (1 Korintiërs 15:10) Ons is nie behep met onself nie. Want ons verandering lê nie in ons harde werk en probeerslae nie. Dis Sy genade wat in my werk om elke dag meer en meer soos Hy te word. Ek moet net op Hom fokus, en Hy doen die werk. (2 Korintiërs 3:18) Daarom kan ek net myself wees, geen aansit, voorgee en masker nie. Net eerlik en ernstig bewus van Sy genade wat in my werk. Hierdie eerlikheid en opregtheid lê aan die hart van die apostoliese mentaliteit. As die Here ons die heeldag Geestelik wou gehad het, het Hy ons geskape met vlerke (As Engele). Ons goddelikheid lê versteek in ons mensheid. As Christus dan werklik 'n mens was soos ons en nie gesondig het nie, is daar niks sondig omtrent mens wees nie. Dis die sonde wat ons toelaat wat die beeld van God in ons menswees versteur en ons iets maak wat ons nie is nie. Die apostoliese mentaliteit spreek nie net, die intellek, of emosies, of waardes en gewoontes aan nie, maar begin by die identiteit en kern van die mens. Wanneer die manier hoe jy oor jouself dink en hoe jy jouself sien verander, verander alles. Uiteindelik lê die toppunt van geestelikheid in die vermoë om net jouself te wees. Die nuwe wedergebore kind van God!

Bedien uit 'n geopende hemel – Jesus, ander as die Fariseërs het bedien en geleef vanuit God, net op pad na God nie. Die Fariseërs het 'n klomp dinge gedoen om by God te probeer uitkom, terwyl Jesus van God af

gekom het. Nie net as die Seun van God nie maar elke dag. Elke beweging is gebore uit gemeenskap met God en deur in Hom te bly – dus, lewe en loop in geloof Salwing teenoor Heerlikheid. Christus is die heerlikheid wat in ons openbaar word. Permanent – nie per geleentheid nie. Jakob was die eerste persoon wat die Hemele geopen gesien het. *Jakob het wakker geskrik en gesê: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.” Jakob het bang geword en gesê: “Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.”* (Genesis 28:16-17) Toe by Jesus se doop, sien ons weer die hemele geopen oor God se geliefde seun. *Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos ’n duif op Hom neergedaal. Daar was ook ’n stem uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.”* (Lukas 3:21-22) Verder sê Jesus vir hom: *“Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien open afklim na die Seun van die mens toe.”* (Johannes 1:51) Hierna het Jesus sy eerste wonderwerke begin doen. Die verskil tussen Jesus en die fariseers was die feit dat Jesus se priesterskap vanuit God gesentreer was, terwyl die fariseers in alles besig was om by God te probeer kom deur rituele en gebruike. *EN toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.* (Lukas 17:20-21) Jesus se bediening het die skeiding tussen Hemel en Aarde kom oorbrug. *“Laat U koninkryk kom op aarde soos in die Hemel.” Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die hemel opklim en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen.* (Deuteronomium 30:11-14) *Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:* (Romeine 10:8) Vgl – Jeremia 31:31-34 Hierdie heerlikheid is die belofte van die nuwe verbond wat Christus vir ons gesluit het. Ons bedien en beweeg vanuit ’n oop hemel deur Christus: Sit in hemelse plekke – Efesiërs 2:6 Verkondig aan die geestelike owerste die menigvuldige kennis van God – Efesiërs 3:10 Christus in en onder julle die hoop van heerlikheid – Kolossense 1:27 Kan nou met vrymoedigheid die heilige plek van God binnetree. – Heb 10:19 Julle het gearriveer by die heilige Berg – Heb 12:22 Alle geestelike handeling is nie meer gesentreer om aan God te probeer raak nie, maar omdat hy ons alreeds in Christus Jesus aangeraak het bedien ons vanuit Sy genade en krag... vanuit ’n oop hemel!

Eerstehandse ervaring in die Gees. 1 Joh 2:27; Heb 10:15-18; Hand 17:11; 1 Tes 5:21 Dis kenmerkend van apostoliese bediening en mentaliteit, daar word bedien en getuig vanuit ervaring nie kennis. Kennis is goed, maar sonder ervaring is dit dood. In die tyd waarin ons leef is daar geweldig baie inligting beskikbaar, maar inligting verander nie ’n mens nie. Hoeveel sigaret dosies het nie inligting op die pakkie oor die gevare van sigarette en nogtans koop mense dit en rook dit. “impartation” is iets anders. Dit spreek van “ek was ook daar en nou is ek...” Daar is niks so kragtig soos eerstehandse ervaring en getuienis van ’n saak nie, self hedendaagse bemarkingsprogramme op kooptelevisie maak gebruik daarvan.

Sentraal tot die apostoliese mentaliteit is die kwessie van selfverloëning. Intendeel dit is deel van elke preek, boodskap en onderrig. Die somtotaal van ons lewe in die Nuwe Testament is om te sterwe, en te leef uit sy opstandingskrag. Dit beteken God neem altyd die inisiatief, Hy lei ons volg. Ons bid nie Sy seën op ons dae af nie, ons doen net dit wat Hy ons sê. In terme van gehoorsaamheid sien ons dit tweeledig. Daar is algemene gehoorsaamheid en spesifieke gehoorsaamheid. Eersgenoemde behels dat jou bedryfstelsel van doen en handel in lyn is met die Gees van die Woord. Jesus het die volle dertig jaar eers aan Sy aardse ouers gehoorsaam gewees alvorens hy spesifieke opdragte gekry het. Byvoorbeeld om konflik te hanteer met die teenoorgestelde Gees. (Mat 5:19-48) Daarna kom spesifieke opdragte en bevele.

Aptyt vir beproewing en swaarkry. Korintiërs 4:9-13, Korintiërs 4:8-12, 6:4-10, 11:22-30 My leiding is sodat ek genade, godsvrug en wysheid aan die res van die liggaam kan openbaar. Kolossense 1:24 Apostels is nie bang vir swaarkry en teenstand nie, want hulle verstaan dat God selfs in dit Sy heerlikheid bewerk. Ware geestelike outoriteit kom ook nie sonder leiding nie. Ook hierin was Jesus ons voorbeeld. (Hebreeërs 5:8) Daar is so iets soos swaarkry omdat jy nie luister nie, dit is iets anders. Maar dit is beter om vervolging te verduur en reg te doen, as om te komprimeer en later wettiglik vervolgt te word en jou getuienis te verloor.

Denkwyse van voltooiing, nie ontvlugting Hebreërs 12:2, 2 Timoteus 4:7, 2 Korintiërs 8:10-11; Johannes 17:4; 19:30. Hierin was Jesus en ook Paulus vir ons duidelike voorbeelde. Hulle het die werk wat God hulle opgelê het voltooi en volbring. Ambisie veroorsaak gewoonlik, dat ons met te veel goed besig raak wat nooit God se wil is nie, en sodoende niks kan klaar kry nie. Maar wanneer ons lewe begin in geloofsgehoorsaamheid en niks ander nie, dan ontvang ons saam met die opdrag die genade om dit wat God begin het klaar te maak.

“hierdie is dit”- Hand 2:16 Petrus staan op Pinksterdag op en bring dit wat op daardie oomblik besig is om te gebeur in lyn met die profetiese woord. (Joël 2:28) Hy het dus in die eerste plek kennis gehad van God se beloftes en moeite gemaak om Bybelse profesie te verstaan en insig daaroor te hê. Tweedens het Hy die insig om die Bybelse profesie tot vervulling te roep in dit wat God besig is om te doen. Ons verstaan ook dat God se genade en seën in die ‘nou’ lê. Nou is die dag van jou bekering en redding. Doen dit nou! Ons moet daders wees en die insig hê om soos God Sy woord vervul dit toe te eien en af te bring aarde toe, nou!

Apostels eerste - 1 Korintiërs 12:28 – Paulus lys altyd apostels eerste. Daar word ook na hulle verwys as die fondament naas Christus. (Efesiërs 2:20) Want apostels is Pioniers, hulle breek deur dit waarin ander nog moet volg. Paulus sê ook dat hulle hom kan navolg soos wat Hy Christus navolg. (2 Tessalonisense 3:7,9; 1 Petrus 2:21) Ons lewe is dus ’n voorbeeld vir ander om te volg. Let wel, dat ons nie daardeur ’n sekere apostoliese diktator bedoel nie, maar ’n dienskneg leier. Leierskap en broederskap is ’n Bybelse antinomie wat alleenlik waarheid en seën inhou as beide in balans is. Ons glo bloot dat God soos nog altyd apostoliese leiers opgerig het regoor die wêreld om eerstens te getuig van Sy opstanding en tweedens die evangelie en se wese te verdedig. Ons glo nie in ’n menslik gemanipuleerde piramide struktuur waar nog ’n leier aanspraak maak op godspraak en verering van mense nie. Daarteenoor sien ons ook nie ’n mense masse sonder leierskap nie. Die geheim lê bloot in Bybelse protokol en vereistes vir leierskap sowel as volgelinge binne die Jesus raamwerk.

Beklemtoon gesag, protokol (gebruiklike voorskrifte en reëls rondom etiket – handhawing van wedersydse respek), dissipline, en regering – Hulle filosofie en geardeid vra nie om verskoning nie, maar konfronteer eerder, vat vyand direk aan – nie onseker – werk in die onsigbare realm. (2 Korintiërs 4:16-18) Gesag is ’n baie belangrike eienskap van Apostoliese Denke. Alles waarmee ons besig is, is volgens die gesag en outoriteit wat Kom saam met gehoorsaamheid. Maar alles in die lewe is onderwerp aan iemand of iets. Ons moet dus verstaan hoe gesag werk as ons gesag wil hê. Selfs ons geloof word aan die hand van ons begrip van gesag verstaan. (Matteus 8:9-12) Leiers wat nie gesag verstaan nie, het nie etiket nie, en kom onvolwasse en onwys voor.

Sien die wyer perspektief. Meng en versmelt ou en nuwe begrippe. Ons erken en maak ons nooit los van diegene wat ons vooraf gegaan het nie, en is bedag op die wat ons sal moet volg. Ons is ook nie vasgevang tussen ’n stryd tussen oud en nuut nie. Want albei is vir God belangrik, solank ons volkome in die NOU leef, met die wysheid van die verlede ons leer, en met die profetiese lig wat God ons gee van die toekoms.

Het ’n openbaring van Christus gehad – Dit is wat jou onderskei as ’n gestuurde en apostel van die Here Jesus Christus. 1Pet. 1:12; 1Joh 1:1; 1Kor 15:5-8 Elkeen moes Jesus gesien het. Self Paulus wat Jesus nooit fisies gesien het nie, het ’n persoonlik ontmoeting en ervaring met Jesus Christus gehad met die vrug van sy veranderende lewe en perspektief as bewys. Daar was twee bome in die tuin van Eden. Die boom van die kennis van goed en kwaad en die boom van die lewe. Die wat in Christus bekleed is kan eet van die boom van die lewe. Ons bedien nie uit hoorsê nie, maar omdat ons van god self gehoor het. Dit is kenmerkend van die apostoliese denke, dat mense sal sê; “Die Here het my dit gewys, of vir my dit geleer.” Uit die aard van die saak moet hierdie woorde getoets word aan die Gees van die Woord en waarheid. Ons bedien nie uit ou uitgediende kennis nie, maar volgens dit wat jy in die gees sien. Ooggetuies tot die persoon van Christus. Mense is so geneig om na mense toe te hardloop met hulle probleme, eerder as om op die Here te wag sodat Hy hulle leer. Een van die eerste dinge wat nuwe gelowiges leer in ’n apostoliese gemeente; is om die stem van die Here te onderskei. En hoe om te onderskei tussen wat waar is en wat vals is. Ons kan van mense leer en moet ook van mense leer. Ons kan nooit soos ’n eiland op ons eie

funksioneer nie. Maar ons moet soos die leiers van die Berea gemeente, nie alles vir soetkoek opeet nie, maar alles ondersoek en sien of dit waar is. (Hand 17:11)

Gemagtig en gestuur. Hand.13:2-3; Joh.3:34, Joh. 20 :21 - Nie visie georiënteerd nie, maar mandaat georiënteerd. Visie is 'n korttermyn openbaring van God se wil vir die oomblik – mandaat (roeping) bepaal die lewe waartoe ek geroep is. Die probleem met die klem wat gedurig deur sommige op visie geplaas word is; wat daarvan as jy jou visie bereik het, wat dan? Petrus sê; *Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.* (2 Petrus 1:10) Wanneer ek my roeping verstaan en weet waarom God my geskape het, dan het ek my lewe gevind, en word my visie bloot die dinge wat God my beveel het om te doen. Sonder om die punt te vereenvoudig, my identiteit word opgesluit in my naam, en wat daardie naam verteenwoordig in terme van talente, vermoëns, agtergrond en smake.

Reformasie – Reformasie is geïntrigeer in die apostoliese denkpatroon, ons soek om voortdurend te verbeter op wat ons doen. Konstante aanpassing van alles wat ons doen na die beeld van Christus. Matteus 4:17 *“Bekeer (verander, draai) julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.”*

Netwerke - Ons doen nooit dinge geïsoleerd van die breër liggaam van Christus nie. Die verskille in die ware kerk tussen gelowiges is omdat ons volwassenheid in die Here verskil, maar ons het net een Vader. (Efesiërs 4:4-6) Ons het dus mekaar nodig. Hoekom alles oor doen en die wiel weer probeer herontwerp wanneer ons met mekaar kan netwerk en hulpbronne deel. Ons bou nie ons eie koninkryk nie, maar God s'n. Erken en toon agting vir wat ander doen. Dink “span” en tree gesamentlik op. Christus in en onder julle. (Kolossense 1:27) Fokus op hoe ek almal kan betrek i.p.v alles alleen doen. Sien die liggaam en onderskei die liggaam. Ons moet bereid wees om van almal te kan leer, van die geringste tot die met die meeste aansien. Intendeel elke deel van die liggaam bestaan ten voordeel van die liggaam. Ons funksioneer sodat die liggaam kan funksioneer. Elke lid is belangrik. Selfs die lede wat oneer bring is nodig sodat ons deur hulle tot 'n groter begrip van die waarheid kan kom. Maar ons glo nie in eenheid te wille van eenheid nie, eenheid van hart en denke veronderstel dat ons die dieselfde dink oor dinge. Daar is sekere kerke en bewegings waarmee ons nie kan een wees nie, omdat ons denkwys oor dinge so baie verskil.

Dienaars – Paulus gebruik vele kere die beeld van 'n bondslaaf, wanneer hy na hom en sy span verwys. Ons hart is om te bou en te vestig. Wanneer jy na 'n nuwe huis kyk, sien jy nie die fondament nie. Alhoewel die huis nie kan staan sonder 'n goeie fondament nie, is 'n fondament nie die mees prominente en aansienlike deel van die huis nie. So is ware apostoliese bediening, nie altyd die mees prominente leiers en persoonlikhede nie, maar eerder dié wat die pad vooruitgegaan het sodat die res van die liggaam die nuwe kan geniet. Hierdie pioniers moet ook die hoon en spot verduur van foute maak, van anders wees, teen die stroom ingaan en veg vir waarheid. Hulle is hard en ongenaakbaar, hulle visie gefokus net op een ding, en sal nie die prys kry vir die beste menseverhoudinge nie, want hulle sien die wyer prentjie en die gevaar waarin die kerk meestal verkeer. Hulle is die kaptein wat bevele gee, op die troepe skreeu om hulle in beweging te kry om die skip te red van haar pad van verwoesting. Die apostoliese perspektief is nie gefokus op die bou van een gemeente nie, maar die totale opbouing en totstandkoming van 'n gesonde kerk regoor die wêreld. Ons wil sien dat die koninkryk van God gevestig word in elke dorp deur 'n akkurate Kerk.

Wêreldwye en internasionale trefkrag en invloed. – Omdat die apostoliese mentaliteit gesetel is in die idee van 'n gestuurde met 'n spesiale opdrag, word elke lidmaat bewus gemaak van die nood daar buite. Dit is so dat 'n profeet meestal nie geëer word in sy eie dorp nie, en daarom die idee om mense uit te stuur vir sending toere, en uitreikings buite die dorp. Die impak op die individu is geweldig positief, mense word geaktiveer tot bediening en ervaar dat God hulle ook wil en kan gebruik! Dit bring mee dat so 'n persoon meer bid, meer Bybel lees en meer heilige lewe, want hulle ontvang nie meer net die woord en bly passief nie, daar moet gewerk word. Dit is dan ook die fokus van 'n apostoliese gemeente om elke lidmaat in 'n medewerker te omskep in die koninkryk van God.

Besorg oor akkuraatheid, waarheid, leerstellings – 'n Gebalanseerde lewe van akkuraatheid maak 'n wesenlike aanslag teen die vestings van satan. Dis nie die inspanning waarmee ons dinge doen nie, maar

hoe akkuraat ons dit doen wat die meeste resultate lewer. Dit alles begin by gesonde apostoliese doktrine en leerstellings, wat die fondasie vorm in mense se lewe, daarna akkurate lewenstyl en optrede. Dis nie hoe baie geestelike oorlogvoering ons in ons binnekamer doen wat die verskil maak nie, maar hoe reguit ons lewe is daar buite waar almal kan sien. Ons is Sy getuies elke minuut van die dag, en moet alles wat ons doen en mee besig is sien as 'n preek, en net as dit absoluut nodig is woorde te gebruik.

Geestelike vaderskap - Timoteus, Titus, Markus ens. 1Kor. 4:15 Wie is jou dissipels? Wie is jou geestelike kinders? Geestelike mentorskap en dissipelskap is sentraal tot die apostoliese bedryfstelsel. Niks wat ons doen is ooit geïsoleerd nie. Ons moet altyd sorg dat ons onself en dit wat ons doen in die liggaam met ander deel, en hulle leer om ons plek te kan inneem. Apostoliese mense werk hulleself altyd uit 'n werk uit. Want jy kan ter enige tyd weer aangestuur word na die volgende plek. Vaderskap spreek ook van 'n sekere volwassenheid en insig in die planne en geheimenisse van God, wat die een generasie weer moet oordra aan die volgende generasie, dis immers hoe die Bybel tot stand gekom het.

REFORMERENDE GEMEENTES

Die samelewing het verander en hulle behoeftes het verander, die sogenaamde post-moderne mens wil spiritualiteit aan sy lyf voel, dit self ervaar en deel met ander. Mense bevraagteken dinge en vra dat spiritualiteit help in hulle worsteling met meer as een beroep, gekompliseerde verhoudings, nimmereindige verantwoordelikhede en die eise van gesond leef op alle vlakke. Die hoë getalle van spirituele selfhelp boeke versterk hierdie punt. Terwyl die kerk sit en stry oor hulle verskillende dogmatiese sienings of iets nou kan wees óf nie is mense besig om uit kerke uit te verdwyn en ander alternatiewe te soek.

God het 'n wonderlike plan vir kerk, en wat kerk veronderstel is om te wees. Die innerlike konfigurasie van ware kerk dra die natuurlike oplossing vir die gemeenskap se probleme. So belangrik as wat polisiëring en die regstelsel is tot goeie sosiale ontwikkeling en veiligheid so is die rol van die kerk. "It takes a church to raise a village" is die treffende titel van 'n predikant se vrou in Chicago se boek, wat verduidelik hoe die kerk in samewerking met die staat 'n slaggewende rol speel in die opheffing en uitbouing van 'n gesonde gemeenskap.²⁵ Dr. André Pelser het in 2005 in Belfast Ierland, beleef dat die Here vir hom sê; "Reform the church to reform the land." Selfs Thabo Mbeki het in sy Landhervorming en transformasie program debat, 'n appél gemaak op kerkleiers om te verenig en te help in die morele ontwikkeling van die Land.

Meer as ooit is dit nodig dat die kerk sal reformeer volgens die oorspronklike plan van God, sodat ons nie net God as Sy kinders sal verteenwoordig nie, maar ook as Sy heersers.

Oor die vraag oor hoe lyk 'n gesonde gemeente, moet ons gaan kyk na wat God se voorskrifte en verwagtinge is van 'n gesonde gemeente.

Vanuit die apostoliese reformerende kerkbeskouing perspektief, geld die volgende waardes en beginsels.

Die Christusentriese karakter van die Kerk is 'n absolute grondbeginsel waaruit alles waarmee die kerk besig is voortvloei. Dis immers 'n apostoliese fokus punt van die vroeër apostels. (1 Korintiërs 2:2; 2 Korintiërs 11:2; Romeine 8:29; Galasiërs 4:19; Kolossense 1:28; Efesiërs 3:8; 4:13; 2 Petrus 1:8) Dit veronderstel dat ons Jesus se lewe, prediking en voorbeeld verstaan en ken en in alles wat ons doen, vanuit Hom en in Hom ons bestaan voer. *want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons.* (Handelinge 17:28) Die toets is dan sekerlik op die einde of Sy eienskappe en lewe in ons as kerk raakgesien kan word prakties. Dit is dan die doel van elke aktiwiteit in die gemeente, om mense in 'n nouer en meer intieme verhouding met Christus te stel en mense te dissipel om meer soos Jesus op tree, te praat en te leef!

Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. (Efesiërs 2:20) Die volgende kern waarde is die apostoliese en profetiese karakter van die Kerk. As Jesus die hoeksteen is soos in die bogenoemde punt duidelik gestel is, wat kom volgende? Daar is baie groeperinge en gemeentes in die liggaam van Christus maar dit beteken nie hulle is volwaardig kerk nie. Onthou Jesus stel dit duidelik dat "op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." (Matteus 16:18) Die rots na wie hier verwys word is Petrus. Dis tog baie duidelik uit die sinskonstruksie, en die feit dat Petrus se naam rots beteken. En dit is dan ook Petrus wat op Pinksterdag die Woord verkondig en die eerste dissipels na die Here toe lei, en laat doop, en as te ware die eerste gemeente stig. Met ander woorde; 'n apostel (gestuurde) van die Here het met 'n mandaat van God af die gemeente gestig in oorleg en vanuit die werk van die Heilige Gees en die vervulling van 'n profetiese woord. Kerkplanting is dus iets geestelik en bonatuurlik, dit is God wat dit inisieer. Jesus sê tog duidelik in bovermelde skrifgedeelte; "Ek sal my kerk bou" Hoe doen God dit? Hoe inisieer God 'n gemeente? Deur apostels wat die werk fisies doen, en 'n profetiese woord vervul. Die profetiese woord is belangrik want soos die Woord verklaar; *Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie.* (Amos 3:7) Dis hoekom Paulus verduidelik dat die Kerk gebou is op die fondament van die apostels en profete. Want net soos Jesus niks gedoen het sonder dat die Vader dit nie vir Hom gesê het nie, en in alles wat hy mee besig was die Woord van die profete vervul het, so is die kerk geroep om nie maar net 'n groep mense bymekaar te wees nie, maar God se wil te vervul in die

²⁵ It takes a church to raise a village, Dr Marva L. Mitchell, 2001, Treasure house.

aarde. “Laat u Koninkryk kom hier op aarde net soos in die hemel” As ons dit maar net verstaan het, dat die akkuraatheid van die Kerk as liggaam van Christus ontsettend belangrik is in God se raadsplan met die aarde en sy mense! Sou die wêreld nie gelyk het soos wat dit vandag lyk nie. Want ons moet erken dat daar letterlik miljoene mense is wat nog nooit die evangelie gehoor het nie, maar daar is nog meer mense wat dit gehoor het maar afgesit is as gevolg van ’n kerk of persoon wat die kerk moes verteenwoordig se valsheid en misrekenende identiteit. As dit waar is dat 78% van Suid –Afikaanse burgers Christene is, hoekom is daar so ’n hoë misdaad, verkragting, egskeding syfer? Omdat die kerk nie akkuraat is nie!

Dit bring my by die volgende punt. Daar is nie so iets soos, register of onaktiewe lidmate in die Kerk van Christus nie. Jy kan alleenlik deel wees van Sy liggaam deur wedergeboorte deelagtig te word. Ons woord vir kerk kom van die Griekse woord “Kuriakon” wat beteken “die wat aan God behoort” maar volgens die Smith Bybelse Woordeboek dink hy dat die woord eerder van die Latynse woord “Kirk” vandaan wat “Sirkus” beteken, of in ’n ring sit.²⁶ Hierdie onderskeid is vir my belangrik omdat kerk oor die tyd gemigreer het van die plek waar lidmate “ekklesia – die wat uit geroep is”, tot ’n plek waar lidmate toeskouers geword het soos by ’n sirkus. Ekklesia beteken bloot samekoms of vergadering, dit wil sê waar elkeen betrokke is en saam deel vorm van die geheel. “*want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.*” (Matteus 18:20)

Die kerk as vorm moet verstaan word vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief, waar God se Gees nie meer woon in geboue met hande gebou nie. Vanaf die tyd van die profete het God al verklaar dat Hy na iets beter soek. Hy wil in ons woon. *So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete. Hoe moet die huis dan wees wat julle vir My bou, die plek waar Ek kan woon? Ek het alles gemaak en so het alles ontstaan, sê die Here. Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord.* (Jesaja 66:1-2) In Christus met die gepaardgaande vervulling van die Heilige Gees, is hierdie begeerte van God vervul. (1 Korintiërs 3:16; 6:19 en 2 Korintiërs 6:16) Jesus self het ’n einde gemaak aan die ou verbond van ’n tempel gebou met mense hande. (Mateus 26:61; Markus 14:58; Johannes 2:18-21) Maar hierin is ook ’n diepe geheimenis in opgesluit. Wanneer jy die drie gedeeltes gaan lees waar Paulus sê ons is die tempel van die Heilige Gees, dan moet jy ook die konteks lees en sien dat hy in hierdie drie gedeeltes met drie gehore praat. In 1 Korintiërs 3:16 praat Paulus met die breë kerk of universele kerk en dat daar nie faksies in die kerk behoort te wees nie, die vir Paulus en daai vir Apollos. In die tweede gedeelte praat hy met die individu (1 Korintiërs 6:19) wat nie met ’n prostituut omgang moet hê en so die tempel van die Here verontreinig nie. In die laaste gedeelte praat Paulus met die lidmate van die lokale gemeente in Korinte wat nie hulleself moet verontreinig met valse gode en saam met ongelowiges in die selfde juk trek nie. Hierdie onderskeid is belangrik want dit is juis op hierdie punt waar daar al baie skade in die koninkryk van God aangerig is. Elke persoon wat in Christus Jesus gewederbaar is ’n tempel van die Heilige Gees en moet dienooreenkomstig leef en handel. Maar jy kan nie waarlik as ’n tempel voortbestaan sonder die ondersteuning en deelname aan ’n lokale gemeente nie. Die gemeente in die lokaliteit is ’n belangrike element in die oprigting en groei van elke individu in Christus. Daarteenoor kan die lokale gemeente nie hulleself losmaak van die groter geheel van die kerk van Jesus Christus nie. Hierdie drie aspekte van kerk hoort in balans en in samewerking en respek met mekaar voort te bestaan, want die een kan nie sonder die ander nie.

Die kwessie van liggaam wees teenoor bloot ’n klub te wees wat op Sondag bymekaar kom, is ’n wesenlik punt rondom God se begeerte van wat kerk moet wees. Paulus skryf ’n lang verduideliking in Romeine 12 en in 1 Korintiërs 12 oor hoe die kerk as liggaam bestaan, en elke deel ’n funksie het in die groter geheel. Daar is seker nie ’n predikant wat nie hierdie ideaal begeer en hulleself vir dit probeer beywer nie. Maar die realiteit is dat in die meeste gemeentes is daar ’n groot aantal besoekers en bywoners, en net ’n handjie vol wat die werk doen. Wat doen ons dan verkeerd? Ek dink dat ’n groot deel van die probleem lê by hoe ons mense bemagtig en mobiliseer in hulle gawe en bediening. Hoe die struktuur van die gemeente saam gestel is, en hoe aktiwiteite en bediening beheer word. Soos vroeër verduidelik glo ons nie in ’n kerkstruktuur wat soos ’n piramide gestruktureer is nie. Maar sien die gemeente en sy mense soos ’n reeks planete in ’n sonnestelsel wat elkeen in sy wentelbaan beweeg en in harmonie met mekaar handel volgens die krag van God wat ons intrek na Hom toe en dan uit stoot na die wêreld toe. Hierdie wisselwerking in elke gelowige

²⁶Smith, W. (1997). Smith's Bible dictionary. Nashville: Thomas Nelson.

inwaarts na God in dieper intimiteit en uitwaarts na die wêreld is God se orde van perfekte balans en groei. Omdat elke lidmaat die leier ingesluit aan hierdie orde en funksionering afhanklik is bring dit onsettende positiewe groei by elke gelowige.

Die volgende aspek vloei hieruit voort. Die vyf bedieninge wat deur Paulus in Efesiërs beskryf word as die rede vir volwassenheid en groei in die gemeente. 'n Huis is nie volledig alvorens al die elemente wat 'n huis moet hê in plek is nie. 'n Goeie fondament, mure, vensters, deure en 'n dak is die basiese elemente van 'n huis. So is die Kerk van die Here Jesus Christus nie sommer maar net 'n klomp mense bymekaar nie. Paulus vergelyk die kerk met 'n menslike liggaam waar elke deel belangrik is en ook 'n verskillende funksie het.

Paulus verduidelik aan die gemeente in Efese hoe 'n kerk funksioneer en dat elke lid toegerus moet word deur vyf verskillende bedieninge en gawes wat God vir die Kerk gegee het om optimale groei en funksionaliteit te verseker. Hierdie vyf bedieninge is: apostel, profeet, evangelis, herder en leraar. Elkeen is uniek met 'n verkillende fokus en modus operandi van hoe hulle die liggaam tot diens is. Deurdadig ons hierdie bedieninge erken en herken in die wat God gestuur en opgerig het, word ons volledig toegerus tot die dienswerk waartoe God elke gelowige geroep het.

As die Ou Testamentiese tempel volgens 'n sekere model en plan gebou moes word, (Hebreërs 8:5) is daar dan nie ook, 'n Nuwe Testamentiese model waarvolgens gehandel moet word nie? Ek dink ons kan sover duidelik die huis begin sien soos God dit sien, die hoeksteen, die fondament, die mure en die dak. Nou gaan ons kyk na die huishouding van God en die protokol in die huis van God.

Natuurlike Groei en ontwikkeling. Hierdie is vir ons 'n wesenlike punt omdat daar tans in die kerke wêreld klem gelê word op kerkgroei en kerkgroei tegnieke. Ons glo elke gemeente wat God plant is soos 'n boom wat geplant word, en word die groeipotensiaal van daardie boom deur die spesifikasies van watter soort boom dit is bepaal. Ons kan nie een stel tegnieke hê en dit op elke gemeente afdruk nie. Alhoewel die basiese struktuur en fondasie dieselfde behoort te wees, kan die dekor verskil. *Verder het Hy gesê: "Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei—hóé weet hy self nie. Vanself bring die aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die vol koringaar. En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is."* (Markus 4:26-29) Die groei van die gemeente kan volgens die skrifgedeelte verstaan word, dat groei iets natuurlik behoort te wees. As God immers nie die kerk bou nie bou die bouers verniet. (Psalm 127:1) Daarom voel ons dat moderne motiverings tegnieke futiel en onnodig is as dit wat ons doen deur God geïnisieer is. Natuurlik kondig ons dinge af en gebruik moderne media om mense op hoogte te hou van wat ons doen en mee besig is, maar ons wil die dinge probeer dryf nie. Mense moet nie voel dat hulle slawe is van die kerk en sy leierskap nie. Ons dien later die kerk en nie meer die Here nie. Daarom is die apostoliese en profetiese karakter van die kerk weer belangrik, want die lidmaat behoort 'n weerklank in sy eie gees te voel dat dit wat aangepak word werklik van die Here is, en deur Hom geïnisieer is.

Die kwessie van beheer is nou te sprake. Ons wil werklik ervaar dat daar 'n onsigbare hand dinge bewerk en laat gebeur. 'n Liggaam is mos nie 'n dooie gebou nie, maar 'n lewende organisme. Hierdie aspek is belangrik in ons kerkbeskouing want alleen kan ons nooit alles reël en organiseer nie, maar saam vorm ons die geheel en word die genialiteit van God sigbaar in ons midde. Of die eer en erkenning kom 'n baie goeie administrateur en organiseerder toe, of die Here! Dit beteken nie dat ons nie dinge reël en organiseer nie, maar ons doen ons beste en dan gee ons dit aan die Here oor, dat Hy dit perfek sal maak. Dit impliseer dat elke lidmaat in 'n intieme verhouding met die Here leef, en Sy stem kan onderskei en gehoorsaam. Verder is daar 'n wedersydse onderdanigheid aan mekaar en respek en erkenning van mekaar se bydrae en spesialiteit. So 'n wisselwerking in 'n gemeente kan alleenlik verkry word waar daar gereeld oor selfverloëning gepreek en geleer word, en waar mense hulle posisies, ambisies, regte en drome kom neerlê het om deel te wees van 'n groter geheel. In so 'n gemeente is daar 'n klimaat en kultuur van diensbaarheid en nederigheid, sagtheid en ootmoed voor God en mekaar.

In (Hand 2:42) lees ons 'n samevatting van die primêre aktiwiteite van die vroeë Kerk. *En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.*

Ons wil in hierdie gemeente hoofsaaklik op hierdie aspekte van kerk konsentreer.

1. Opleiding, lering, onderrig, instruksie, korreksie en dissipelskap.
2. Huisgroepe, familie van gelowiges, omgee, mededeelsaamheid, toewyding en verantwoordbaarheid.

3. Versoening, genesing, bevryding en verlossing.
4. Gebed in al sy vorme, eerstens persoonlik, tweedens die gemeente en dan die gemeenskap.

LOFPRYING EN AANBIDDING

Nadat Dawid se eerste poging om die Ark terug te bring na Jerusalem misluk het omdat hy nie die voorskrif wat God neergelê nagekom het nie, maak Dawid groot voorsorg en stel verskeie families aan om hulle lewe te wy aan die ontwikkeling van lofprijsing en aanbidding soos God dit verlang. (2 Sam 6) So het Saul ook 'n duur les geleer, toe hy probeer het om met offerhande sy ongehoorsaamheid te verbloem. God vra bo alles gehoorsaamheid. (1 Sam 15:22-23)

Want omdat julle in die begin nie by was nie, het die Here onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie. (1 Kron 15:13) Dit is dan ons doel om die skrif te ondersoek en presies soos die woord vir ons voorskryf God te aanbid met ons hele hart, krag en verstand. As gevolg van kulturele invloede en humanisme het aanbidding in die kerk vervreemd geraak met die voorskrifte en voorbeelde wat die Bybel leer. Ons wil dus ons eie opinies en idees neerlê en soos kinders word sodat die Heilige Gees ons kan leer deur die Woord hoe ons God moet aanbid in Gees en in Waarheid. Ons doel is om in gehoorsaamheid aan God toe te laat dat Hy die vervalte hut en model van aanbidding wat deur Dawid opgerig is te herbou in ons midde. *Daarna sal Ek terugkom en die vervalte hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.* (Hand 15:16-17)

Bono die bekende popgroep U2 se hoofsanger wat 'n belydende Christen is; sê dat alle musiek 'n vorm van aanbidding is. Die een persoon aanbid sy verlore liefde, of 'n plek, of 'n persoon ens. ens. Wanneer ons dan dans en saam hande klap op die ritme van 'n mooi liedjie waarvan ons hou is ons besig met 'n vorm van aanbidding. Wanneer ons egter God moet aanbid dan is ons geïnhibeerd en voel ons ongemaklik. Die hoofrede is omdat die kerk wat ons moet voorgaan in voorbeeld en ons moet leer om God te aanbid volgens Sy voorskrifte lankal die pad byster geraak het en verval het in dooie formalisme wat nie ooreenstem met die Woord nie. Diegene wat die Here wil loof volgens die Woord is dus altyd in die minderheid omdat die norm in die breër kerk nie ooreenstem met die norm van die Woord nie.

Individuele aanbidding:

Toe buig die man hom neer en aanbid die Here (Ge 24:26)

En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan, en dan spreek Hy met Moses. En as die hele volk die wolkkolom sien staan by die ingang van die tent, staan die hele volk op en buig, elkeen aan die ingang van sy tent. Dan spreek die Here met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek. (Ek 33:9-34:8)

Korporatiewe aanbidding:

Daarna het Dawid aan die hele vergadering gesê: Loof nou die Here julle God. Toe het die hele vergadering die Here, die God van hulle vaders, geloof; en hulle het gebuig en voor die Here en voor die koning neergeval. (1 Kr 29:20)

Verskillende posture in aanbidding.

Hande Klap – Ps 47:2; Jes 55:12

Sing 'n nuwe Lied – Ps 96:2; Ps 33:3; Ps 149:1

Juig, toejuig, uitroep – Esra 3:11; Ps 95:1-2

Sang – Ps 100:4; Ps 101:1; Ps 105:2

Op jou aangesig lê – Gen 17:3

Knief en neerbuig – Ps 95:6; Esra 9:5; Efe 3:14

Staan – Gen 18:22

Ophef van hande – Ps 63:5; 1 Tim 2:8; 1 Kon 8:54

Dans – Exo 15:20; 2 Sam 6:14; Ps 149:3; Ps 150:4

Antifonies – (Weerklink, ego) Ps 107; 136; Neh 12:31, 40-42

Verskillende Hebreeuse en Griekse woord verklarings

Samach	to brighten up, be gleesome, cheer up, to be glad (Deut 16:13)
Süws	to be bright, cheerful, to be glad (Ps 40:16)
Sâmeach	blithe or gleeful, glad, joyful (Ps 96:11)
Ranan	to creak or emit a sound, i.e. to shout joyfully (Ps 98:4)
Simchâh	blithesome, exceeding gladness, pleasure (Jer 31:13)
Güwl	to spin around under the influence of violent emotion (Ps 89:15-16)
Âlat	to jump for joy (Ps 9:2)
Alal	to leap for joy, wave joyously (Job 20:18)
Giyl	joy exceeding, gladness greatly (Ps 32:11)
âlaz	to jump for joy (Ps 68 :4)
Sâchaq	to laugh in pleasure, to play, make merry (Prov 31:25)
Mâsôws	delight (Is 8:6)
Alliyz	to jump for joy (Is 13:3)
Chairo	be cheerful, happy (Matt 5:12 - in persecution; Phil 3:1)
Sugchairo	to rejoice with (Luke 15:6, I Cor 12:26)
Agalliao	to jump for joy (Jn 5 :25, I Pet 1: 6-8)
Euprano	to put in a good frame of mind (Rom 15:10, Gal 4:27)
Kauchamaômai	to vaunt, to boast (Rom 5:2, Phil 3:3)
Kauchesis	boasting whereof I may glory (II Cor 1: 12, I Thess 2:19)

Lofprysing in die NT

Jesus het die Vader geprys – Luk 10:21 In dieselfde uur het Jesus Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit u welbehae. (Lu 10:21) Agalliao = Om te spring, om in die lug te spring van blydskap, ekstasies en uitermatig bly en vol vreugde.

en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus. (Ef 5:19-20) Psalms = skrifgefundeerde melodieë uit die hart met begeleiding van 'n musiek instrument. 'n Deuntjie wat jy sal onthou. "op die wysie van..." Gesang = 'n uitgewerkte musikale verwerking van 'n lering, poësie, lofsang. Geestelike liedere = om spontaan uit jou hart woorde en melodieë van lof aan god te sing. (Ook Kol 3:16)

Mat 21:8-9 Jesus ry Jerusalem binne op 'n donkie terwyl die mense Hosannas sing en palm takke en klere voor Hom uit drapeer. 'n goeie voorbeeld van profetiese uitbeelding en interpretasie in Lofprysing. Hosanna = "ons bid red ons" die was 'n uitroep vir verlossing en redding. v15 ook die kinders in die tempel het uitgeroep en Hom geprys.

HOE staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied. (1 Kor 14:26)

En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. (Han 16:25)

Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. (Jak 5:13)

For we are the circumcision, who worship God in the Spirit, rejoice in Christ Jesus, and have no confidence in the flesh, (Fil 3:3)

Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing. (1 Kor 14:15)

God juig oor ons.

Die Here jou God is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydschap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel. (Sef 3:17) Suws = om bly te wees, vreugdevol, verblydend, vrolik en opgeruimd. Rinnah = jubel, 'n skril geluid, van blydschap of rou, uitroep van vreugde en blydschap, proklameer.

Intersessie en aanbidding.

Ek sal aan hulle vreugde gee in my huis van gebed, hulle brandoffers, hulle offers op my altaar sal vir My aanneemlik wees, want my tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed (tephillah) vir al die volke. (Je 56:7) Tephillah is 'n gesang wat as 'n gebed aan God gesing word. Die Bybel is vol voorbeelde van hierdie tipe gesange. Ps 7, 9, 10, 11, 17, 55, 57, 70. So is ook ons klaagliedere en versoeke aan God gesing. Ps 22, 94, 102, 109, 140. Verder is mense bemoedig en versterk deur sang. Ps 66, 100, 103, 113, 114, 150.

Profeteer deur musiek.

Dawid en die amptenare in beheer het die seuns van Asaf, Heman en Jedutun vir 'n besondere diens afgesonder. Hulle was mense wat onder begeleiding van liere, harpe en simbele as profete opgetree het. Hier volg besonderhede oor die manne wat 'n funksie gehad het in hierdie diens. (1 Kr 25:1)

Moreover David and the captains of the host set apart for the service certain of the sons of Asaph, and of Heman, and of Jeduthun, who should prophesy with harps, with psalteries, and with cymbals: and the number of them that did the work according to their service was: (1 Chro 25:1)

Hoor dit, alle volke, luister, alle bewoners van die wêreld, geringes sowel as aansienlikes, tesame ryk en arm! My mond sal louter wysheid spreek, en die oordenking van my hart is net verstand. (Ps 49:2-4) My mouth shall speak wisdom, And the meditation of my heart shall give understanding. I will incline my ear to a proverb; I will disclose my dark saying on the harp. (Ps 49:2-4)

Skryf dan nou vir julle hierdie lied op, en leer dit aan die kinders van Israel; lê dit in hulle mond, dat hierdie lied vir My 'n getuie teen die kinders van Israel kan wees. (De 31:19)

Maar bring nou vir my 'n sitterspeler. En toe die sitterspeler op die snare speel, het die hand van die Here op hom gekom, (2 Ko 3:15)

Then Hezekiah commanded them to offer the burnt offering on the altar. And when the burnt offering began, the song of the Lord also began, with the trumpets and with the instruments of David king of Israel. (2 Kr 29:27)